# AFDELING 1 : SAGES

1

# 1.1 DIE PUK IN TYE VAN OORLOG

## 1.1.1 PROLOOG

Die PUK het in sy bestaan van ongeveer 130 jaar vier oorloë deurleef en oorleef.

In sy embriofase, as Literariese Departement van die Teologiese Skool vanaf 1876-77, het die uitmergelende driejarige **Anglo-Boereoorlog** tydens die voorlaaste eeuwending diep merke uitgekerf. Die personeel en studente van hierdie inrigting te Burgersdorp, dáár in die verre noordooste van die Kaapkolonie, was sowel skeppers as produk van die Afrikaner-nasionalisme wat teen die laaste kwart van die negentiende eeu soos 'n vloedgolf oor Suidelike Afrika gespoel en sodoende in 'n dodelike botsing gekom het met die immerkruipende Britse imperialisme, wat sy kloue diep in die Suider-Afrikaanse bodem ingeslaan het. **(Kyk *Wonderdaad* ...!, pp 64-67)**

Die **Eerste Wêreldoorlog** was, in 'n sekere sin vir sover dit Suid-Afrika betref, bloot 'n voortsetting van die Anglo-Boereoorlog. Herinneringe aan die verlies van die eertydse Boererepublieke se onafhanklikheid het nog vlak gelê en is verder beklemtoon deur die politieke verdeeldheid in die land. Enersyds was daar die "vergewe en vergeet"-politiek van generaals Louis Botha en JC Smuts, wat toenadering tussen die Afrikaanssprekende en Engelssprekende dele van die bevolking gepredik het; met daarteenoor die "Suid-Afrika Eerste" en "tweestroom"-beleid van generaal JBM Hertzog en sy volgelinge, wat in sy diepste wese 'n versetbeweging teen dreigende verengelsing was.

Die konsiliasiepolitiek, gerugsteun deur groot toegewendheid vanuit Downingstraat, lei tot eenwording van die voormalige Boererepublieke en Britse kolonies in 1910, maar op die Potchefstroomse Bult – soos by talle ander Afrikaners – was daar bedenkinge oor die diepgang en motiewe van die eenheidstrewe en oor die voortbestaan van Afrikaans en die Afrikaner in dié bedeling. Totius laat dié sentiment sterk deurkom in gedigte soos "Unielied" en "Vergewe en vergeet", terwyl die Teologiese Skool met dosente en studente nie deel in die feesvieringe tydens Uniewording nie.

Met die breuk tussen generaals Louis Botha en JBM Hertzog in 1912 en die daaruit voortvloeiende stigting van die Nasionale Party in 1914, skaar die Potchefstromers hulle feitlik vierkantig agter laasgenoemde party, met Hertzog aan die spits. Professore APC Duvenage en Jan Kamp bevind hulle onder die stigterslede van die nuwe party.

Toe die Botha-regering gevolglik in 1914 amper halsoorkop aan Engeland se kant in die Europese oorlog induik en onderneem om die Duitsbeheerde Suidwes-Afrika militêr te beset, was dit vir hierdie deel van die Suid-Afrikaanse samelewing net te dik vir 'n daalder, en word die "PUK", nog steeds in die kleed van die Literariese Departement maar nou vinnig op pad om 'n eie identiteit te verkry, op verskeie maniere ook by hierdie oorlog betrek. **(Kyk *Wonderdaad* ...!, afd 1.5.6. en 1.6.9)**

Ná die Eerste Wêreldoorlog, en begeester deur die ideale van die pasgestigte Volkerebond, kry die vryheidstrewe van die Nasionaalgesinde Afrikanerdom skerp momentum en ontwikkel dit in 'n sterk politieke dryfveer na soewereine onafhanklikheid, los van Britse beïnvloeding en gesag, met PUK-dosente en studente as ywerige ondersteuners en bevorderaars van hierdie beleidsrigting. Die reg tot neutraliteit in 'n toekomstige oorlog word verhef tot een van die simbole van dié onafhanklikheidstrewe – en toe die Unieparlement op 4 September 1939 'n neutraliteitsmosie van premier JBM Hertzog verwerp en onder leiding van generaal JC Smuts tot die **Tweede Wêreldoorlog** toetree, was die vet weer in die plaaslike vuur en figureer personeel en studente heel prominent in die "storm-en-drang" tydperk wat die Suid-Afrikaanse politiek en samelewing dwarsdeur die oorlogsjare sou beleef. **(Kyk *Wonderdaad* ...!, hfst 4.1, 4.2 en 4.3)**

Maar intussen het dit wat by verskeie politieke geleenthede in die verlede as "die Swart Gevaar" voorgehou is en in PUK-geledere erken is as "die grootste probleem in ons land", werklikheid geword en wel in die vorm van groeiende georganiseerde teenkanting teen die volkerebeleid van die regering, populêr aangedui as "apartheid". Die stryd teen apartheid is van binne die land maar ook vanuit buurlande en vanuit die raadsale van die VVO en sy lidlande gevoer. Dit het die Nasionale regering grootliks geïsoleer en onvermydelik in 'n nuwe, onkonvensionele "oorlog" om oorlewing betrek. Aan die begin was hierdie stryd deel van die internasionale "koue oorlog" waar die kommunisme as groot bedreiging vir wêreldvrede en gevolglik ook vir vrede in Suid-Afrika aangeslaan is. Later het dit die karakter van 'n guerilla-stryd, 'n "**bosoorlog**", aangeneem.

En hoewel daar in hierdie era verskeie "afwykende" stemme vanuit PUK-geledere gehoor is (hou in gedagte die opskudding tydens die sogenaamde "professorale rebellie" teen die einde van die vyftigerjare, met proff. LJ du Plessis, DW Krüger en JH Coetzee as rolspelers, asook die "gewete"-stemmetjies van dosent Johan van der Vyver en verskeie studentegroeperinge soos Koinonia en andere), was die PUK in die algemeen steeds lojaal, was die regering se stryd grootliks hulle stryd en is daar ywerig saamgeveg. Vir die PUK was dit 'n kwessie "dat die toekoms vir beide rasse in Suid-Afrika verseker sal wees." **(Kyk *Wonderdaad* ...!, hfst 4.4)** Kortliks dan, enkele fasette van die PUK se betrokkenheid in hierdie oorloë.

# 1.1.2 ANGLO-BOEREOORLOG: IN GRAFTE, IN TRONKE EN IN BALLINGSKAP



*Calman Cachet … "een buitengewoon dapper en verstandige krijgsman".*

Willem de Klerk, een van die senior studente by die uitbreek van die oorlog, vat die situasie kort en kragtig saam: "Die engelse oorlog het uitgebreek, waarop studente uit die O.V.S. en Transvaal na hulle wonings vertrek het om hulle burgerpligte te vervul. Ons wat agtergebly het, het in die gees met hulle saamgegaan." En daar was geen onduidelikheid oor waar die agterblywendes se simpatie in die gewapende stryd gelê het nie. As veldpredikers en as lede van 'n spesiale ambulanskorps het dosente en studente hul teenwoordigheid in die gewapende stryd laat voel.

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het sy merke duidelik en diep gelaat op die Teologiese Skool met sy ontwikkelende Literariese Departement, die voorloper van die latere universiteit.

Nie alleen het die oorlog die werksaamhede van die Teologiese Skool grootliks lamgelê nie, maar het dit ook individue verbonde aan die inrigting aan eie lyf getref: sommiges het in die tronk beland, andere in konsentrasiekampe, hier en in bannelingkolonies oorsee. Nog andere moes, uit vrees vir gevangeneming as "rebelle", hul tyd in vreemde lande verwyl. Enkeles het in die gewapende stryd die hoogste tol betaal …

## 1.1.2.1 In grafte: Gloria Victis

Drie studente en twee oudstudente van die Teologiese Skool/Literariese Departement het in die Anglo-Boereoorlog gesneuwel. Die drie studente was


- Johannes Abraham Venter (20) van Bethulie, wat vroeg in Maart 1900 by die Bethuliebrug oor die Oranjerivier gesneuwel het;
- Jan Christoffel Kruger (23) van Burgersdorp, wat vroeg in Junie 1901 op die plaas Ruigtevlei naby Steynsburg in 'n skermutseling dood is, en
- Jacob Philip Maré (23) van Middelburg, Transvaal, wat te Elandspruit gewond is en in Februarie 1902 aan sy wonde gesterf het.

Die twee oudstudente was Karel Coetzee en Calman Cachet. Laasgenoemde was die seun van rektor Jan Lion Cachet.

Calman se dood is in fyn besonderhede beskryf deur JLP Erasmus, wat langs hom was toe hy gewond is. Dit was in 'n briefie aan prof. Cachet in Januarie 1903 waarin hy ook 'n laaste getuigskrif van sy gestorwe seun aan die diep beproefde vader gee: "Omtrent zijne populariteit wensch ik slechts dit te zeggen dat hy algemeen deur ons bemind werd. Ter eere van hem moet gezegd worden dat hij een buitengewoon dapper en verstandige krijgsman was."

*Die ander vier gesneuwelde studente en oudstudente: Japie Maré, Jan Kruger, Johannes Venter en Karel Coetzee (oudstudent).*










*By die Gloria Victis monument: Tydens die herdenking van die Groot trek in 1938 is die gesneuweldes in die Anglo-Boereoorlog onthou …*



'n Eensame klipstapel te Ruiterskraal in die Steynsburgdistrik bedek die stoflike oorskot van hierdie jong held wat sy lewe vir 'n saak gegee het. By die Teologiese Skool te Potchefstroom getuig die marmermonument Gloria Victis "dat de Theol. School [en dus ook die PUK] die haar ontstaan te danke heeft aan een deel der Afrik[aansche] bevolking, den bodem des Vaderlands gedrenkt heeft met het levensbloed harer eigen leerlingen".

Dié monument, sê Ferdinand Postma by die onthulling daarvan, sal 'n talisman wees wat vloek of seën sal uitspreek as die volk dié gestorwenes ooit vergeet.

## 1.1.2.2 In tronke



*Prof. Jan Lion Cachet … getraumatiseer deur gevangeneming, aanhouding op klag van hoogverraad en dood van sy seun op die slagveld.*

Die eerbiedwaardige, gryse rektor van die Teologiese Skool, prof. Jan Lion Cachet, het self in die tronk op Burgersdorp beland op aanklag van hoogverraad. Hy sou dan, volgens sy Afrikaanssprekende aanklaers, in preke en met besoeke simpatie met die saak van die Boere getoon en dusdoende hoogverraad gepleeg het. Hy bring ses weke agter tralies deur, word toe op borgtog van £2 000 vrygelaat en tydens die volgende hofsitting vrygespreek. Ook twee kuratore van die Teologiese Skool, di PW Vorster en WJ Snijman, het dieselfde lot getref. Ook in hulle gevalle was die bewyslewering te swak en is hulle mettertyd vrygespreek.

Teologiese student Willem de Klerk, wat op die vooraand van die oorlog prominent was as kampvegter vir die saak van die twee Boererepublieke, het ook saam met 'n aantal boere in die distrik op aanklag van hoogverraad agter die tralies beland. Na byna vier maande is hy op borgtog (£5 000!) vrygelaat en kon hy sy studies voortsit. 'n Tyd later is hy uit die plaaslike gemeenskap verwyder en moes hy meer as ses maande in 'n soort van huisarres te King Williamstown deurbring. Kort voor vredesluiting in Mei 1902 is hy toegelaat om na Burgersdorp terug te keer.



*Student Willem J de Klerk … eers in tronk, toe uit die plaaslike gemeenskap verwyder en in "huisarres" te Kingwilliamstown gevestig.*

Oor die paar maande in die tronk onthou hy jare later: "Met sonsondergang word ons opgesluit in die selle. Van aandgodsdiens met Skriflesing was daar g'n sprake nie. Die enigste oplossing was dat die voorganger 'n teks neem, 'n kort verklaring ten beste gee en dan afsluit met gebed. Nooit sal ek vergeet hoe die ou vader, oom Jan Jonas, uitgemunt het onder die broeders as hy voorgaan; vol oorspronklike gedagtes, passend by die omstandighede waaronder ons verkeer het … Ernstig kon hy bid: 'Here, stuur tog 'n skrik onder die Engelse dat hulle terugvlug na hul land toe.'"

De Klerk se naam sou later in die PUK annale verewig word as eerste registrateur van die universiteitskollege wat uit die Literariese Departement gegroei het. Sy seun Jan sowel as kleinseuns Willem J en FW sou ook besondere bande met die PUK hê. Jan was op sy dag in die laat twintigerjare SVR-voorsitter en in sy latere lewe kanselier; Willem was ook SR-voorsitter en het later as professor diens gedoen. FW, op sy beurt, was ondervoorsitter van die SR, het 'n professoraat van die hand gewys om hom tot die politiek te begewe, en sou nog later as kanselier van die PUK dien.

### 1.1.2.3 Uitgewekenes en in ballingskap

'n Twaalftal ander studente van die Teologiese Skool, wat aan die militêre stryd deelgeneem het, is ná gevangeneming in krygsgevangekampe plaaslik of oorsee aangehou.

Dirk Postma, wat sy krygsgevangeneskap op 'n klein eiland in Bermuda moes deurbring, het as onderwyser en prediker in die kamp opgetree en steeds sy studies voortgesit, sover dit moontlik was.

Daar was ook 'n ander kategorie ballinge, naamlik diegene wat op eie stoom en as voorsorg teen gevangeneming en moontlike doodstraf (as Kaapse rebelle), betyds die wyk geneem het.

Uitgewekenes, soos die latere modewoord dit wou hê.

Twee van hierdie uitgewekenes was JD (Japie) du Toit en Ferdinand Postma, twee manne wie se name vorentoe met goue letters in die annale van die PUK geskryf sou word.

Du Toit, die skraal en tengerige mannetjie wat eers myningenieur wou word, was die seun van die bekende maar dikwels ook omstrede ds. SJ du Toit;  hy het van jongs af al, soos sy pa, 'n passie vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans gehad en met sy digterlike talent die prys en titel as "onze dichter" aan die Teologiese Skool ingepalm.

Na afhandeling van sy studies in Junie 1899 het die jong Du Toit as reisende prediker in Transvaal opgetree.  Met die uitbreek van die oorlog op 12 Oktober 1899 bevind Du Toit hom met 'n Mauser en 200 patrone in 'n trein vol Transvalers op pad na die oorlogsfront in Natal – maar hy's 'n geregistreerde burger van die Kaapkolonie, 'n Britse onderdaan … dus 'n rebel!  Op pad front toe kom 'n laaste brief van sy pa, met die dringende beroep om die oorlogstoneel te verlaat.  Maar tevergeefs …


Vir 64 dae lank sou die jong Du Toit die oorlogsgeweld aan eie lyf ervaar, doen hy grootliks ambulansdiens en tree ook as veldprediker op.  Op 'n stadium sluit hy by die Potchefstroomse kommando aan, bevind hom vroeg in Desember 1900 in die epiese slag van Magersfontein en word hierna deur 'n ernstige maagaandoening verplig om die oorlogstoneel te verlaat.  Vir 'n tyd lank dool hy van kommando na kommando rond; eers in Bloemfontein, maar toe die wêreld daar te warm word, wyk hy uit na Pretoria, waar hy waardevolle hulpdiens as prediker verrig vir ds. Petrus Postma.

Die Britse opmars na Pretoria het tot gevolg dat 'n klein kontingent Kaapse rebelle, waaronder ook Du Toit, op 21 Mei 1900 per skip vanuit Lourenco Marques na Holland verkas het. Ondersteuners en bewonderaars van die jong predikant het vir hom 'n eersteklas reiskaartjie en 'n studiebeurs by die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) beding, sodat hy sy gekoesterde ideaal – studie vir die doktorsgraad in Nederland – kon gaan verwesenlik. Die digter in hom bring hierdie grootse ervaring later onder woorde:

*"Toe het ek hierdie pad gegaan,*
*'n swerwer oor die oseaan,*
*'n vlugteling uit my vaderland,*
*en in my hart 'n plek wat brand."*

En só bevind Japie du Toit hom in Julie 1900 in Amsterdam en sou hy weldra met sy doktorale studies aan die Vrije Universiteit 'n aanvang neem.  Spoedig het ook sy studentemaat van Burgersdorp, Ferdinand Postma, hier by hom aangesluit.  Hier het medestudent Bernard Esser ook die latere beroemde digtersnaam "Totius" sy beslag laat kry, afgelei van die Latynse woord "totus-a-um", met genitief "totius" – in die betekenis van "geheel" of "van almal". Japie du Toit was mos nie verniet te Burgersdorp "onze hoofdichter" en "onze dichter" nie!

*Totius te velde, op die Natalse front – saam met TA Dönges.*



Ferdinand Postma het hom met die uitbreek van die oorlog in Johannesburg bevind, aan huis van sy pa, ds. Martinus Postma, wat vanaf 1897 aldaar predikant was. Op 31 Oktober 1899 het hy die eed van getrouheid aan die ZAR afgelê en 'n maand later verkry hy stemreg – alles met die oog daarop om nie as Kaapse rebel gereken te word nie. Soos talle medestudente, gaan hy ook op kommando en reis hy en studentemaat van Burgersdorp, Japie du Toit met dieselfde trein na die oorlogsfront.

Hy bevind hom in die hitte van die stryd te Ladysmith en Platrand en beleef die slag van Spioenkop, voordat hy ook weens 'n siektetoestand huiswaarts moet keer. Teen sy pa se wense in aanvaar hy 'n studiebeurs van die NZAV om sy studies aan die Vrije Universiteit in Amsterdam voort te sit. Dáár kruis sy paaie weer dié van Japie du Toit en word hulle kamermaats, boesemvriende en medebouers aan die ideaal van 'n vrye, Christelike universiteit.



*Japie du Toit hard saam met kamermaat Koos Pretorius in Amsterdam.*

Saam met ander Afrikaner uitgewekenes word Du Toit en Postma deel van die opset in "Afrikaansche Tehuis" of "Boerenhuis" te Heerengracht 143. Groot was die opwinding toe hierdie groepie Afrikaners in Desember 1900 by hul losieshuis vereer is met 'n besoek van president Paul Kruger, eweneens 'n banneling in die vreemde. By 'n latere geleentheid besoek hulle hom by sy tuiste in Hilversum, en in Februarie 1901 is Du Toit en Postma mede-ondertekenaars van 'n kleurvolle adres ten tye van die huweliksbevestiging van koningin Wilhelmina. Hulle identifiseer hulleself as "bannelingen in Nederland ... uit het Zuid-Afrika, dat nog vrij moeten worden".

Saam bewandel hulle saans die stille gragte van Amsterdam, peins hulle oor die benarde toestand van hulle volk en vra hulle hulleself af "wat gedoen moet word om ons volk in die toekoms weer op te hef", wat hulle te doen staan "as ons weer na die puinhope van die na-oorlogse Transvaal en Vrystaat teruggaan?". Totius stel dit later só: "Al redenerend kom ons toe tot die gevolgtrekking, dat Christelike hoër onderwys 'n magtige faktor sal wees om ons volk weer op die regte spoor te bring. Die Vrye Universiteit het ons proefondervindelik voor oë gestel wat 'n hoërskool vir die volkslewe beteken ..."

Du Toit is medeverantwoordelik vir Postma se kursusverandering, weg van die teologie af na die klassieke, met die oog op die uitbou van die literariese afdeling van die Teologiese Skool tot 'n soort Vrye Universiteit. Wat 'n belangrike kursusverandering was dit nie, as mens Ferdinand Postma se geweldige rol in die totstandkoming en ontwikkeling van die PUK in ag neem.

Inderdaad kan dus gesê word dat die Afrikaanse en Christelike karakter van die latere Potchefstroomse Universiteit(skollege) vir Christelike Hoër Onderwys dáár, in ballingskap en op die walle van die Amsterdamse gragte, beslag gekry het in die koesterende koelte van die Nederlandse volk en vorstehuis.

Hoe anders sou sake nie wees teen die volgende eeuwending nie. Die ondersteuning en simpatie van Nederland het soos mis voor die son verdwyn en ander ballinge met ideale direk in stryd met dié van Postma en Du Toit en die Afrikaners van destyds is nou op die hande gedra.





***Die sierlike huldigingsadres van Afrikaner bannelinge aan Koningin Wilhelmina by haar huweliksbevestiging. Koninklike Huisargief, Den Haag. Die aanhef tot die gelukwense luí só: "Wij, bannelingen in Nederland, het Vaderland der Vrijheid, onder de bescherming van den septer Uwer Majesteit, afstammelinge uit het Huis van den grooten Zwijger, den Vader des Vaderlands, en eerste kampioen van de vrijheid der consciëntie – wij uit het Zuid-Afrika dat nog vrij worden moet ..."***



van den penningmeester v/h Studiefonds voor Zuid Afrika
van één honderd tachtig gulden
2de kw. beurs
Amsterdam, den 1
180.-

Ferdinand Postma en medevlugtelinge soek 'n veilige hawe in Amsterdam: uittreksels uit korrespondensie.



Het Hoofdbestuur der
Ned. Z.-A. Vereeniging,

Weledele en Hooggeachte Heeren,

Daar ik mij thans te Amsterdam als vluchteling bevind, omdat ik als Koloniaal voor de zaak der Republieken streed, heb ik plan dadelijk mijn studiën alhier voort te zetten. Ik ben candidaat in de Theologie en hoop in den tijd van ± twee jaren te promoveeren alhier.

Ik wend mij daarom tot uwe Vereeniging met het beleefd verzoek om voor mij een pensioen uit het Studiefonds voor Afrikaansche studenten te willen beschikbaar stellen. Om mijne krachten wil ik gaarne toewijden aan Afrika's heil en vooruitgang.

Mij in uwe welwillendheid aanbevelende en hopende dat mijn verzoek uwe goedkeuring vinden zal, teeken ik, met alle hoogachting,

uw dw. dnr.

J.D. du Toit.

Amsterdam, 24 Julie 1900

# 1.1.3 EERSTE WêRELDOORLOG: VERSET EN WOELINGE OP DIE BULT

## 1.1.3.1 Verset teen oorlogsdeelname

Soos reeds gesien, het die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 en die Botha-bewind se entoesiastiese steun aan Engeland deur onder meer Suidwes-Afrika wat onder Duitse beheer was te beset 'n aansienlike deel van die Afrikaners die harnas in gejaag. Woordvoerders vanaf die Bult het die Suidwes-veldtog as onbybels veroordeel terwyl drie studente wat vir militêre diens opgeroep is uit beginseloorwegings geweier het en 'n tyd lank in Upington onder arres was en harde arbeid moes verrig. Vanweë hulle verbintenis met die Teologiese Skool het hulle deurentyd erge smaadhede moes ondergaan.






*Die drie "Shirkers" (dienspligontduikers) van die Teologiese Skool, wat toe tot harde arbeid op Upington gevonnis is: "Happy" van der Walt, Koot Pretorius en Frans Brits.*


Aan gekwalifiseerde steun vir en simpatie met die Rebellie van 1914-15 het dit nie ontbreek nie, terwyl die tragiese dood van Afrikaner-helde soos generaals JH de la Rey en CF Beyers, wat aan die spits van die verset teen regeringsoptrede gestaan het as persoonlike verliese ervaar is. Prof. JD du Toit (Totius) was 'n sleutelfiguur in die woelinge rondom die dood van De la Rey en het by sy begrafnis 'n rede gevoer met feitlik die hele studentekorps van die Teologiese Skool teenwoordig. Hy het ook sy digterlike pen gebruik om die tragiese dood van Beyers in die Vaalrivier onder woord te bring, in 'n gedig wat eers heel onlangs deur die Totius-biograaf, VE d'Assonville, openbaar gemaak is.

"Uit hierdie draaikolk van die dramatiese Afrikaner-patriotisme", skryf d'Assonville, "Is Totius se digbundel *Trekkerswee* gebore – die heel eerste werk wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie (soos later bekend) met die gesogte Hertzogprys bekroon is".

Van studentekant is ook in Julie 1915 solidariteit betoon met Afrikaners wat aan die Rebellie deelgeneem het en swaar strawwe en boetes opgelê is – in woorde in die studentekoerant maar ook in die daad by wyse van deelname aan 'n reuse vroue-optog deur die dorp se strate.



*Die eerste Hertzogprys-wenner: Trekkerswee van Totius … uit "draaikolk van dramatiese Afrikaner-patriotisme" gebore.*




VAALRIVIER
DIE
BROEDERSTROOM

OF „DIE UITEINDE
VAN GENERAAL
C. F. BEYERS.

DEUR S. P. E. BOSHOFF.

MET PORTRETTE, PLATE EN PRENTE, ENS., ENS.

UITGEGEE DEUR
„HET VOLKSBLAD"-DRUKKERIJ,
Posbus 267.
BLOEMFONTEIN.



"REBELLIE-SKETSE
UIT MIJ DAGBOEK,
1914-1915."

DEUR
S. P. E. BOSHOFF,
Skrijwer van "Vaalrivier die Broederstroom of Die Uiteinde van Genl. C. F. Beyers."

MET PORTRETTE, PLATE,
FRENTE, ENS.

1918
J. H. DE BUSSY: AMSTERDAM, PRETORIA.
HOLL.-AFRIK. UITGEVERS-MIJ. v/h J. DUSSEAU & CO.: KAAPSTAD.

*SPE Boshoff het sy ervaringe tydens die Rebellie in twee boekies verwoord.*




*Vroue-optog Julie 1915 te Potchefstroom ter ondersteuning van Rebelleleiers in tronke … ywerig deur studente ondersteun.*

Daaroor kan geen twyfel bestaan nie dat die lyfwag van "dertig jonge Afrikaners om te pletter te slaan wie ookal die edele geslag wil molesteer" en wat voor aan die optog deur die strate beweeg het, studente van die Bult was.

Die oudstudent van Grey Universiteitskollege en beurshouer aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, SPE Boshoff, wat na Suid-Afrika teruggekeer en aktief aan die Rebellie deelgeneem het, word met Nederlandse geldelike ondersteuning as dosent aan die Teologiese Skool aangestel. Hy publiseer twee boekies oor hierdie traumatiese tydvak in die geskiedenis, waaruit duidelik blyk waar sy simpatie en lojaliteit gelê het. PUK-dosente Ferdinand Postma maar veral prof. APC Duvenage en ds. WJ de Klerk, latere registrateur, het tydens die 1915-verkiesing prominent gefigureer, terwyl prof. Jan Kamp as koerantredakteur van *Ons Vaderland* en as medewerker van *Het Westen* nie geskroom het om standpunt in te neem nie, die "Empaaier"-gesindes met venynige tong gelooi het.

## 1.1.3.2 Haaks met soldate


Dit was nie net dosente wat hulle stemme teen oorlogsdeelname laat hoor het nie; nee, ook die studente verberg nie hulle politieke oortuiginge onder 'n maatemmer nie – tot ergernis van die soldate wat in groot getalle te Potchefstroom gestasioneer is. Die Teologiese Skool met sy dosente en studente word as deel van die "vyand" (die Duitsers) en as 'n rebellenes beskou, kort en klaar. Relletjies tussen soldate en studente was aan die orde van die dag, want die onderskeie groepe het mekaar getart en uitgedaag net waar hulle kon.


Op die rugbyveld was dit man teen man, en is baie van die frustrasies in 'n goeie gesindheid uitgewoed. "Germany this side!', was die uitroep waarmee die PUK se eerste span vanuit diie pawiljoen met sy honderde troepe begroet is toe hulle vir 'n wedstryd teen die soldate op die veld gedraf het. J Chris Coetzee onthou dat hulle "Tommie"-opponente "rof, taai, groot en lomp en daarby 'dontcaries' " was, met hoofdoel 'n "krygsoperasie", naamlik om 'n klompie Boerseuns te oorrompel. Hoewel hard en verbete, was hierdie wedstryde altyd in 'n goeie gees gespeel en het dit die "Tommies" nie aan grappe en edelmoedigheid ontbreek nie.



*Frikkie Robbertse*

Frikkie Robbertse, destyds nog skolier van die Voorbereidende Skool (Gimnasium), wat 'n dekade later die eerste voorsitter van 'n PUK-SR sou word, vertel van hierdie "storm-en-





Joon van Rooy: "Ja, dit tril nog in onse siel...", en jong dosent SPE Boshoff

drang" tydperk en hoe uitdagend hulle as skoliere en studente teenoor die soldate opgetree het – en omgekeerd, natuurlik. In 1915 het die studente 'n groot politieke vergadering van Nasionale leiers in die suiddorp bygewoon:

"Ons studente en leerlinge het die hele lang afstand afgelê om die vergadering te kon bywoon. Soos gewoonlik op 'n aand was al die plesierplekke in die dorp volgepak van Britse soldate. Daarom het ds. Willem de Klerk met die sluiting van die vergadering ongeveer teen halfelf die aand, die jongklomp dringend opgedra om nie met die hoofstraat, destyds King Edward Street genoem, terug te gaan nie, maar om met Rivierstraat op te loop, sodat ons veilig buite die gevaarsone kon beweeg.

"Maar Jong Suid-Afrika het in die politieke atmosfeer van daardie dae 'n geleentheid verwelkom om aan sy volksentiment uiting te gee. Toe die studente daarom juis in die hoofstraat, al terugwandelende, Afrikaanse volksliedere aanhef, het die soldate, enige honderde in getal, uit die plekke van vermaak gepeul. Hulle het ons aangeval en ons met die straat op verjaag en verstrooi, sodat ons later nie twee bymekaar was nie. Toe ek uiteindelik teen middernag in my kamer terugkom, het ek van angs en skrik soos 'n riet gebewe."

Gerugte van 'n soldate-aanval op die Skool het tot gevolg gehad dat die Bult op gereedheidsgrondslag gebring is. Robbertse vertel ook hoedat 'n groep "Tommies" een aand op pad was om die studente aan te val en hoedat daar inderhaas vir selfverdediging voorberei is: "Gou-gou was ons bymekaar, voorsien van 'n paar geweers, en verder fietskettings, skerp ysters, kieries, ens. … So 'n drama het ons nog nooit beleef nie."

Ook Joon van Rooy, destydse student, dink later met nostalgie terug: "Wie onthou nie die wagstaannerij om die skoolgebouwe tot 2 en 3 uur 's nags, gewapen met pikstele, ijsterpale, katelpote, knopkieries, terwijl die suide wind suis om ons ore en huil en kerm deur die toppe van die bome? Hoor ons nie nog die gesnor en die geskreeuw van die motorkarre van die vermeende brandstigters in ons ore? Ja, dit tril nog in onse siel, die lewe en aksie van daardie dae!"

Van prof. SPE Boshoff het Jacs van Rooy in sy herinneringe gesê dat hy, ná diensaanvaarding by die Teologiese Skool, in sy hart 'n rebel gebly het. Toe die "Tommies" destyds 'n aanval beplan het, "het hyself met 'n stewige kierie in 'n stewige hand op wag gestaan, reg vir gebeurlikhede".

Die verwagte aanval het nie gerealiseer nie … Gelukkig, vertel Robbertse, het prof. APC Duvenage met die militêre owerheid geskakel en is van die aanval afgesien, en sodoende "geweld en moontlik 'n ramp " voorkom.

Vyf-en-twintig jaar later was dit 'n perd van 'n ander kleur …

# 1.1.4 TWEEDE WÊRELDOORLOG: SOLDATE-AANVAL, TRONKE EN KAMPE

## 1.1.4.1 Soldate-aanval

[*Meer besonderhede oor die soldate-aanval dié aand, en oor die afloop daarvan – ook die verslag van die geringskommissie wat dit ondersoek het – is opgeneem in Wonderdaad…!, pp 495-501.]*

Woensdagaand 7 Augustus 1940. Die feitlik totale studentemassa is saamgetrek in die klein saaltjie met sy twee deure en talle klein venstertjies. Dit gaan vrolik en jolig daaraan toe. Piet du Plooy, eerstespanrugbykaptein en medehoof van "verdediging", was op daardie stadium op die verhoog en vertel:

"Dan verskyn Piet Malan in die deur van die saal en skreeu: 'Manne, hier is duisende soldate voor die hoofgebou!'


FLEMINGS APTEEK (EIENAAR: W. LAST)
Joubertstraat 75 Johannesburg Foon 22-4233

Die Transvaler

Melpark Garage en Diensstasie (Eienaars: E. S. A. Swanepoel en H. A. Harper)
PARKERING, PETROL, DIENS EN HERSTELWERK.
Alle soorte van Toebehoorsels voorradig.
Hoek van Negendestraat en Rustenburgweg MELVILLE
Foon 31-1316, Johannesburg.

DERDE JAARGANG. No. 263. DONDERDAG 8 AUGUSTUS 1940 TWEE PENNIES

SOLDATE MAAK AMOK OP POTCHEFSTROOM

Woeste Vernietigingstog Teen Onderwysinrigtings

ONTSETTENDE TONELE

(Van ons Universiteits- en Normaalberiggewers)

*Die Transvaler 8.8.1940*




*PUK "slagoffers" van die aanval.*



*Studentesaal na die slag.*



*Ontbyt op die "patio"… die eetsaal is vernietig!*



*Voorbeelde van wapens.*



*Piet en Floors du Plooy … konfrontasie met "rooiluste" op die trein.*

"Onmiddellik het daar die grootste chaos geheers, want almal het besef dat uitkomkans byna onmoontlik was."

Die soldate-aanval op die PUK in Augustus 1940 staan uit as 'n epiese gebeure in die geskiedenis van hierdie inrigting vir hoër onderwys. Dis heeltemal te begrype, omdat dit saamval met seker een van die mees traumatiese tydvakke in die geskiedenis van die Afrikaner, en PUK was op daardie stadium een van die voorste vaandeldraers van Afrikaner-nasionalisme en sy stryd teen wat algemeen bestempel is as Britse imperialisme, en wat vergestalting gevind het in verset teen alles wat op Britse onderhorigheid gedui het.

Die Pukke was, in hul eie oë en in die oë van enersdenkende Afrikaners, vryheidsvegters – nie met swaarde of gewere nie, maar met die gesproke en geskrewe woord as wapen.

Die besluit van die Unieparlement op Maandag 4 September 1939 om nie premier JBM Hertzog se neutraliteitsmosie te aanvaar nie maar generaal JC Smuts se voorstel vir steun aan Brittanje in die pasverklaarde oorlog teen Duitsland te ondersteun, was soos 'n vonk in die kruitvat van opgekropte en opwellende gevoelens van Afrikaners dwarsoor die land.

Bewus van hierdie sterk anti-oorlogsgevoel, het generaal Smuts sterk gesteun op vrywilligers, en het hulle, as kenteken, rooi lussies op die skouers gedra, wat natuurlik die spreekwoordelike rooi doek voor die jong Afrikanerbulletjie se oog was! Verskeie insidente tussen soldate ("Rooi Lussies") en studente het die aanval op die PUK vroeg in Augustus 1940 voorafgegaan.

Piet du Plooy, puik sportman wat in sy latere lewe 'n sterk aanspraakmaker op Springbokkleure in rugby was, vertel hoedat hy en broer Floors by geleentheid op pad was na broer Jan, predikant aan die Rand – "dom genoeg om met ons kleurbaadjies op 'n oorvol trein te klim". Onder invloed van "die voggies, wat in oorvloed op die trein beskikbaar was", is hy mettertyd deur 'n stuk of tien "rooiluste" geterroriseer, onder dreigemente dat hulle hom van die trein sou gooi. 'n Offisier het hom tydelik "gered". Met die afklimslag op Parkstasie wou die aggressors hom regsien, maar het hulle per abuis vir broer Floors – salig onbewus van wat op die trein gebeur het – omsingel.

"Een so 'n stofpoepertjie was eintlik die voorperd en wil net slaan, maar hy wou darem doodseker maak dat as hy slaan, die ander rooiluste hom sou help. Want broer Floors met sy tweehonderd-en-twintig pond en sesvoet vyfduim en ek met my tweehonderd pond en sesvoet-een-en-'n-halfduim in die sokkies, het seker redelik gesag afgedwing."

Piet pluk sy "gehate kleurbaadjie uit en daag stofpoepertjie uit tot 'n tweegeveg, en die res daarna … een op 'n keer". "Stofpoepertjie" het hom stil-stil uit die voete gemaak en derde broer Jan kon kort hierna sy twee ewe fris broers ongeskonde afhaal.

Verwysende na ander geïsoleerde voorvalle, noem Piet ook die volgende:

"So is daar vertel dat 'n paar studente een aand 'n soldaat in die straat voorgekeer het en sy enkel met 'n klip stukkend gekap het. By 'n latere ondersoek het dit geblyk dat hy dronk was en op pad kamp toe in 'n sloot geval en sy enkel gebreek het."

Inderdaad was die spanning aan die oplaai tussen die jong studentemassa op Potchefstroom wat byna voor die voet anti-oorlogsgesind was, en die groep viriele jong mans in die militêre kamp digby, wat op hulle beurt dit as hulle eer en plig beskou het om die wapen op te neem. Verskeie ander insidente het voorgekom en veral tydens bioskoopvertonings in die dorp het die manne teen mekaar begin skuur: die studente het botweg geweier om aan die gebruiklike sing van die Britse volkslied, "God Save the King", mee te doen en het dan inteendeel hulle eie, enigsins verkleinerende weergawe daarvan (algemeen bekend as "Ou Neef …") aangehef. Kort-kort was daar maar relletjies en het die vuiste geklap.

Soos tydens die Eerste Wêreldoorlog, het praatjies weer die ronde begin doen van 'n moontlike soldate-aanval op die PUK …





*Twee latere beroemdes het ook die soldate-aanval in Augustus 1940 beleef. Bo is Piet Malan, wat in 1949 'n rugby-Springbok geword het en in die laat sestigerjare as eerste Sportdirekteur van die PUK aangestel is, en onder die bekende radiopersoonlikheid, Monica Breed.*

Op die PUK-kampus is voorsorg begin tref ter selfverdediging: "Ons het met klippe en kieries en elke moontlike denkbare verdedigingsmiddel, die koshuise slaggereed gemaak."

Maar wie sê!

"Wat was ons verbasing groot toe ons na die Julie-vakansie by die Universiteit aankom en vind dat al ons verdedigingsmateriaal verwyder is. Op navraag was die antwoord dat professor Ferdi Postma met die kampowerheid 'n onderhoud gehad het, en van hulle die versekering gekry het, dat elke owerheid sal sorg vir die orde op sy eie terrein en ook onderneem het om geen aanvalle oor en weer te duld nie.

"Om daardie rede het hy die wapens uit die koshuise laat verwyder."

Interessant genoeg het daar in die Junie-uitgawe *van Die Besembos* 'n kort bydrae verskyn onder opskrif "Soldate en Studente", waarin verwys is – in enigsins ligte luim – na 'n beplande aanval van soldate op die PUK, van die voorbereidings om dit teen te staan en van rektor Postma se tussenkoms. Die skokkende werklikheid was net om die draai …

"Ten dele gerusgestel", onthou Piet du Plooy, "het ons berus, maar Demps van der Merwe en ek is nietemin deur die studente aangewys om in geval van 'n aanval die leiding op ons te neem."

En só word daar vroeg in Augustus heerlik en onbekommerd sing-songs gehou, met die oog op intervarsity teen die Tukkies (in die sinkstudentesaal).

En toe word alarm gemaak. Die soldate was op hulle!

Piet vertel wat verder gebeur het.

"Daar was 'n woeste stormloop na die enigste twee deure. Ek het dadelik geskreeu dat hulle moet stilstaan en die saal ordelik ontruim. My woorde is egter verswelg deur 'n oorverdowende gekletter van klippe en bakstene teen die sinkmure en die gebreek van glasskerwe soos die klip pe deur die talle venstertjies gevlieg het. Etlike studente is deur die klippe getref en my laaste, blykbaar onhoorbare bevel was om plat te val.

"Die hele gebou was reeds omsingel en gewapen met stokke, pikstele met lood gevul en doringdraad daaromheen, en staalhelmette, het die aanvallers reeds by die deur ingebars en links en regs begin slaan.

"Lydia van der Vyver wat die klavier bespeel het, is agteroorgestamp en al wat die volgende dag van die klavier oor was, was 'n hol, leë kas, want hy is letterlik aan stukkies geslaan.

"Op die verhoog het ek twee houe met die vuis geslaan en Floors, wat toe reeds langs my was, het ook geslaan en dit was so ver as wat ek kon onthou, want op daardie oomblik het my oë en neus begin brand van die peper wat in die saal gegooi is en 'n hou oor die kop wat my van die verhoog af laat tuimel het. Vaagweg kan ek onthou dat ek opgestaan en my pad na die deur oopgeslaan het …

"Baie gou is 'n deel van die soldatemag om Heimat saamgetrek en het hulle die trappe probeer opstorm. Die verdedigers het egter die trappe met beddens versper en in der haas elke moontlike verdedigingsmiddel bymekaar geskraap. Van die groot wetenskaplikes het ook reeds die traliewerk van die trappe geëlektrifiseer.

"Die stormloop is suksesvol afgeslaan. 'n Veertienpondgewig het een van die aanvallers op die kop getref en een deel van sy wang weggevat. Die verwoede stoelpootteenaanval en die geëlektrifiseerde tralies het uitroepe van pyn tot gevolg gehad en die dapper aanvallers het besluit om met 'n vandalistiese klipaanval op die vensters van die eerste verdieping te begin. Dit het ook geboemerang want daardie selfde klippe het met groter woede teruggekom.

"Daarna het hulle die eetsaal bestorm en sonder teenstand kon hulle hul gefrustreerdheid hier ten volle uitleef. Al die tafels, wat almal gedek was vir die volgende dag se ontbyt, is

omgekeer, die tafelpote afgebreek en daarmee is al wat breekware is, fyn geslaan. Die Psalm- en Gesangeboeke is onherstelbaar beskadig."


Oor die afloop, die stilte na die storm, vertel Du Plooy só:

"Altesaam twaalf studente was saam met my by die ongevalle-afdeling waar die wonde verbind is. Party is dadelik ontslaan terwyl ander daar gehou is vir die nag … Daardie aand het 'n paar van die beseerdes en ek by professor Schulze gaan slaap. Ek onthou nog goed dat hy vir ons elkeen met 'n knipoog 'n klein perskebrandewyntjie ingeskink het en daarna weet ek nie meer nie. Hoe ek in die bed gekom het, is vandag nog 'n raaisel."

Die aanval het 'n interessante stertjie gehad. Piet du Plooy vertel hoedat die koshuise hierna herbewapen is en hulle op gereedheidsgrondslag was vir 'n moontlike herhaling van die gebeure:

*Soldate-aanval 1940 : Sommige van die wapens ... en 'n beeld van skade!*





"Van nou af is daar elke nag waggestaan en al om die twee uur is afgelos. Een nag was my kamermaat, Piet Kruger en ek op wag, van twee tot vier. Dit was bitter koud en die ryp het reeds wit gelê.

"Ons gewaar iemand by die hek op pad hoofgebou toe. Ons het hom voorgekeer en hier het ek weer van my baie lessies in die lewe geleer.



*'n Nag-wandelende Totius … bekommerd oor studente se welsyn.*

"Dit was Totius met sy slaapklere, pantoffels en 'n kamerjas. Op ons vraag waar hy in die koue, en so laat in die nag heengaan, was sy antwoord: 'Ek het my so oor die studente bekommer dat ek nie kon slaap nie, en daarom het ek maar opgestaan om te kom kyk. Nou voel ek weer gerus en moontlik sal ek nou bietjie kan slaap."

"Ek het omgedraai en weggestap. Kan 'n mens werklik só groot wees, en tog só klein?"

Die soldate-aanval het ook heelwat komiese insidente opgelewer.

"Ek dink aan Frans Smit", onthou Piet du Plooy, "wat uit die saal gevlug het en in die middel van die rugbyveld, op die kolletjie waar die bal afgeskop word, gaan staan het. 'Want', sê hy, 'enige soldaat kan ek dan ver genoeg sien aankom om onder hom uit te hardloop!'

"Ek dink aan een van die studente wat in 'n boom probeer klim het en toe moes uitvind dat die boom reeds so vol is dat daar geen plek meer vir hom was nie.

"Ek dink aan Stefaan wat later met smaak vertel het hoe hy ontvlug het. Hy het 'n verlamde been as gevolg van polio gehad en kon dus nie hardloop nie. Maar, sê hy, toe hy by die saal uitkom, sien hy die vyfvoet hoë heining voor hom. Hy lig sy swak been op en stort hom in

die lug. Met die gesonde been trap hy toe so vinnig in die lug dat hy sierlik oor die heining seil."

Piet du Plooy se rysige broer, Floors, het ook later heelwat te vertelle gehad oor die gebeure daardie aand, onder meer oor hoe Christine Steyn deur 'n soldaat by 'n venster uitgegooi is en dat sy tussen 'n klomp ander soldate beland het. Toe een van hulle vriendelik aanbied om haar koshuis toe te begelei, het sy gedreig om hom te klap – oor sy vermetelheid! Die later bekende radiopersoonlikheid Monica Breed het – volgens Peet (Priester) Coetzee, daardie jaar se SR-voorsitter – dieselfde houding teenoor 'n soldaat ingeneem en gesê dat sy liewer op die toneel sou sterf!

Die nou 85-jarige Dirk van der Spuy, op dié tydstip SR-penningmeester, onthou ook: "Hulle het peper by die vensters ingestrooi en met knuppels net kophoue geslaan. Die dames het hart verskeurend geskree en gehuil, terwyl in alle rigtings in die donker gevlug is. Een gesette student met die bynaam Galileo **, sit toe vas in een van die kleiner vensters, maar hy beur so met geweld dat hy die raam uitbreek en 'n ent met die raam om sy nek weghardloop."

*[Galileo was 'n beroemde Italiaanse wetenskaplike uit die 16de en 17de eeu wat die wet van eenvormige spoedvermeerdering van vallende liggame daargestel het.]*

Van der Spuy vertel verder: "Nuus oor die aanval het vinnig versprei en Prof. Stoker kom toe met 'n half jack brandewyn om van die gewondes te kom laaf, maar toe hy die hoofingang inkom skree 'n soldaat: 'Daar's nog een!' Dis toe dat die klein prof. die hasepad kies dat jy net hoor voete klap al in die teerstraat af!"

Oor die voortsetting van die geveg by Heimat-koshuis, lui sy storie só: "Op die stoep van die eerste verdieping het ons vantevore al 'n stapel groot klippe gepak wat ons met die koshuis se skotskar aangery het, omdat ons 'n konfrontasie te wagte was. Dis van hier waar die klippe afgegooi is en een van die soldate sodanig beseer is dat sy een oog verwyder moes word. In weerwraak het hulle ons eetsaal in Heimat binne gestorm, tafels en stoele stukkend geslaan en ook die klavier verwoes."

Ook in die kwartaalblad van die studente, *Die Besembos*, is daar effens gekorswel oor die oproerige gebeure op die kampus, met die voorstelling daarvan as 'n "tragedie in drie bedrywe". Die titel was kort en kragtig: "Woensdagaand".

In die eerste toneel van die eerste bedryf word gehandel oor die singende en dansende (sic!) studente in die sinksaaltjie, wat dan skielik ontwrig word deur die soldate se aanslag.

In die tweede toneel gee die aanvoerder van die soldate opdrag dat Heimat ook gepak moes word, maar voeg by: " ... maar pasop, daardie 'staircase' is ge-'electrify'."

In die derde toneel, met alles omtrent stil in die studentesaal, is 'n soldaat aan die woord, eenkant en mismoedig by homself: "Die ellendige Ploors de Flooi [Floors du Plooy], mens kan ook met niks in die wêreld by sy kop bykom nie."

*Dirk van der Spuy (regs) – tydens 'n re-unie by die PUK, saam met Deon Erasmus, Nellie Postma en Louis Postma.*



In die tweede bedryf kom ene Tony (drie verskillende spellings was vaardig!) ingehardloop met 'n hele vensterraam om sy nek. Vra iemand: "Tony, hoe lyk jy dan soos 'n vark met 'n juk, jong?" Elders in die blad word verder die draak met Tony/Tounie/Tonie gesteek: "Op die aand van 7 Augustus het Tonie aan die wêreld gewys dat hy ook iets nuuts kan voortbring. Hy het nl. bewys dat 'n vensterraam net so doeltreffend as halssnoer aangewend kan word as 'n kosbare string pêrels." En word verder gespekuleer dat die "nuwe ontwerp halssnoer" verkry is "deur toedoen van die aanval of toeval of deurval-deur-'n-venster".

In 'n ander storie oor "Tounie", in *Die Besembos*, word gesê: "In sy woeste vlug het Tounie alle weerstand en houtversperrings geminag" en dat hy hom nou, "met die oorblyfsels van 'n eens sterk stinkhoutvenster om sy nek", in veiligheid in Heimat bevind.

## 1.1.4.2 In tronke en kampe … en 'n Leeukop-ontsnapping

By die oorgrote meerderheid studente en dosente van die PUK was daar sterk teenkanting teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Etlike van hierdie Pukke sou juis as gevolg van hierdie houding en hulle optredes in dié verband met die gereg en die regering van die dag te doen kry, wat hulle óf in die tronk óf in interneringskampe laat beland het.

Die PUK se "rekord" in hierdie verband lyk só:

- Prof. FJ Labuschagne … in tronk weens hoogverraad, vrygespreek;
- Prof. HG Stoker … geïnterneer, in Koffiefonteinkamp en toe vir 'n rukkie onder "plaasarres" voor vrylating;
- Dosent LJ (Louis) le Roux … saam met Robey Leibbrandt skuldig aan hoogverraad, vyf jaar tronkstraf;
- JH (Hennie) Coetzee … betrokke by Modderfonteinrooftog, in Johannesburg Fort aangehou en uiteindelik vrygespreek;
- Student Rabbo Pasch en oudstudente DCS (Demps) van der Merwe, JJ Fick, JH Robbertse en MP van Rooy is geïnterneer; laasgenoemde vier is egter spoedig vrygelaat of onder "plaasarres" geplaas.

Die lotgevalle van bogenoemde dosente is uitvoerig in *Wonderdaad …!* onder die loep geneem. Pasch se dramatiese ontsnapping en sy daaropvolgende bewegings is egter 'n sage op sigself, storieboekmateriaal en werd om ook in die annale van die PUK opgeteken te word.

Rabbo Pasch was sommer 'n voorslagstudent teen die middeldertigerjare, 'n puik sportman, wat met groot onderskeiding vir die PUK en Wes-Transvaal rugby gespeel het. Maar hy was ook 'n gebore leier, soos getuig sy voorsitterskap van die Studenteraad. Vanaf 1938 onderwyser te Nylstroom, het hy weer in 1940 by die PUK ingeskryf vir MA-studie in Geskiedenis.

Nie te lank nie, of hy is in hegtenis geneem – skynbaar oor sekere optredes en uitlatings toe hy nog te Nylstroom was. Desperate pogings van rektor Ferdinand Postma om sy vrylating te bewerkstellig was onsuksesvol. Van studentekant is solidariteit betuig deur middel van 'n protesoptog. Die tronkmure en doringdraadomheinings van die Leeukop-gevangenis sou egter nie hierdie dinamiese jongman, besiel met Afrikaner-ideale en 'n ontembare drang na vryheid, hokslaan nie.

Rondom Pasch se waaghalsige ontsnapping is daar die fiktiewe storie van hoedat hy op 'n dag op 'n vullislorrie weggekruip en só sy weg na vryheid gevind het. Hy het wel beplan om, verskuil op die onderstel van 'n vragmotor, uit die kamp te ontsnap, maar weens 'n vertraging in die skedule dit op die ou end nie gedoen nie. Later het hy verneem hoedat wagte met stekende bajonette die vragmotor se onderstel "deursoek" het!



*Rabbo Pasch*

Pasch vertel self wat gebeur het.

Op 'n grysgrou reënerige dag en terwyl simpatieke wagte anderpad gekyk het, het hy vinnig onder die doringdrade deurgeglip en pad gevat. Met 'n gesteelde militêre jas het hy tot in 'n bloekombos daar naby gestap en hom toe 'n ruk lank in die ruigte van die Jukskeirivier skuil gehou. Toe hy nie, soos vooraf gereël is, deur vriende opgepik is nie, het hy laataand bekendes opgesoek wat hom toe in 'n motor se bagasiebak in Pretoria by ander vriende afgelaai het. 'n Dag of so later het hierdie vriende hom na 'n plaas in die Warmbad-distrik geneem.

"So", skryf hy later in die boek *Agter Tralies en Doringdraad*, "het die drosterjare begin."

"Spanning en verveling het mekaar deur die eerste jaar van swerwerskap afgewissel, en toe ek aan die einde van dié jaar by oom S. en J. en F. was, het ek 'n skuilnaam aangeneem en onder die vaandel Johan Celliers aansoek gedoen om 'n voormanskap naby Stellenbosch.

"Die aansoek het geslaag!

"'n Jaar lank tussen die wingerde van die Boland!" *[by die familie De Vries van Koelenhof, naby Stellenbosch]* Hoe goed was my baas en sy gesin nie vir my nie!

"En toe Suidwes toe! En daar twee jaar lank waarin daar 'n sterk liefde gegroei het vir die boswêreld en kalkrante van Suidwes!


"En die mense daar! Weldoeners en vriende!"

Pasch se verskuiwing na die destydse Suidwes-Afrika (tans Namibië) was weer 'n storie op sigself.

'n Boer uit dié geweste, Piet Meyer, onthou hoedat hy en sy vrou in ongeveer April 1941 met vakansie in die Kaap was en in die Suikerbossie Kafee op Stellenbosch middagete saam met sy skoonsuster genuttig het. "Net toe ons klaar is dat ons wou opstaan om te loop, toe hou daar 'n lorrie met waatlemoene voor die kafee stil, en ek het gesien die man klim uit – so 'n lang mooi geboude kêrel – maar verder het ek nie van hom notisie geneem nie."

Die man het egter dadelik sy vrou en haar suster herken, want hulle was vroeër studentemaats en hy het as student vir 'n tyd by hulle ma in Potchefstroom loseer. Nadat oor en weer kennis gemaak en Pasch se identiteit as voortvlugtende bekend geword het, verneem hulle van sy omstandighede.


Anders as in Pasch se eie vertelling, vertel Meyer dat Pasch hulle meegedeel het dat omstandighede op die Bolandse plaas nie so rooskleurig was nie: "Hy kan byvoorbeeld nie saam met die familie aan tafel eet nie. Hy moes sy kos in die kombuis kry. Hy mag nie met die dogters assosieer of met hulle praat nie ..." In kort, hy is baie geïrriteerd "en toe vra hy vir my of daar nie 'n moontlikheid is vir hom dat hy as voorman op 'n plaas miskien hier iewers in Suidwes werk kan kry nie".




*"Agter Tralies en Doringdraad"*

Meyer kon nie dadelik help nie, maar 'n jaar later het hy vir "Celliers" laat kom om sy ma op haar plaas in die Outjo-distrik te help, terwyl hy (Meyer) vanweë droogte met sy vee op trek was. Terwyl Pasch hier werksaam was, is etlike benoude situasies beleef toe hy deur ou kennisse herken is. Een keer, op 'n hotelstoep, is hy deur 'n Duitser wat saam met hom geïnterneer was, begroet met 'n uitroep: "My magtig, Pasch! Waar kom jy vandaan?" By 'n ander geleentheid weer het een van sy oudskoliere uit Nylstroom hom herken en op sy naam genoem terwyl sy in geselskap van haar polisiemaneggenoot was. Gelukkig kon albei situasies bevredigend ontlont word.

Veiligheidshalwe het Meyer toe gereël dat Pasch alias Celliers as voorman by kolonel Japie Hamman, leier van die Verenigde Nasionale Suidwes Party ('die Sappe daardie tyd" ... en baie Engels") werk kry: "Niemand sal ooit dink om so 'n man daar by hom te soek nie." Hier het dit sommer goed gegaan, hoewel hy na 'n tydjie sy identiteit en omstandighede aan die



*Ds. Schalk Duvenage het bemiddelaarsrolle gespeel om Pasch weer in die gemeenskap opgeneem te kry.*

kolonel se vrou openbaar het. Sy het die geheim dig gehou.

Daar op die wye vlaktes van Suidwes het Pasch geblom: "Hy het die ou kolonel goed gedien en was later sy vertroueling in al sy besigheid." Ook het hy spoedig 'n sagte plekkie in die kinderlose Hamman-egpaar se harte verwerf, en het hulle selfs oorweeg om hom erfgenaam te maak. "Kolonel Hamman se idee was toe nou om in Windhoek te gaan bly, om daar voltyds sy aandag aan die politiek te gee, en Pasch sou dan die eerste jaar of twee die boerdery gehuur het. Dit was die basis waarop hulle ooreengekom het, en dan eventueel, as hy miskien sou sterf, dan sou Pasch alleen erfgenaam wees."

Maar sake het anders verloop.

Pogings om vir Pasch kwytskelding te kry het intussen onverpoos voortgegaan en van Minister van Justisie Colin Steyn is 'n onderneming verkry dat hy, as hy hom oorgee, binne 14 dae losgelaat sou word. Oud-SR-voorsitter Peet Coetzee het onder dekmantel van 'n plaaskoper te wees een nag saam met Meyer besoek op Hamman se plaas afgelê en die "amnestie"-voorstel gedoen.

Pasch het langtand hieraan herkou: om darem nou sy dagboekervarings af te sluit met "En toe het ek myself gaan oorgee ..." was bietjie erg. Maar toe sy suster, wat hom na sy moeder se dood grootgemaak het, ook by hom aandring, het hy toegegee. 'n Telegram oor fiktiewe siekte van sy suster is aan kolonel Hamman gestuur, wat baie simpatiek was; trouens, volgens Meyer het Hamman hom nog die geld gegee vir die treinkaartjie "om homself eintlik te gaan aanmeld in die interneringskamp".

Op De Aar het ou studentemaat en nou Dopper-predikant aldaar, Schalk Duvenage, vir Pasch ingewag en hom per motor direk Koffiefontein toe geneem. Toe gebeur die tragiese. Sy suster is toe wel intussen oorlede, maar niemand het hom tydig daaroor ingelig nie. Toe die nuus 'n week na haar begrafnis aan hom oorgedra is, het hy uit woede die nuusdraende amptenaar te lyf gegaan – en was die gevolg 14 dae eensame opsluiting.

Meyer vertel verder: "Nou, ek onthou nog hy het vir my vertel die ou kamertjie was nege voet lank en ek dink vier voet of vier en 'n half voet breed, absoluut geen lig nie, pik nag donker, dag in en dag uit, en hoe hy daar naderhand amper rasend geword het en gesing het om die tyd om te kry; halleluja-liedere, psalms – alles wat voorkom; sing uit volle bors net om sy gevoelens dood te druk wat hom tussen die vier muurtjies laat voel het of hy vasgedruk word ..."

Vanuit die interneringskamp het Pasch 'n bekentenis aan kolonel Hamman gedoen oor wie en wat hy is. Hamman, wat ook volgens 'n ander Suidwester, Nico Lemmer, lief was vir "die goeie begaafde plaasbestuurder", het die saak so ernstig opgeneem dat hy minister Colin Steyn persoonlik gaan sien het en die redes vir Pasch se internering van hom geeïs het. Hy was hoogs ontsteld daaroor en het daar en dan gereël dat Pasch op parool vrygelaat word.

Pasch is terug plaas toe as toekomstige erfgenaam van die Hammans maar partygenote het intussen politieke druk op Hamman begin uitoefen oor sy verbintenis met Pasch. Pasch het die kastaiings uit die vuur gekrap toe hy Hamman verwittig het dat hy graag in sy pa se voetspore wil volg en predikant word.

En so het Gert oftewel Rabbo Pasch weer in 1945 op die PUK beland, en tree hy sommer dadelik weer tot die leierskorps van die studente toe, as redaksielid van *Die Besembos* en, die jaar daarop, as voorsitter van die Studenteraad. In 1945 draf hy ook weer vir Theos uit en rig hulle in 1946 af. Toe sy naam in 1947 op die erebord van SR-voorsitters in Heimat geverf is, getuig Victor d'Assonville (snr) later, "het die standaard van die erelys ook dadelik gestyg".

'n Pragtige sage, 'n lekker storie oor die wel en wee van 'n legende in sy tyd ... Rabbo Pasch.


(Kyk ook ***Sages en Legendes*** ..., vol 1 p 195 ev)



*Pasch (derde van links, middelste ry – met bokbaard) saam met die eerste groep Afrikaners wat in Leeukop aangehou is.*



*Die Leeukop-interneringskamp.*




*Pasch saam met medegevangenes in Leeukop.*

*Rabbo Pasch as breier van Theos, 1946. Aan sy linkerkant sit kaptein Basie van Wyk en voorsitter S (Vaatjie) du Toit, en voor is HLM (Platbos) du Plessis.*



# 1.1.5 DIE "KOUE OORLOG" EN DIE "BOSOORLOG"



*'n Fietsbrigade van Pukke ondersteun dr. Jan Steyn, pasverkose Volksraadslid tydens die epogmakende 1948 verkiesing.*

## 1.1.5.1 Geestelike weerbaarheid


Met die bewindsoorname deur die Nasionale Party in 1948 is die strewe na soewereine onafhanklikheid voortgesit en kulmineer dit in die (weliswaar gedwonge) uittrede uit die Statebond en die daaropvolgende republiekwording in 1961. Steeds is die PUK hart en siel deel van en entoesiastiese ondersteuners van die proses en vir Nasionale premiers soos veral JG Strijdom, HF Verwoerd en BJ Vorster word die rooi tapyt oopgerol.

Die geskiedenis van Suid-Afrika in die tweede helfte van die twintigste eeu staan, militêr gesproke, sterk in die teken van wat bestempel is as die kommunistiese bedreiging, as deel van die wêreldwye "koue oorlog", en dié van die daaruit voortspruitende stryd teen magte wat van buite sy grense gevare sou inhou vir die voortbestaan van die Republiek van Suid-Afrika. Kragtens sy herkoms en tradisie was die PUK die regering se bondgenoot in hierdie "Koue Oorlog" en in die "Bosoorlog", met verskeie dosente en studente aktief betrokke.

Op die "tuisfront" en in teorie is die oorloë met woorde gevoer en was dit veral die Sentrum vir Internasionale Politiek (gestig 1966) wat as forum gedien het vir kundiges van binne maar ook van buite die PUK om die akademiese gemeenskap op te skerp tot die stryd en paraatheid te verseker. Simposiums oor aktuele vraagstukke was aan die orde van die dag, en die agendas van sodanige simposiums getuig van manne van naam en faam wat die woord gevoer het.

Enkele voorbeelde uit die sestigerjare:

- In 1967 is gekonfereer oor "Suid-Afrika in die veranderende wêreld", met minister van Buitelandse Sake dr. Hilgard Muller die hoofwoordvoerder;
- In 1971 was die tema "Samewerking in Suider-Afrika", met premier John Vorster as hoofspreker;
- In 1972 het admiraal HH Bierman, kommandant-generaal van die SA Weermag, dit hom as taak gestel om minstens die Weste en Swart Afrika te oortuig "van ons bedoelinge en van die geldigheid van ons beleid";
- In 1973 het die adjunk-minister van Polisie, JT Kruger, "Die terroriste-aanslag teen Suidelike Afrika" bepraat;
- In 1975 het die hoof van die SA Leër, Lt-generaal Magnus Malan, die woord gevoer oor Suid-Afrika se militêre weerbaarheid.



*Ere-graad vir Dr. Verwoerd, 1961.*

Tydens die amptelike opening van die PUK in Februarie 1973 het generaal RC Hiemstra, oud-Weermaghoof, studente en hul intellektuele leiers tot groot nadenke gestem met sy oproep "Afrikaner, quo vadis – waar gaan jy heen?" Hy het daarop gewys dat Suid-Afrika met een van die ingewikkeldste plurale samelewings ter wêreld sit waarvan elke element – verkieslik in 'n konstellasie van wit en swart Suidelike Afrikastate – geregtig is op die erkenning van sy menswaardigheid en die vryheid om oor sy eie welsyn, geluk en lotsbestemming te beslis. Hy het ook gewaarsku teen vernietigende selftevredenheid en gesê dat die land onder geen omstandighede homself met wapengeweld staande kan hou nie – ongeag "die indrukwekkende gedreun van ons Mirage vliegtuie, die gewilligheid van ons soldate, die aantreklikheid van ons wit vlootuniforms of die beskeie begin van ons wapennywerheid".

Die sewentigerjare is gekenmerk deur toenemende bedreiging vir die blanke bewind in Suid-Afrika. Die geleidelike verswakking van die eensydig onafhanklikverklaarde Rhodesië



*Pukke figureer sterk by 'n geesdriftige ontvangs van eerste Staatspresident CR Swart op die Potchefstroomse stasie, 1961 : agter die mikrofoon maar ook bo-op die fasade!*



op sy noordgrens en die onttrekking van Portugese beheer oor en die daaropvolgende onafhanklikheidswording van Angola en Mosambiek ten ooste en ten weste van Suid-Afrika het boonop gepaardgegaan met steeds groeiende anti-apartheidsentimente en verset.

In Junie 1978 het 'n Weermaggrootkop, kolonel Van der Waals, 'n studentegroep op die PUK toegespreek. Verwysende na die "totale aanslag" as 'n aanslag ook op "the hearts and minds" van die bevolking, het hy gesê dat teeninsurgensie toegepas moet word, behelsende die volle reeks politieke, ekonomiese, sielkundige, sosiologiese en militêre faktore.

Die PUK se ontluikende spotprenttekenaar, Mynderd Vosloo, het hiervan 'n blink gedagte gemaak: gee die PUK-dames 'n kans, op die grens!

Vir sommiges was Mynderd dalkies 'n bietjies te ligsinnig; maar die feit bly, hy het die dames aan die PUK 'n groot kompliment gegee!

Militêre weerbaarheid was hoog op die prioriteitslys van die regering. En die PUK self het sy kwota gewillige soldate gelewer …

*Premier BJ Vorster was in 1971 die hoofspreker by die simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek. Hier sit hy by rektor HJJ Bingle en kanselier Jan de Klerk.*



## 1.1.5.2 Aktiewe deelname

Om studente binne die stelsel van diensplig vir jongmanne te akkommodeer, is hulle afsonderlik georganiseer in die Potchefstroom-Noordkommando, wat later as die Cachet en nog later as die PU vir CHO-kommando bekend gestaan het. Studente van die PUK sowel as die Onderwyskollege (POK) het tot dié kommando behoort.




*"Die eerste 'soldoedies' voltooi opleiding"*



# Die eerste „soldoedies" voltooi opleiding

**Tydens dié geskiedkundige p... rade het die PU vir CHO ... eerste damespeloton uitpa... seer, nadat hulle 'n intensi... we drie-weke-opleidingskurs... voltooi het. Die Rektor het ... saluut geneem.**

dit was juis die geesdrif v... die studente wat die opl...

Maar dit was nie net vir jongmanne nie. In Februarie 1978 het 'n vroue-eenheid van die Cachet-kommando uitpasseer nadat hulle 'n volledige basiese opleiding ondergaan het. Die idee was nie dat hulle grensdiens sou verrig nie, maar behoeftes op die tuisfront vervul terwyl die manne op die grens is.

In Januarie 1980 is die PU vir CHO-kommando omskep in die PU vir CHO Militêre Eenheid (PUME) onder bevel van kol Pieter van der Walt. In 1985 is kmdt Francois Venter van die fakulteit Regte as tweede in bevel aangestel. Die doel van hierdie eenheid was grootliks om harmonie te bewerkstellig tussen die akademiese eise en aspirasies van studente en hul militêre verpligtinge en die moontlikheid vir verdere militêre opleiding. Met die oog op die bevordering van die eie identiteit en samehorigheid het die Eenheid 'n eie das, lied en vlag gekry.

*Oorhandiging van die eenheidslied deur Awie van Wyk aan kol Pieter van der Walt, Oktober 1983.*



*" … en 'n tyd om jou land te dien".*






*Kol Pieter van der Walt ontvang die Suiderkruismedalje, November 1983. Benewens bevelvoerder van die PU vir CHO Militêre Eenheid, was hy ook direkteur van Militêre Aangeleenthede van die universiteit.*

Lede van die PUME het dikwels tydens somervakansies diens gedoen: "Terwyl die studentegemeenskap begin praat van vakansie hou, toergroepe meemaak of net luilekker niks doen nie, trek lede van hierdie eenheid uniform aan en word die wintervakansie 'n bevorderings- of bekwamingskursus en die somerreses 'n operasionele diensbeurt of opleidingskamp. Telkens keer hulle terug met groot lof vir die standaard van opleiding en optrede wat hulle daar gehandhaaf het. Veral tydens die dienstydperk in die Soutpansberg Militêre Gebied aan die einde van 1985 en begin van 1986, kort nadat die eerste landmynvoorvalle in die Weipe-gebied plaasgevind het, het die 'intelligentsia' hoë lof gekry van die inwoners van daardie gebied vir die bekwame en kundige wyse waarop hulle hulle taak verrig het, en is blywende vriendskappe gesluit (nie die minste nie met Dirkie die vlakvark en Baba die bobbejaan!)."

'n Verdere uittreksel uit 'n beknopte "geskiedenis" van die PUME: "Net so het lede van die eenheid aan die einde van 1986, toe hulle behulpsaam was met onlusbeheer veral in die Wes-Transvaalse platteland, hulle kwaliteite laat blyk en is goeie verslae van heinde en verre ontvang. So berig 'n SAP-stasiebevelvoerder onder andere: 'As alle leëreenhede se diens van dieselfde gehalte as dié van die PUK is, het ons land niks te vrees nie.' Wat meer waarde aan hierdie verslag gee, is die feit dat die Pukke onder bevel van 'n student, die SR-voorsitter, kapt Victor d'Assonville, gestaan het."

Studente wat militêr betrokke was het in die algemeen 'n hoë persentasie gevorm van die leierskorps van die PUK. Heelwat lede van die PUME het gesogte militêre toekennings verwerf, soos kolonel Van der Walt, aan wie die Suiderkruismedalje – vir uitnemende diens en besondere toegewydheid – in 1983 toegeken is.

Een van verskeie geleenthede waartydens grensdiens verrig is, was in die somervakansie 1978-79 en wel in die Kavango oos van Rundu. Veral die teenwoordigheid van een persoon het indruk gemaak. Kapt Tom Larney, tweede-in-bevel ná maj Francois Venter, onthou: "Die dirigent van die Puk-koor (hy was dit toe ook al) Awie van Wyk, was toe al nie meer 'n jongman nie, maar dit het hom nie daarvan weerhou om sy verantwoordelikheid as gewone skutter na te kom nie – hy het die respek van baie van sy meerderes en van sy medetroepe verower met sy positiewe gesindheid."

*Kaptein Arie Stavast, kaptein Victor d'Assonville, kolonel Pieter van der Walt en luitenant Eddie Hanekom besig met strategiese beplanning vir die PUME.*



*Majoor Francois Venter kontroleer die instaplys vir 'n vlug na die operasionele gebied. Links is kapt Petrus Cilliers en regs sers Marietjie Eloff, tweede- en vierdejaarstudente onderskeidelik.*





*Rektor Tjaart van der Walt en viserektor JS (Faan) du Plessis in hul weermag uniforms.*

Kapt Larney onthou ook hoedat in Desember 1985 in die Soutpansberg Militêre Gebied, oos van Messina, diens gedoen is toe 'n landmynontploffing laatmiddag op 15 Desember die lewens van sewe of agt lede van twee gesinne geëis het.

Afgesien van die PUK se Militêre Eenheid, was heelwat personeellede in ander afdelings betrokke by weermageenhede. Prof. JS du Plessis, viserektor en voormalige departementshoof in Geskiedenis, het die hoogste rang beklee, naamlik brigadier in AMI. In sy tyd het rektor Tjaart van der Walt 'n kolonelsrang beklee. Talle ander personeellede en studente het op verskillende gebiede leiding in weermag aktiwiteite geneem.

Hoewel in 1979 van SR-kant inisiatiewe gelei is vir die oprigting van 'n ererol vir Pukke wat hul lewens op die grens sou verloor, was dit nooit nodig om hierdie inisiatief in praktyk te omskep nie: geen PUK-student het só die lewe gelaat nie. Die Eenheid het wel twee lede deur die dood verloor: CJ Bornman is in Januarie 1986 in 'n motorongeluk oorlede terwyl LJ de Lange 'n jaar later dodelik deur weerlig getref is. Die enigste grens-"ongeval" was toe 'n lid van die Eenheid in 1982 'n teenpersoneelmyn afgetrap het.

By verskeie geleenthede het mede-Pukke die omstandighede en atmosfeer vir die manne op die grens opgevrolik. So byvoorbeeld het die Alabama in November 1975 by verskeie grensposte opgetree terwyl 'n PUK-sanggroep, die Pukkies, etlike kere die eensaamheid van grensdiens vir 'n wyle onderbreek het. In Junie 1981 het 'n dosyn PUK-dames saam met eweknie-groepe van RAU en TUKS ook daar 'n draai gemaak. [**Kyk 1.1.5.3, onder**]

## *1.1.5.3 "Grensbesoek 'n belewenis"*

Twaalf PUK-damestudente het teen die einde van Junie 1981 op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Weermag en as deel van 'n groep wat ook dames van RAU en Tukkies ingesluit het die operasionele gebied besoek. Dié gelukkige en bevoorregte Pukke, soos hulle self na hulle verwys het, was Magdel van der Walt, Annie Bodenstein, Marietjie Coetzee, Annemarie Malan, Elsie Yssel, Trudie Scholtz, Estie Bekker, Louise Venter, Ronel Myburgh, Martha d'Assonville, Irma Jansen van Rensburg en Hendrika Coetzee.

Trudie Scholtz van *Die Wapad* het hulle gevoel waarskynlik die beste vertolk: "Dinge waarvan ons nog net gehoor het, het skielik werklikheid geword. Om 'n bomskuiling te sien, om 'n parade by te woon, om snags met geweerskote in jou ore aan die slaap te raak – dis 'n belewenis!"

Die Weermag-tydskrif *Paratus* se rubriek "Vroueblad" vertel meer van hierdie besoek …

*Die groep dames van die PUK, TUKKIES en RAU wat saam met mev. Ristie Viljoen, eggenote van generaal Constand Viljoen, in Junie 1981 die operasionale gebied besoek het.*






# TANNIE RISTIE KOM HAAR BELOFTE NA . . .

TYDENS 'n besoek aan die Operasionele Gebied het mev Ristie Viljoen, eggenote van die Hoof van die SA Weermag, aan die troepe gevra wat sy die volgende keer vir hulle kan saambring. Sonder om te aarsel het die jong manne geantwoord: „Meisies, tannie!"

Die manne het seker geweet dat hulle op haar kan reken. Sy het hulle nie teleurgestel nie. 'n Paar maande na hierdie versoek van die manne het mev Viljoen weer grens toe gegaan en dié keer het sy 46 pragtige, lewenslustige studentemeisies saamgeneem!

Dié groepie jong dames — onderskeidelik van die Universiteit van Pretoria, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Randse Afrikaanse Universiteit — is deur die SA Weermag en mev Viljoen genooi om die Operasionele Gebied van SWA/Namibië te besoek om 'n algemene indruk van die situasie daar te kry en ook kennis te maak met die jong manne. PARATUS het die voorreg gehad om hierdie besoek mee te maak.

## UITGELATE

Met die vertrek vanaf LMB Waterkloof is die koue oggendlug gevul met opgewonde gebabbel en pure uitgelatenheid — die pas afgelope eksamenspoke was vergete en die lang uitsien na die bos-avonture het eensklaps werklikheid geword.

Mev Viljoen — oftewel tannie Ristie — was vir hierdie paar dae die „ma" van die jong dames, maar met die pragtige pienk Finesse-truitjie wat die Tukkie-dames vir haar gegee het, het hierdie „moeder" net so jonk en fleurig soos die studente gelyk!

Die eerste afklimplek was Ondangwa, vanwaar ons per pad na Oshakati, die hoofkwartier van Sektor 10, gereis het. Ons was skaars in die bus toe die meisies in vrolike, soet stemme begin sing het:

„As ek moeg word vir die
lewe in die States,
pak ek my klere in
In die veld loop ek 'n troepie
raak
en begin vir hom ook ogies
maak
En sing my liefdeslied
En sing my liefdeslied

Die vroue van Oshakati het reggestaan met 'n smaaklike middagete waaraan ons honger gesmul het voordat ons 'n interessante voorligting oor die sektor gekry en die basis besoek het.

## BRIEWE

'n Aspek wat die meisies baie geïnteresseer het, is die posstelsel en hoe dit funksioneer. Hulle het deeglik bewus geword van hoe belangrik 'n brief van die huis of van 'n nooientjie vir die man aan die grens is. 'n Interessante feit is dat die uitgaande briewe (maw die briewe van die manne self) die inkomende briewe (dié vir die manne) ver oortref. Hierdie behoefte aan nuus van die huis of sommer van 'n belangstellende is by al die basisse beklemtoon en teen die einde van die besoek het die meisies 'n hele aantal name en adresse gehad. Voortaan sou hulle gereeld skryf vir die vele eensame troepies wat elke dag tevergeefs op 'n brief of 'n pakkie wag.

In die siekeboeg op Oshakati word nie net Suid-Afrikaanse soldate behandel nie, maar die mediese personeel reik ook 'n helpende hand en 'n simpatieke oor tot die plaaslike bevolking. Die mobiele teater wat ten volle toegerus is, het almal se belangstelling gaande gemaak.

Uitgeput ná 'n lang dag wat vir party lank vóór hanekraai begin het, is ons na die Driehoek-Ontspanningsterrein waar ons oornag het. Die opgewondenheid was groot toe die meisies verneem dat hulle soos wafferse soldate in regte „army" tente gaan slaap. Wat die stortgeriewe betref, kan 'n mens net noem dat dit nie juis vir die Evasgeslag ontwerp is nie, maar daar in die bos het selfs die skametjies ook onder die stroompie water ingespring om die meeste stof en sweet



***Hierdie drie studente van die PU vir CHO dink die inhoud van hul rantsoenpakke is lekkerder as koningskos. Hulle is (vlnr) Annie Bodenstein, Marietjie Coetzee en Elsie Yssel.***



***Dit is nie net jong manne wat onverskrokke en vreesloos is nie. Die studentemeisies het gewys dat hulle nie skrik vir mortiere nie en was tog te gretig om self 'n paar af te vuur. Voor sit (vlnr) Fia Nauta, Cathra Loock, Loodjie kruger en Sandra du Plessis na die mortier en kyk wat Loodjie so pas afgevuur het.***



***Die pragtige sang van die Kavangosoldate van 202 Bataljon het 'n blywende indruk op ons almal gemaak.***

# 1.2 DIE PUK EN DIE VU



*Die stigting van die VU, onder inspirasie van dr Abraham Kuyper, is met warmte en meelewing ervaar ...*

## 1.2.1 "BLOEDBROERS"/"SUSTERINRIGTINGS"

Die PUK en die Vrije Universiteit van Amsterdam, Nederland.

'n Mens kan byna sê, "bloedbroers", dié twee instansies vir universiteitsonderrig. Of is "susters"-inrigtings, soos meermale dan ook na hulle verwys is, dalk in die huidige tydsgewrig tog "polities" meer korrek ?

Toe die VU in 1880 met groot fanfare die terrein van tersiêre onderwys in Nederland betree het, was die PUK nog maar in sy vroeë wordingsjare, bloot maar net die vier jaar oue Literariese Departement van die Teologiese Skool van die jong Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Sy universiteitstatus het nog vér in die verskiet gelê …

Hoewel geen getuienis daarop dui dat hy beïndruk was met die spesiale uitgawe van *De Heraut* van Sondag 31 Oktober 1880, met die aankondiging van die stigting van die VU, moes prof. Dirk Postma, rektor van die Teologiese Skool en sy enkele kollegas, diep binne 'n gevoel van warmte en meelewing ervaar het. Was die VU dan nie, volgens hulle beroemde stigter Abraham Kuyper, 'n Goddelike ingryping in die lewe van 'n gesmade volk nie?

En die band was onmiskenbaar daar, die eensgesindheid oor doel en strewe: om die wetenskap te beoefen in die lig van die Goddelike openbaring, die onderwys in sy geheel op die grondslag van gereformeerde [in die wyer betekenis van die woord] beginsels te beoefen. Namate die VU se gereformeerde basis deur interne woelinge tussen godsdiensgroepe enigsins vereng is, het dit meer aanklank op Burgersdorp gevind en sou studente van hier makliker hul skredes na die VU wend vir verdere studies.

## 1.2.2 BANDE GESMEE EN VERSTEWIG


Oor jare en dekades heen het heelwat studente van die Teologiese Skool/PUK hulle dors na kennis aan die kripbakke van die VU gaan les. Seker die twee bekendste persone in dié verband was JD du Toit (Totius) en Ferdinand Postma, manne wat 'n deurslaggewende rol gespeel het in die totstandkoming, vestiging en konsolidering van die PUK as Christelike en Afrikaanse universiteit. Twee ander prominente Pukke wat aan die VU studeer het maar nooit hul studies deurgetrek het tot die verkryging van doktorsgrade nie, was LJ du Plessis (1920) en JC (Joon) van Rooy (1925-1927).

Só is daar hegte bande tussen die PUK en die VU gesmee, nie alleen deur studente wat aan die VU gaan studeer het nie, maar ook deur oor-en-weer besoeke van dosente en hooggeplaastes. Tydens die herdenking van die 50ste en die 75ste bestaansjare van die VU, in 1930 en 1955 onderskeidelik, was proff. HG Stoker en DW Krüger as PUK-afgevaardigdes geëerde gaste. Geleerde here van die VU se name kom dikwels voor in die lys van buitelandse akademici wat die inrigting op die walle van die Mooirivier met hul teenwoordigheid vereer het – manne soos proff. HH Kuyper (1924), C van Gelderen (1927), AA van Schelven (1933) en V Hepp (1934).

Veral die besoek van HH Kuyper, seun van die beroemde VU-stigter dr. Abraham Kuyper, was 'n rooiletterdag in die verhoudinge tussen die twee universiteite. Die uitgesproke doel



*Ferdinand Postma … Die VU het hulle bes probeer om hom as opvolger vir hul beroemde klassikus Jan Woltjer te kry.*



*Prof. HH Kuyper … Sy besoek in 1924 het bande versterk.*

van sy besoek was om bande met die "broedervolk" te versterk en hy het die gebruiklike groete van die VU oorgedra. Kuyper het tydens sy besoek in herinnering geroep hoe graag die VU etlike jare tevore vir Ferdinand Pos tma as opvolger van die vermaarde prof. Jan Woltjer wou hê, en hoe aangenaam dit is om weer kontak te maak met 'n man soos Du Toit, een van sy eerste doktorale studente. Hy het ook net lof vir die PUK-geïnspireerde stryd teen die gewetensklousule, wat die groot struikelblok is op die weg na 'n ware Christelike universiteit.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) droog die kontak op – en word verhoudinge enigsins vertroebel deur die houding en gesindheid wat op die PUK-kampus jeens oorlogsdeelname vaardig was. Die simpatie van baie Afrikaners – en die meeste Pukke – met Duitsland en hulle aversie teen Engeland, wat gewortel het in Anglo-Boereoorlog, het teen die grein ingegaan van die Nederlanders, wat ten prooi van Hitler se magslus geval het en onbeskryflike ellende moes deurmaak.

Ná die oorlog word daar gevoel-voel. Gevierde digter Roland Holst beskryf die PUK as 'n "OB-nes" en vererg hom bloedig toe prof. FJ Labuschagne, wat tydens die oorlog weens sy OB-sentimente agter tralies beland het, hom op 'n openbare byeenkoms vra of dit dan so erg was onder Duitse besetting. As Labuschagne dit net twee weke sou ervaar, sou hy gebid het om weer onder Engelse bestuur te kom, het Holst die kordaat professortjie as 't ware toegesnou.


Op verskeie fronte is intussen hard gewerk om vertroebelde verhoudinge weer te suiwer, en kon die redakteur van NZAV-maandblad Zuid-Afrika prof. PJ van Winter teen einde 1947 rapporteer, "P.C.Stroom voelt dan toch weer baie sterk voor Holland en de V.U."

Die besoek van prof. J Waterink aan Potchefstroom in die eerste helfte van 1949 word byna 'n triomftog vir sover dit verhoudinge tussen die twee instansies betref. Met 14 optredes voor omtrent al wat belangegroep aan die PUK was, en oor temas soos Christelike onderwys, Christelike wetenskap en Christelike kuns het hy een en almal beïndruk en geïnspireer, batterye gelaai. Hy het, getuig rektor Postma, "een van ons" geword, en vir die studente was dit 'n eer "om aan sy voete te kon gesit het". In sy terugrapportering aan sy regering wat sy reis geborg het, breek Waterink dan ook heelwat lansies vir die Pukke en vir die Afrikaner, wat volgens sy siening veelal misverstaan word.

As afgevaardigde na 'n sinode van die Gereformeerde Kerk, het prof. GC Berkouwer van die VU ook in 1949 'n draai op die PUK gemaak. Met selfstandigwording van die PUK in Maart 1951 bereik die goeie verhoudinge ongetwyfeld sy hoogwatermerk toe VU-rektor Herman Dooyeweerd persoonlik op die feespodium verskyn en 'n oorkonde van gelukwense van Nederlandse universiteite oorhandig.

*In 1949 het proff. Jan Waterink (links) en GC Berkouwer (regs) die PUK besoek. Saam met hulle is proff. HG Stoker en S du Toit. Waterink se besoek was feitlik 'n "triomftog" vir sover die die PUK/VU verhoudinge raak.*





*Prof. H Dooyeweerd, rektor van die VU, aan die woord tydens PUK se selfstandigwording in Maart 1951.*

Maar die groot geleerde Dooyeweerd het dit ook oor PUK-VU-verhoudinge. Met verwysing na prof. Stoker se bywoning van hul fees in 1930 en die gedagte deur hom uitgespreek dat die PUK se ideaal was om eendag die Vrye Universiteit van Suid-Afrika te word, deel hy sy entoesiastiese gehoor mee: "En thans, ruim 20 jaar later, is deze wensch vervuld. Het P.U.K. is wettelijk de Vrije Universiteit van Zuid Afrika geworden en daarmede de tweede gereformeerde Universiteit ter wereld. In de kringen van de V.U. heerst daarover bijzondere blijdschap en de Senaat en de College van Directeuren en Curatoren wensen onze Potchefstroomse Zuster-Universiteit uit de grond van hun hart Gods bijzondere zegen bij het vervullen van haar zo uiterst moeijlike en verantwoordelijke taak."

Agtien maande nadat die PUK sy volwaardige plek in die ry van universiteite ingeneem het, word 'n eredoktorsgraad in Lettere en Wysbegeerte (Opvoedkunde) in Oktober 1952 deur die VU aan PUK rektor JC van Rooy toegeken en wel op grond van Van Rooy se betekenis as "de meest prominente leider" in die opvoeding van die Suid-Afrikaanse volk in Christelik nasionale sin, as "een van de meest prominente strijders voor de Zuid-Afrikaanse cultuur". Nee, meer nog: Promotor J Waterink meen dat dié eerbewys "slechts een schaarse beloning is voor het enorm vele werk, dat u gedaan hebt, ook voor de band tussen Nederland en Zuid Afrika. Maar hoger onderscheiding dan een ere-doctoraat kan een universiteit nu eenmaal niet geven."

By die besluit om die toekenning te maak, was ook Totius se naam ter sprake, maar daar is eenstemmig op Van Rooy besluit – nie dat Totius nie deur die VU hoog geag is nie, maar naas verskeie ander faktore, was Van Rooy "in deze dagen van nationaal herdenking in Zuid-Afrika … in ieder geval de man, aan wie de U toegedachte eer voor honderd procent toekomt".

Tydens die plegtigheid is hoog opgegee oor die VU se strewe dat die kulturele bande met stamverwante volke of volksdele gehandhaaf sou word. In die besonder met "enige volk, dat het karakter van zijn afkomst heeft bewaard en dat grotendeels een taal spreekt, die de

*"Spreek studente toe"*



**SPREEK STUDENTE TOE**

**Prof. G. Fohrer van die Vrije Universiteit van Amsterdam het onlangs voor die studente van die P.U. opgetree. Hier staan hy in geselskap van verskeie ander professore. Hulle is van links na regs: proff. J. H. Kroeze, G. Fohrer, S. du Toit en J. S. van der Merwe.**

**Foto: Fotokuns**

Nederlandse afkomst duidelik verraadt" – en dit boonop in die jaar van die herdenking van die volksplanting deur Van Riebeeck aan die Kaap 300 jaar tevore. Die hoop is uitgespreek dat die toekenning van die eregraad ook sou bydra tot die versterking van die bande tussen die PUK en die VU.

Dit was toe inderdaad ook so: enkele jare later, in 1958, het daar 'n kulturele verbond tussen die twee universiteite beslag gekry. Die inisiatief hiervoor het van PUK-kant gekom en die doel was wedersydse akademiese bevrugting tussen suster-universiteite en versterking van kulturele bande tussen die twee lande. Van VU-kant het die ou bekende, prof. Jan Waterink, as eerste uitruildosent aan die PUK kom doseer. Op sy beurt het die reeds gevierde prof. Gerrit Dekker hierna sy skredes na die VU gerig. Twee swaargewigte, wat dui op die waarde wat aan die onderlinge verhoudinge geheg is …

In 1966 het drie VU-professore besoek by die PUK afgelê, naamlik proff. G Fohrer, C Brümmer en MC Smit, en het al drie met lesings voor die studente en/of personeel opgetree. Geen tekens van spanning of wantroue nie …

# *1.2.3 DIE VU KRABBEL TERUG ...*


Van VU kant is later toegegee dat hulle met die sluit van die ooreenkoms in 1958 skynbaar effens aan die slaap gevang is: "It was hardly noticed at the time of the agreement that the South African partners in this relationship represented only one group of the multiracial and multilingual South African population, and that this group was responsible for the policy of '*apartheid*'." Toe dié besef egter deurgedring het, is geleidelik begin om terug te krabbel ...

Namate die kwessie van rasseverhoudinge in Suid-Afrika, veral in die sestigerjare, al hoe sterker in die kollig gekom het, is daar vanuit VU-kringe en in die lig van die PUK se openlike ondersteuning van die regering se beleid van afsonderlike universiteite al hoe meer vrae oor die standhoudendheid van die ooreenkoms met die PUK gevra. Vanuit VU-geledere is sterk solidariteit met die nie-blanke bevolking van die land getoon en is daarop gewys dat nie soseer kulturele bande nie, maar die ideologiese gaping tussen wit Suid-Afrika en Nederland 'n werklikheid is. Die PUK is verkwalik omdat dit as sentrum van intellektueles versuim het om wat as verwerplike landsbeleid bestempel is, te kritiseer.

Aan PUK-kant is weer gevoel dat die VU vanweë vrysinnige idees al hoe meer weg begin beweeg het van hul gereformeerde grondslag en 'n linkse politieke rigting begin inslaan het, terwyl hul studente sterk neigings na neo-Marxisme getoon het. Demokratisering het ook hande uitgeruk, met studente en administratiewe personeel wat, volgens PUK-kritici, op Raadsvlak die VU-kitaar geslaan het. En so tussendeur was daar die verwyt: hoekom dan nou juis ons verkwalik vir "apartheid", waar dit die samelewingsvorm was vanaf die vestiging van die blanke beskawing in Suid-Afrika?

Só word in 1971 van VU-kant gesuggereer dat die ooreenkoms met die PUK uitgebrei word om ook anderskleurige studente te baat. Maar dit kan nie, laat weet die PUK: daar is aparte universiteite vir al die onderskeie groepe ...

Hierna het die VU sy houding prakties geïllustreer deur die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan dr. Beyers Naudé, direkteur van die Christelike Instituut en voorvegter teen apartheid, in Oktober 1972. In VU-kringe is nou indringend na die ooreenkoms met die PUK gekyk en is die PUK in Maart 1973 hieromtrent ingelig. Die VU het sy kommer uitgespreek dat die ooreenkoms met die PUK die indruk kon skep dat hy diskriminerende onderwys asook die politieke opvattinge van die PUK, die apartheidsbeleid van die Nasionale Party en die regering ondersteun.



*Dr. Jan van der Berg, oud-Nederlandse ambassadeur … sal omgang met mekaar besmetting met cholera meebring?*

Nou volg daar 'n uitgebreide korrespondensiedebat tussen die VU en die PUK en grootliks wel oor die PUK se steun vir die regering se apartheidsbeleid of, soos rektor Bingle van die PUK verkies het om dit te noem, afsonderlike ontwikkeling. Nie tevrede met die PUK se verklarings en uiteensetting in hierdie verband nie – onder meer dat daar baie fasette is waarin drasties met die regering verskil word – het die VU in Oktober 1974 die dosente uitruilooreenkoms met die PUK gekanselleer.

Hierdie kansellasie het gevolg direk nadat dr. Beyers Naudé, op versoek van 'n VU-dosent, sterk advies tot dien effekte aan die VU-hoofde deurgegee het, maar hy het terselfdertyd volgehoue dialoog oor die brandende kwessies bepleit.

Vér, vanuit Wes-Frankryk, het 'n stemmetjie ter verdediging van die PUK dofweg opgeklink. Oud-ambassadeur van Nederland in Suid-Afrika (1948-1962) in die hoogdae van apartheid, dr. Jan van der Berg, het nie net die "rooie [Nederlandse] regering" gekasty oor "de ene blunder op de andere" nie, maar ook die VU gepriem: "De Vrije Universiteit is helemaal hysterisch geworden. Eindelose beschouwinge en debatten over de vraag of ze de Universiteit van Potchefstroom nog te vriend kunnen houden. Alsof omgang met elkaar een besmetting met cholera zou veroorsaken."

'n Volgende rondte in wat nou as 'n stryd tussen die VU en die PUK ontaard het, was die PUK se reëling van 'n internasionale konferensie vir Gereformeerde wetenskaplikes van Christelike universiteite en instansies, geskeduleer vir September 1975. Die VU is ook uitgenooi, en het die uitnodiging aanvaar. Maar toe trek die VU 'n Basil d'Oliveira op die PUK.

[*In 1968 het hierdie Suid-Afrikaansgebore Kleurlingkrieketspeler se by-nabaat insluiting in die MCC-toerspan na Suid-Afrika die destydse premier John Vorster rooi laat sien. Dit is as politiekery beskou en is die toer is afgestel.*]

'n Regeringskommissie onder leiding van adjunk-minister Louis le Grange, wat ook vir 'n tydjie 'n Raadslid van die PUK was, het in Mei/Junie 1975 die Christelike Instituut van dr. Beyers as onwettige organisasie verklaar. Uit solidariteit met dr. Naudé en sy Instituut en met die wete dat die Afrikaanse kerke en universiteite nie teen die regeringsverbod sou kapsie maak nie, troef hulle die PUK met 'n besluit om dr. Beyers Naudé in hul afvaardiging na die konferensie in te sluit. Ons wil julle nie ontstig nie, net maar ons boodskap duidelik deurgee, was die VU se motivering vir dié optrede.

Die VU-standpunt is telefonies deur mnr. Harry Brinkman van die VU aan rektor Bingle oorgedra. Bingle het die VU daarvan beskuldig dat hy die komende konferensie vir politieke demonstrasie wou gebruik. Die uitnodiging is gevolglik summier teruggetrek, 'n optrede wat op sy beurt weer van VU-kant – saam met die PUK se versuim om teen die regering se optrede teen die Christelike Instituut (CI) te protesteer – gesien is as politieke demonstrasie.

'n Akademiese moddergooiery, oor en weer ...

Van PUK-kant het weer ouvertures uitgegaan: Julle is steeds welkom, maar laat net vir Naudé by die huis. Ons is bereid om ná die konferensie met julle oor die CI te praat.

Nee, ons kan nie, sê die VU, ons is moreel daartoe verplig om Naudé saam te bring. Maar hoe kan julle dan vir ons wil sê hoe ons afvaardiging moet lyk? Jammer, maar in elk geval: beste wense vir 'n betekenisvolle konferensie.

*"Samespreking tussen PU en V.U."*


DIE PU-KANER

WAARBY „DIE VETERAAN" INGELYF IS.

USBLAD VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O. TELEFOON 22112

ARGANG 8, — NR. 14 — 19 MAART 1976 Geregistreer by die H.P.K. as 'n nuusblad

PRO REGE

DIE TUISTE VAN DIE STUDENT.

Vir al u Boeke en Skryfbehoeftes.

Tomstraat en Kerkstraat — Posbus 343.

Tel. 5236/4944/6144 — Potchefstroom.

Samespreking tussen PU en V.U.



*Afgevaardigdes van die VU en PU wat die samesprekings gevoer het, is agter van links: proff. JC Coetzee, JH Coetzee en SCW Duvenhage, almal van die PU, prof. Schoorl van die VU, prof. T van der Walt (PU) en drs. RCE Kapteyn (VU). Voor: proff. PJ Coetzee (PU), DC Mulder (VU), HJJ Bingle (PU), dr. G Kuiper (VU) en drs. HJ Brinkman (VU).*



*PUK-dosent Johan van der Vyver ... het die VU-manne beïndruk.*

Tydens die konferensie, in September 1975, is onder meer 'n beroep op die PUK en die VU gedoen om weer met mekaar te praat. 'n Sodanige gesprek het toe wel vroeg in Maart 1976 te Potchefstroom plaasgevind, met hoofdoel om eie sienswyses duidelik te maak en mekaar te probeer begryp. Dr. Beyers Naudé het toe wel ook saamgekom …

Op sy oudag verwys destydse hoofrolspeler Hennie Bingle sydelings na daardie ontmoeting: "Jy weet van die Hollanders wat ons hier gehad het? Dit was Brinkman hulle. Hulle was vyf. Dit was 'n traumatiese besigheid. Hier onder in hierdie Senaatsaaltjie hier in die ou administrasiegebou het ons vir dae aanmekaar gesit. Dit was ek, Tjaart [van der Walt], Schalk [Duvenage], Hennie Coetzee, Peet Coetzee, ons vyf [prof. J Christie Coetzee was ook by – PFvdS]. Ons het mekaar toegetakel van 'n kant af."

Bingle skets maar 'n negatiewe prentjie van die resultate van dié ontmoeting: "Maar weet jy dat daardie mense openlik vir ons gesê het hulle is nie geïnteresseerd in die Christelike karakter van die Vrije Universiteit nie. Glad nie. Hulle het hom oopgegooi vir alle wind van lering wat daardeur kan waai. En hulle het ons aangeval omdat ons dit nie doen nie …"

In die verslag van die verrigtinge is wel genotuleer dat die vraag of die VU nie op die weg van sekularisasie is nie, besonder swaar by die PUK-woordvoerders geweeg het. Van VU-kant is aangetoon dat die VU hulleself eerder "Evangelies" beskou, teenoor die PUK as "Calvinisties". Daar was egter ooreenstemming dat Christenskap ook op die gebied van die wetenskap moes funksioneer.

Tydens hierdie gesprekke kon 'n aantal misverstande uit die weg geruim word en is minstens tot die kern van die verskille deurgedring, wat as groot vordering beskou is. Die VU-manne het dalk met 'n meer positiewe beeld huiswaarts gekeer, want hulle het waargeneem dat die PUK-woordvoerders teen diskriminasie op grond van ras gekant en vir toepaslike wetswysigings was, en ook dat aan nie-blankes politieke regte toegeken moes word. Hulle was egter gekant daarteen dat die huidige blanke dominasie deur 'n ander, nuwe dominasie gevolg moes word en het as oplossing gesien 'n samelewing van bevolkingsgroepe volgens kultuurverskille.

Harry Brinkman en sy kollegas het ook te wete gekom dat die PUK-afgevaardigdes, weliswaar met 'n gevaarlike verswakking van juridiese normbesef, in wese ook die Le Grange-verslag onaanvaarbaar vind. Die PUK-manne het ook begrip gehad vir die VU se verontrusting oor staatsveiligheidswette, soos duidelik uitgespel is deur PUK-dosent JD van der Vyver in sy boek oor menseregte wat in 1975 gepubliseer is.

Oor die PUK se houding jeens dr. Naudé, met wie daar tydens die ontmoeting 'n dag lank gesels is, is bevind dat daar groot eenstemmigheid is in die beoordeling van die huidige situasie in Suid-Afrika, maar groot verskille ten opsigte van verwagte konsekwensies en oplossing.

Die VU was ten slotte wel ten gunste van voortgesette dialoog met die PUK, maar slegs indien die PUK bereid was om gesprek met ander Christene binne Suid-Afrika vol te hou. Daar is aanvaar dat van PUK-kant geen amptelike uitsprake insake Suid-Afrikaanse probleme verwag kon word nie en dat die VU dus in die toekoms sy indrukke oor PUK standpunte moes vorm na aanleiding van uitsprake van individuele dosente. Reëlings is getref dat die VU hieroor op hoogte gehou sou word.

## 1.2.4 INFORMELE KONTAK EN 'N NUWE BEDELING

Van die verwagte volgehoue dialoog tussen die twee universiteite het nie veel gekom nie. Die Soweto-opstand in Junie 1976 het verhoudinge tussen Suid-Afrika en Nederland tot breekpunt gevoer en formele kontak op feitlik alle terreine het tot stilstand gekom. In hierdie tyd het Bingle se termyn as rektor ook tot 'n einde gekom en is hy in 1978 deur Tjaart van der Walt opgevolg.

In die sewentiger- en tagtigerjare, toe antagonisme jeens Suid-Afrika en die PUK hoogty gevier het en die land met sy regering en almal wat dit ondersteun het, "muishond"-status gehad het, het Tjaart van der Walt as rektor uit sy pad gegaan om informeel bande met Nederland en die VU lewend te hou. Dit was nie maklik nie …

Hoewel Van der Walt tydens 'n besoek in 1987 'n kentering in die klimaat jeens Suid-Afrika in Nederland bemerk het, moes heeltyd gewaak word dat sy besoek nie 'n al te amptelike kleur kry nie, en moes van sy gesprekke as vertroulik behandel word, daar dit vir betrokkenes 'n verleentheid sou wees indien dit sou uitlek dat hy selfs maar net 'n gesprek met hulle gevoer het. Dan was daar altyd nog die moontlikheid van betogings en protesaksies, wat gemaak het dat katvoet geloop en 'n lae profiel gehandhaaf moes word met die pogings om goeie begrip te bevorder en bande te verstewig.

Maar Tjaart het die vlammetjie brandend gehou, al was dit maar baie dof …

Van der Walt se opvolger, Carools Reinecke, het net so sterk gevoel oor die bande met die VU en het dan ook daarin geslaag om die breuk te herstel. Drs Harry Brinkman, eertydse rektor en raadslid van die VU, wat op sy dag ook vir 'n kort tydjie student aan die PUK was, was baie prominent in hierdie helingsproses.



# So lyk ons vir ander.

### Harry Brinkman Gee Sy Indrukke.

GEDURENDE 1957 het Harry Brinkman, student aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, en Johan Fleerackers van die Universiteit van Leeuven, Vlaandere, as gaste van die A.S.B. ons land besoek en aan die verskillende Afrikaanse Universiteite vertoef en gestudeer. Hieronder volg 'n samevatting van sy indrukke soos deur Brinkman in „Die Voorlaaier" van Maart 1958 gepubliseer.

**AFRIKAANSE STUDENT EN KRITIEK:**

Kritiek is uiters noodsaaklik, want deur kritiek op 'n opvatting uit te oefen, word die gees geprikkel en lei tot hernude denke en deurskouing van die gekritiseerde opvatting. 'n Gedurige streling van die gangbare opvatting lei dikwels tot 'n verderflike rus en tevredenheid.

Die mens moet reg ingestel wees tot die uitoefening en aanvaarding van kritiek. Wanneer kritiek voorkom uit arrogansie, hoogmoed of onkunde, is dit laakbaar. Dit moet egter voorkom uit simpatie, belangstelling en die bereidheid om 'n bydrae te lewer tot die oplossing van 'n gemeenskaplike probleem. Daarteenoor moet kritiek nie gesien word as 'n noodwendige middel tot verwydering, misverstand, tweespalt of vyandskap nie.

Veral onder die Afrikaanse studente het Brinkman die uitoefening van gesonde kritiek en die inname van 'n kritiese — dit wil sê: 'n onderskeidende en beoordelende — houding gemis. Die kode van beleefdheid en die dwingende wens tot eenheid voorkom soms 'n openhartige en saaklike gedagtewisseling.

Hierdie gebrek aan 'n kritiese insig en verantwoording het tot gevolg dat op die gebied van die geloof en die beginsels soms 'n skynbare eenheid bestaan. Tog verhinder dit dat waarlike ondersoek van die gees van beginsels geskied en dat so 'n nodige skeiding van verskillende elemente plaasvind.

**AFRIKAANSE STUDENT 'N MASSAMENS:**

In aansluiting by die voorafgaande onvermoë om krities te onderskei dra die hele stelsel van universitêre opleiding by tot die vorming van 'n massamens. Dit kom vir Brinkman duidelik na vore in die massagees by sportbeoefening, die dra van kleurbaadjies, die studente-organisasies volgens massalyne.

In hierdie omgewing pas die mens waarvan „de studiezin niet indrukwekkend (is)", met geen sterk kultureel-filosofiese persoonlikheidsvorming en gebrek aan algemene ontwikkeling. Geesdrif ontstaan maklik, maar deursettingsvermoë en verantwoording ten opsigte van die gronde vir die geesdrif, is dikwels gering. Dit is omdat in die studentelewe die uniformiteit en massaliteit die individu verswelg, en in hierdie saamgaan met die massa min eise aan die individu gestel word.

(Vervolg op bladsy 3)

*Brinkman kom 'n lang pad saam met die Pukke.*

In 1989 het VU-professor Kees Datema per brief aan prof. Bennie van der Walt, van die Instituut vir Reformatoriese Studies aan die PUK, laat blyk dat die skaakmatposisie van geen kontak tussen die twee universiteite hom hinder. Nuwe rektor Carools Reinecke het die gaping gevat, kontak met Datema opgeneem en bevind hom op 21 Mei 1990 in 'n restaurant te Woerden, in geselskap van Datema en Harry Brinkman, voorsitter van die VU se Kollege van Bestuur.

Oor 'n heerlike ete het Carools die ander twee here volledig ingelig oor politieke verwikkelinge asook oor gebeure op die PUK-kampus, onder meer die wyse waarop anderskleuriges geakkommodeer word. Aan die einde van die aand kon Brinkman optimisties saamvat: "Ons het gedink die PUK is 'n geslote boek maar dis duidelik die boek kan weer oopgemaak word." Die bal was aan die rol …

Inmiddels het die Nederlandse regering, as gevolg van die gang van politieke verwikkelinge, sy beleid jeens Suid-Afrika gewysig van "kritiese afstandelikheid" tot "kritiese betrokkenheid", met dialoog en kulturele samewerking weer hoog op die lys.

Wat die PUK en die VU betref, het dinge vinnig ontwikkel. In Julie 1991 maak Brinkman tydens 'n kontakbesoek met verskeie ander universiteite 'n draai op Potch, en as uitvloeisel daarvan volg 'n uitnodiging aan Reinecke om die VU te besoek – amptelik! Nee, meer nog: hy word gevra om 'n lesing te gee oor hoër onderwys in die Nuwe Suid-Afrika.

In VU-kringe en ook van die kant van die Anti-Apartheidsbeweging was daar stemme van protes teen hierdie besoek, maar dit het tog deurgegaan. In September 1991 gebeur die vroeër ondenkbare en lê die PUK-rektor amptelik besoek af by die VU. Groot nuus, in Nederland, basuin die blad *Ad Valvas* dit uit: "POTCHEFSTROOM MAG NA 20 JAAR WEER OP DE VU".

Inderdaad! Voor 'n uitgelese, brandend nuuskierige maar vir 'n groot gedeelte steeds kritiese gehoor, staan Reinecke op en sê sy sê. Hy maak indruk deur met indrukwekkende statistieke en diagramme aan te toon welke beweging daar in Suid-Afrika is en wat nog verwag kon word. Hy verras so sy gehoor, "dat gewend is vooral in sociaal-politieke zin na te denken over Zuid-Afrika". Sy ontleding van die politieke situasie bly vir die gehoor "erg abstract" en besonderhede oor die omgang tussen wit en swart studente op die PUK-kampus word gemis. Hy praat ook veel oor "missie" en "uitdaging", sonder om konkreet te word. Mooi voornemens, ja-wel …

Vanaf 1992 het die twee universiteite geleidelik weer op akademiese gebied begin saamwerk. So amper vir oulaas val daar 'n vlieg in die salf: 'n beplande optrede van die PUK-koor, in Junie 1993 en saam met hulle eweknie-sangers van die VU, val op die nippertjie deur die mat nadat die teologie-dekaan van die Universiteit van Wes-Kaapland, prof. GD Cloete, die VU van 'n verborge agenda beskuldig het vir sover dit hernude samewerking met die PUK betref. En hy gooi die klip: Regverdiging vir apartheid het vanuit Potchefstroom gekom, deur middel van Kuyper se leerstuk van soewereiniteit in eie kring.

Maar wie sê! Die PUK-koor tree wel op, maar in die Ou Kerkgebou De Roode Hoed in Amsterdam. En 'n reuse sukses! Dit was die laaste negatiewe reaksie, onthou Carools. 'n Week later het hy tydens 'n gradeplegtigheid te Leuven Universiteit in België opgetree en 'n staande ovasie gekry.

Vanaf 1994, en natuurlik aangehelp deur die uitslag van die verkiesing en die inwerkingtreding van die nuwe bestel, het verhoudinge tussen die PUK en die VU vinnig genormaliseer en het die VU 'n beduidende rol gespeel in die transformasieproses wat die PUK moes deurloop. Dit geld veral die daarstelling van 'n nuwe finansiële model en van 'n proses van kwaliteitsbevordering, asook die vestiging van kundigheidsentra vir navorsing en kommersialisering. Weer was dit veral Harry Brinkman wat in hierdie samewerking die leeue-aandeel gehad het.

*Historiese byeenkoms: Prof. Carools Reinecke spreek 'n krities-nuuskierige VU-gehoor toe, September 1991.*

# Potchefstroom mag na 20 jaar weer op de VU

## Rector van Zuidafrikaanse universiteit mijdt in lezing politieke vraagstukken

**Frank van Kolfschooten**

Voor het eerst sinds veertig jaar kreeg de VU deze week bezoek van een rector van de christelijke zusteruniversiteit uit Potchefstroom. Prof.dr. C.J. Reinecke hield afgelopen dinsdag een voordracht over hoger onderwijs voor het nieuwe Zuid-Afrika.

Een select gezelschap van VU-prominenten was op dinsdag 24 september getuige van het eerste officiële contact sinds bijna twintig jaar met een vertegenwoordiger van de *Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*. Een met recht historisch optreden, want de verhouding met Potchefstroom beslaat vele bladzijden in de geschiedschrijving van de VU.

Ter opfrissing van het geheugen: in 1948 lanceerde de Nationale Partij van Zuid-Afrika haar politiek van gescheiden ontwikkeling, de apartheidspolitiek. Tien jaar later, in 1958, sloot de VU een verdrag met Potchefstroom. Deze universiteit, oorspronkelijk opgezet als hogeschool van de Gereformeerde (Dopper-)Kerk van Zuid-Afrika, onderhield een innige band met de VU. Veel hoogleraren van Potchefstroom werden deels opgeleid aan de VU.

Na een eindeloze discussie besloot de universiteitsraad in 1976 om de contacten tussen VU en Potchefstroom op bestuursniveau te verbreken, omdat Potchefstroom weigerde afstand te nemen van het apartheidsregime. Faculteiten bleven vrij om dit zelf te bepalen. Vandaar dat in later jaren nog tal van relletjes volgden over benoemingen van al dan niet 'foute' Zuidafrikaanse docenten.

In de discussie over het wel of niet verbreken van de banden met Zuid-Afrika speelde drs. H.J. Brinkman een hoofdrol. Hij was voor hij begin jaren zeventig toetrad tot het college van bestuur docent in de Zuidafrikaanse Taal- en Letterkunde. Brinkman is de grote motor geweest achter het opnieuw aanknopen van banden met Potchefstroom. Een half jaar geleden noemde hij het nog 'onaannemelijk' dat de VU nieuwe contacten zou aangaan. Hij hield toen in zoverre een slag om de arm dat hij 'contacten die geen geld kosten' niet wilde uitsluiten. Hij vroeg zich bij dezelfde gelegenheid af of de VU en Potchefstroom "elkaar als christelijke universiteiten nog wat te zeggen hebben." Deze zomer



maakte hij opnieuw een reis naar Zuid-Afrika en kwam tot de conclusie dat de VU en Potchefstroom nog wel degelijk iets kunnen betekenen voor elkaar en nodigde Reinecke uit om naar Nederland te komen.

Dinsdag was het dan zo ver. Brinkman stelde zijn gast voor aan het publiek en zei, als om te bewijzen dat hier echt niets onoirbaars aan de hand was: "Alles wat hier gezegd wordt mag in de krant; dit is een open bijeenkomst."

Reinecke sprak in het Afrikaans. Zijn inleiding hield hij echter in het Nederlands. Dat kan hij spreken omdat hij in de jaren zestig in Leiden is gepromoveerd in de biochemie. Hij was voor het laatst in 1968 aan de VU geweest.

Reinecke verloochende zijn exacte op-

vervolg op pagina 3

# Rector Potchefstroom

vervolg van pagina 1

leiding niet en legde een indrukwekkend aantal statistieken en staafdiagrammen op de *overhead projector*, om te tonen hoeveel er al in beweging is in Zuid-Afrika en hoeveel meer er nog in beweging zal komen. Hij liet zien dat het aantal zwarte schoolverlaters in de volgende eeuw enorm zal stijgen. Nu is nog 25 procent van de bevolking ongeletterd, en gaat maar zo'n 2 procent naar de universiteiten. Maar deze cijfers zullen in het nieuwe Zuid-Afrika totaal anders zijn.

Reineckes greep zijn voordracht vooral aan om informatie te geven over de cijfermatige kant van het hoger onderwijs. Dat was nogal verrassend voor een Nederlands gehoor dat gewend is vooral in sociaal-politieke zin na te denken over Zuid-Afrika. Want wie heeft zich ooit afgevraagd hoe hoog Zuid-Afrikaanse onderzoekers op de wereldranglijst van wetenschappelijke publikaties staan? Het is de vijfentwintigste plaats, en daarmee is het land kampioen van Afrika. Ter vergelijking: Nederland staat elfde op Reineckes lijst.

Uiteindelijk sneed Reinecke toch het lang verwachte onderwerp 'politiek' aan. Maar tot teleurstelling van vele aanwezigen bleef ook dit erg abstract. Reinecke een evenwicht moeten vinden tussen 'elitisme' en 'egalitarisme', tussen 'korporatie' en 'gemeenschap'. Een schema dat meer geschikt was voor een politicologisch tekstboek dan voor een gehoor dat mooie verhalen wilde horen over Zuid-Afrika in het post-apartheidstijdperk.

### Profiel

Reinecke sprak ook veel over 'missie' en 'uitdaging', maar erg concreet werd het zelden. Een schets van de omgang tussen blanke en zwarte studenten op de campus in Potchefstroom bleef uit.

Mooie voornemens heeft de universiteit wel. Sinds de eerste kleurling-student in 1973 werd toegelaten, is het aantal nu toegenomen tot bijna vierhonderd. "Het profiel van Potchefstroom verandert dus. We zien onszelf als een opleidingsuniversiteit voor een brede gemeenschap." Reinecke lichtte dit later desgevraagd nog iets toe. Potchefstroom wil vooral een rol spelen in de eigen regio, West-Transvaal. Daar wonen veel zwarten die Tswana spreken. Volgens collegevoorzitter Brinkman zal het aantal Tswana sprekende blanken aan de Potchefstroomse Universiteit in de toekomst een mooie indicator opleveren voor de vorderingen met de integratie in het nieuwe Zuid-Afrika.

Hoe nieuw dat nieuwe Zuid-Afrika



**ANC vindt Leidse samenwerking met Zuid-Afrika 'niet gelukkig'**

Het Nederlandse bureau van het African National Congress (ANC) heeft moeite met de samenwerkingsovereenkomsten van de Leidse universiteit met drie Zuidafrikaanse universiteiten. Juist Potchefstroom, Pretoria en Stellenbosch nemen weinig initiatieven tot een non-raciaal onderwijsssysteem.
Dit zegt C. Niehaus, vertegenwoordiger van het ANC in Nederland. Andere Zuidafrikaanse universiteiten hebben volgens hem een veel krachtiger anti-apartheidsbeleid ontwikkeld. Drs. W. Teller, hoofd van het universitaire Bureau Buitenland, wil van de bezwaren van het ANC niets weten. 'Wij hoeven noch aan het ANC noch aan de Zuidafrikaanse regering toestemming voor samenwerking te vragen. Dit is een kwestie van wetenschap, niet van politiek.' (AP)

Lees ook pagina 4

REDACTIE:
KLOKSTEEG 25
2311 SK LEIDEN
TELEFOON 071-277272
29
MARE
15e JAARGANG
2 APRIL 1992

Twee banen, één kussen


Autobiografieën

Iraqw-taal

Raad Geneeskunde passeert Amsterdamse kandidaat-hoogleraar

ANC vindt Leidse samenwerking met Zuid-Afrika 'niet gelukkig'

*In 1992 het daar ook 'n samewerkingsooreenkoms tussen PUK en die Universiteit van Leiden op gang gekom. Bostaande klein beriggie op die voorblad van Mare, die mondstuk van die Leidse Universiteit en die spotprent is veelseggend …*



# 1.3 STUDENTERAAD

## 1.3.1 LANGDURIGE GEBOORTEPYNE

Dis byna ongelooflik: die eerste werklik eksklusiewe verteenwoordigende liggaam vir PUK studente het eers ongeveer 46 jaar ná die "geboorte" van die PUK, as Literariese Departement van die Teologiese Skool in 1876/77, sy beslag gekry!

Ja, dis raar – maar dis waar! Wat normaalweg as 'n vanselfsprekendheid aanvaar kan word – die instelling van 'n raad of liggaam om studente van 'n nuwe inrigting se sake te behartig – het in die geval van die PUK nie gebeur nie. 'n Klompie unieke faktore en omstandighede het hiertoe bygedra. Hierdie "geboorte" het ook sy pyne gehad …

Met die opening van die Teologiese Skool in 1869 was daar vyf studente, die oudste waarvan - volgens destydse gebruik – as praetor aangewys is. Hoewel die woord "praetor" dikwels as voorsitter aangedui word, beteken dit eintlik "aanvoerder" en miskien eerder "segsman". Die praetor het, in die destydse klein opset te Burgersdorp, as tussenganger tussen die dosente en studente opgetree.



*Eerste vyf studente, 1869, saam met hul twee dosente. JSL Venter (37), tweede van links staande, was die eerste praetor. Die ander studente was M Pelser, LJ du Plessis, MPA Coetzee en WJ Snijman. Voor sit dosente Dirk Postma en Jan Lion Cachet.*

Met so 'n piepklein studentetal, wat aanvanklik nie eens dubbelsyfers gehaal het nie, was daar kennelik nie behoefte en ruimte vir 'n verteenwoordigende studenteliggaam nie. Soos 'n ywerige en miskien effens oor-ambisieuse Hollandse student vanaf die Vrije Universiteit spoedig sou uitvind.

Hierdie jongman, Jan Ernestus van Minnen, wat vir 'n rukkie as privaatsekretaris van president Paul Kruger opgetree het, het teen die middel-tagtigerjare vir teologiese studies aan die Teologiese Skool ingeskryf. Skaars gearriveer, of hy beywer hom vir die totstandkoming van 'n studente verteenwoordigende liggaam, soos wat hy aan die VU geken het. Daarmee het hy hom die gramskap van die gevestigde studente op die hals gehaal.

JA van Rooy, 'n medestudent wat kennelik nie ooghare vir die parmantige Hollander gehad het nie, vertel só hiervan: "Hy kon vir jou oreer soos Demosthenes self. Nou moes dit met



*Bo: 'n Karikatuurskets van JA van Minnen, in sy latere leeftyd toe hy as joernalis by Nasionale Pers werksaam was. Sy poging om in die 1880's 'n eerste SVR daar te stel, het misluk.*

*Onder: JA van Rooy, latere skoonseun van rektor Dirk Postma … skynbaar nie oog om oog gesien oor die rol en plek van 'n SVR nie.*



alle geweld vorentoe met hemelhoë ideale. 'n Nagemaakte Vrije Universiteits Studentekorps nil Desperandum Deo Duce' word gestig met 'n praetor en Abactis en Senaat en wat nie al nie. 'n Gedugte Reglement word opgestel … Aanstoot word gegee en geneem op 'n vergadering. Die bom bars, 'n beetje gaslug en die liggaam ontbind van narigheid." Van Minnen was kort hierna haaks met rektor Dirk Postma (latere skoonpa van Van Rooy) en moes sy studies staak.

Die praetor het gereeld, by die aanvang en afsluiting van lesings en wanneer aktuele akademiese sake bespreek moes word, die studente in vergadering byeengeroep. Hierdie byeenkomste is deur 'n verkose sekretaris genotuleer, en in latere dokumentasie is hierna verwys as **Studente Algemene Vergadering** [SAV].

Die totstandkoming van 'n sterk **Studente Letterkundige Vereniging** in 1892 het die studentekorps in georganiseerde verband byeengebring rondom letterkundige aangeleenthede. Waar die Teologiese Skool destyds ook baie junior leerlinge gehuisves het, en hulle outomaties ook lidmaatskap van die SLV verkry het, het daar spoedig wrywing tussen die meer senior studente en die juniors ontstaan. Die jongeres "wil ons ouëres toetrap", het segsman Van Rooy by rektor Jan Lion Cachet gekla, en só het 'n nuwe vereniging vir die meer senior studente (gematrikuleerdes) sy beslag gekry.

**Korps Veritas Vincet** (kortweg Korps) se doel was die aankweking en voortplanting van die gereformeerde beginsels op godsdienstige en staatkundige gebied (a) hoofsaaklik onder sy lede maar (b) ook in die breër studentekring en (c) vir sover dit paslik en moontlik is, ook na buite. Of, ietwat anders geformuleer: "Sijn verhewe doel was om die studentelewe aan die Skool in gereformeerde bane te lei. Die studente moes saamgebind word deur die band van die geref[ormeerde] lewensbeginsel. Die Korps moes die organisasie vorm, waardeur die studentekring offisieel kon optree en sig aan die buitewêreld openbaar."

In hierdie "beleidsverklaring" is kennelik 'n drang na gesagsvoering sigbaar. Die feit dat Korps vir baie jare lank naas die Studente Algemene Vergadering funksioneer het sonder om in botsing daarmee te kom, kan dalk toegeskryf word aan die feit dat die vereniging so geweldig aktief was en daar soveel aktuele sake was waaraan aandag gegee kon word.

Die **Studente Algemene Vergadering**, wat maar op losse skroewe gefunksioneer het en as "bestuur" slegs op die praetor en sekretaris kon staatmaak, het onder meer in 1894 reeds aandag begin skenk aan 'n embleem vir die studente. Hulle het ook die kleurekwessie hanteer en reëlings getref vir intreeredes, die Skool se verjaardagvieringe, die gee van geskenke aan uittredende dosente en fotonemery van die studentekorps.

Sake soos die stigting van 'n sportkomitee, 'n krieketklub en 'n tennisklub was ook op hulle tafel, terwyl die "Vergadering" ook verantwoordelik was vir die oprigting en instandhouding van die eerste werklike studentekoerant, *Het Studenten Blad* in 1898.

Na afloop van die Anglo-Boereoorlog het die ASV weer byeengekom "om den onderlingen band weer te herstellen" en sake wat nie nagelaat kan word nie te bespreek. Hierdie sake was die koerantjie, wat teen 1904 'n naamsverandering tot *Fac et Spera* ondergaan het, 'n geskenk aan uittredende prof. Ph Snyman, die oprigting van 'n gedenkteken vir gesneuwelde makkers en "aangeroerd zaken met betrekking tot Sports en Badges". Die voortslepende kleurekwessie, die oprigting van 'n tennisbaan en sake rakende die tennisklub, versorging van die gronde, die herlewing van die orkes ("Band") en die daarstelling, in 1908, van 'n strykorkes, ondersteuning van die CNO-beweging in Transvaal, reëlings vir die verplasing na Potchefstroom, ondersteuning vir die oprigting van 'n monument vir wyle president Paul Kruger is ander sake wat vroeg in die eeu aandag geniet.

Meer nog: ook die hervestiging van die Voetbalklub (Sokker), steun aan die stryd vir die Afrikaanse taal (1905) en inisiatief vir die stigting van die Afrikaanse Taal Unie, onderhandelings oor klasse en vakansietye met die professore, hersiening van die Soutwet (ontgroening) in 1909, die oprigting van 'n koor (in 1909), wat hom uitsluitend sou bepaal tot die vierstemmige sing van Psalms, reëlings vir die aanbieding van 'Conversationes"

(konserte) en, les bes, die verwelkoming (in Junie 1915) van die drie medestudente wat weens militêre diensweiering tydens die regering se Suidwes-Afrika veldtog in die Upingtonse tronk beland het.

In Junie 1914 word vergadering gehou "om planne te beraam om te kom tot die oprigte van 'n vereniging vir al die studente". 'n Besluit om so 'n vereniging op te rig is aanvaar en die saak is aan 'n kommissie toevertrou.

Meer as 'n jaar later, op 3 Augustus 1915, en sonder dat spoor gekry is van 'n kommissieverslag, word vergader vir "die kiese van 'n studente verteenwoordigende komité of raad". Nuwe praetor JC van Rooy het dit só gemotiveer: "Omdat die aantal studente in die laaste tijd so groot geword is, is dit onmogelik vir die Praetor om al hulle belange alleen te behartig. Hij voel ok die verantwoordelikheid is te groot. Die vorige Vrijdag aand met die resepsie van ons losgelate krijgsgevange studente moes hij en die sekretaris alles reël wat baja moeite gekos het."

Daar en dan is besluit om 'n **studente verteenwoordigende raad** in te stel, bestaande uit sewe lede "meer of min die klasse vertegenwoordigende" (en insluitende die praetor). Saam met praetor JC van Rooy is vervolgens as heel eerste lede van die SVR aangewys H van der Walt, D Gilliland, D Venter, DJ van Rooy (sekretaris), LJ du Plessis en BJ de Klerk.

Nog twee vergaderings word in die loop van 1915 gehou, en dan 'n laaste byeenkoms en 'n ingrypende besluit, vroeg in Maart 1916: "Aangesien die Matrikulasie klas nou onder die gymn. [Gimnasium[ val en daar dus die Gymnasium Korps ontstaan het tesame met die Korps V.V., besluit die vergadering om die Alg. Studente Vergadering ontbonde te verklaar." Die kwessie van Heldedag – 'n uitnodiging van Stellenbosch se Werda Komitee om hul groot heldedagbyeenkoms by te woon en wat pas tevore deur die ASV hanteer is – is na die twee korpse verwys.

Inmiddels was daar roeringe in Korpsgeledere oor rigting en koers.

*Eerste SVR-lede 1915 … maar funksioneer nooit!*

*JC van Rooy, HJ van der Walt, DJ van Rooy, LJ du Plessis, BJ de Klerk*




JC van Rooy



HJ van der Walt



DJ van Rooy



LJ du Plessis



BJ de Klerk



*CWM du Toit*



*ELJ Venter*



*DG Venter*

Korps Veritas Vincet, wat vanaf 1913 die studenteblad as mondstuk oorgeneem en as *Veritas Vincet* uitgegee het, het in Maart 1914 sy statute en reglement hersien en daarin, as eerste punt onder doelstellings, gestipuleer dat dit die orgaan of mondstuk wil wees "van de studentewereld aan de Theologiese School". En te midde van groot verdeeldheid – 'n sterk minderheidsgroep wou hê dat Korps sy karakter as vereniging behou – is 'n voorstel aanvaar dat Korps die karakter van studente verteenwoordigende liggaam aanneem en dat sy voorsitter, wat slegs deur Korpslede (die sg "Seniores") gekies is, ook as praetor van die hele studentegemeenskap sal optree.

Die Senaat het egter in Maart 1914 by monde van drr JD du Toit en SO Los die ballon geprik deur te eis dat die praetor steeds deur al die studente en dus ook die matrieks gekies moes word; ook het hulle aanbeveel en is dit so aanvaar dat Korps steeds die karakter van 'n vereniging sal behou. In sekere Korpskringe was daar teleurstelling … maar "die ideaal [het] in stilte bly voortlewe".

JC van Rooy en LJ du Plessis, wat van die groot dryfkragte agter die "Korps-vir-SVR" beweging was, het nou geywer vir die oprigting van 'n "Algemene Studentenvereniging" (ASV) met die doel om nouer omgang tussen alle studente aan die Skool te bevorder. In soverre Korps tot dusver ook met die kleurekwessie gehandel het, is dit nou na die ASV verwys.

Intussen het die Senaat in November 1915 kennis geneem van, en sy sanksie toegesê aan die Studente Verteenwoordigende Raad (SVR) wat die praetor "as 'n hulp voor sig" verkry het en word 'n voorgelegde reglement aanvaar.

Maar dinge verloop anders. Met die oorgang van die matrieks na Gimnasium en die daaropvolgende ontbinding van die Algemene Studente Vergadering, was dit skielik nie meer nodig om 'n nuwe studentevereniging tot stand te laat kom nie: Korps, wat tog in elk geval al die oorblywende studente omsluit, kan sommer as sodanig dien. JC (Joon) van Rooy was immers nou praetor van sowel die ASV as Korps en dieselfde geld vir sekretaris DJ (Dirk) van Rooy.

Gevolglik is geen SVR aan die begin van 1916 aangewys nie, maar het die Korpsbestuur as sodanig gefunksioneer. Saam met die twee van Rooys was die ander lede CWM du Toit (ondervoorsitter) en ELJ en DG Venter as "kommissielede".

Aan die Senaat is kennis gegee van die verwikkelinge. Volgens Van Rooy het die Senaat sy goedkeuring daaraan geheg en het Korps inderdaad voortaan die rol van SVR vervul. Tog is daar die eienaardigheid dat (weer) in Junie 1918 formeel en skriftelik by die Senaat aansoek gedoen word om as SVR erken te word, met die motivering dat Korps "feitelik" daardie rol vervul. Die Senaat het die groen lig gegee, Korps het sy konstitusie dienooreenkomstig gewysig en sou vir 'n hele aantal jare as verteenwoordigende liggaam vir die studentegemeenskap optree.

Korps het sy breër taak met ywer en entoesiasme aangepak. Dit speel 'n sleutelrol by die totstandkoming van die Afrikaanse Studentebond (ASB) in 1916 en hanteer onder meer die kleurekwessie wat reeds so 'n lang pad kom, asook dié van 'n eie embleem vir die Teologiese Skool en die PUK, wat in 1919 formeel tot stand gekom het. Aandag is gegee aan die verenigingslewe en sportbeoefening, aan skakeling met ander studenteliggame en alle ander sake wat van so 'n vereniging verwag kon word.


Maar nie vir lank nie …

Namate die studentetalle gegroei en al die studente hulle nie meer so geredelik in Korps-geledere begin tuis voel het nie (onder meer Normaalstudente wat klas aan die PUK geloop het), het die behoefte aan 'n afsonderlike studentevereniging of -raad om almal se belange te behartig, aangegroei.

Reeds in 1919 het PJS de Klerk verandering voorsien en wel vanweë die afskeiding tussen die



*Korps 1919, met eie vaandel. Sy lede ís nog díe somtotaal van studente aan díe PUK – díe een dame (Martha Lugtenburg) íngesluít!*



*PJS de Klerk … gekant téén Korps se dubbele rol.*

Teologiese Skool en die PUK in dié jaar. Korps sal nie langer as "offisiële studente korporasie" kan optree nie, voorspel hy, want PUK mag geen rekening hou met die geloof van studente wat wil inskryf nie. [De Klerk het hier waarskynlik in gedagte gehad die voorwaarde waaronder die regering tussentydse subsidie aan die te-stigte PUK verleen het.] Omdat Korpsbeginsels nie toelaat dat enigeen lid word nie, gaan daar studente wees wat nie op die Studenteraad (Korps) verteenwoordig word nie. Die reël dat elke student lid van Korps moet word het die karakter van Korps verlaag, en die dubbele hoedanigheid waarin Korps dien het demoraliserend op Korps ingewerk. De Klerk voorsien dus dat daar spoedig 'n SVR gekies sal moet word en dat die Korps-voorsitter nie meer as praetor sal ageer nie.

Maar, vreemd genoeg, is nie aan De Klerk se sentimente uitvoering gegee nie. Korps het nog steeds sy dubbelslagtige rol probeer speel.

Maar in 1923-24 het Korps, te midde van groot wroeging en baie woelinge, uiteindelik toegegee dat dit nie hulle ideaal behoort te wees om as studente verteenwoordigende liggaam op te tree nie en is die septer aan 'n nuutgevormde SVR oorhandig. Ook die blad *Verítas Víncet* is aan die SVR laat toekom.

Aan die begin van 1923 het die studente van PUK en die Teologiese Skool elk 'n eie praetor aangewys, wat saam met die bestuur van Korps as SVR opgetree het. In die loop van die jaar het die PUK se heel eerste SVR toe tot stand gekom, met Frikkie Robbertse as voorsitter.

In 1924 het die Normaalstudente, van wie baie kursusse aan die PUK geloop het, ook 'n eie SVR aangewys en is dié liggaam ook deur die senaat van die PUK erken. In sy hoedanigheid as leier van die studentegemeenskap aan die PUK het Frikkie Robbertse, wat ook in 1924 as voorsitter van die SVR gedien het, die PUK op 'n interuniversitêre byeenkoms in Bloemfontein verteenwoordig, waar die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) sy beslag gekry het.

PUK se georganiseerde studentelewe was op laas op vaste grond gevestig …

# 1.3.2 SR KRY DIE TREKPAS!

Dis nie aldag dat 'n Studenteraad die trekpas kry nie. Dit het wel op die PUK gebeur, in 1935, en tydens 'n massavergadering.

Baie ambisieus en roepingsbewus – maar tog ook rou en onervare, want net een lid (NT Snyman) het op die vorige SR gedien – het die Studenteraad van 1935 die bestaande konstitusies waarvolgens die studente regeer en beheer is onder die vergrootglas geplaas en baie dinge gevind wat volgens hulle nie reg was nie.




*Studenteraad no 1, 1935. Agter: C Greyling, NT Snyman, NGS van der Walt. Middel: J Postma, JA van der Walt (voors), mej. CJ Vorster, DJ van der Walt, mej. L le Clus. Voor: JH Steenekamp. (Besembos X(2) Junie 1935 p 8 – of PUK-Argief) Op die inlasse verskyn IJ Venter en Dirk Postma, wat in die nuwe (2de) SR vir Cas Greyling en mej. Le Clus vervang het.*

SR-voorsitter JA ("Tandjies") van der Walt, SR-voorsitter dié jaar, vat dit só saam: "Ons het vanaf 1931 gehandel volgens 'n konstitusie vir die studenteraad wat aan- en inmekaar gesit is deur besluite en tradisies wat mondeling oorgelewer is van jaar tot jaar, sommige waarvan dateer uit die vroegste tye van die bestaan van die P.U.K. By nadere analise en veral by handelinge op grond van die konstitusie het die gebreke aan en tekortkominge daarvan in die oog gespring. En seker die grootste beswaar teen die ou konstitusie was die kontradiksie daarin geplaas, n.l. dit is in sy grondslag, as dienende 'n studentegemeenskap met 'n uitgesproke beginsel en wêreldbeskouing, vas op beginsels, maar hierdie beginsels word verder nie prakties-bruikbaar uitgewerk in die konstitusie self nie."

In latere herinneringe gee Van der Walt verdere opheldering oor die destydse kwessie: "Nou het daar in dié tyd strominge in die studentelewe merkbaar geword wat ons verontrus het. Die stroom was redelik sterk en ons was bevrees dat die volgende Studenteraad deur die nuwe element oorgeneem sal word. Om dit te verhoed, neem die Studenteraad die kloeke besluit om sy konstitusie te verander, sodat die beheer in veilige hande sou bly. Dit sou tog 'n kwade dag wees indien die minder verantwoordelike deel van die studentegemeenskap die Studenteraad sou oorneem.

"Wel wetende dat so 'n drastiese inkorting van die vrye stem van die massa kwaai teenstand sal ontketen", lui Van der Walt se herinneringe verder, "het ons tog voortgegaan … Al die konstitusies is opgevra en ons het aan die werk gespring … Ons het verskeie nagte tot in die vroeë oggendure aan hierdie groot werk gewy. Tot die late ure het die liggie in Dempsie [DCS van der Merwe] se kamer in die Spelonke gebrand, hy voor die tikmasjien terwyl Dirk [Postma] en ek die veranderinge formuleer."



*DCS (Demps) van der Merwe – sterk standpunte teen "afvalliges".*

Die resultaat was 'n "radikale verandering" in die konstitusie sover dit die aanwys van die SR betref deur voorsiening te maak vir beginsel- en belangeverteenwoordiging: die Calvinistiese beginsel in Korps, die "Afrikaans-Nasionale" in die ANS en sport en organisatories in 'n nuwe "portefeulje" Sport- en Administratiewe Bestuur (SAB).

In studentegeledere het die gemoedere intussen begin oplaai en sou dit breekpunt bereik op die "groot aand", 'n massavergadering vir die goedkeuring van die nuwe konstitusie. Daar was vurige bespreking en harde woorde het van weerskante geval. En dan, uiteindelik, word die stemme getel – en blyk dit dat die SR se voorstel die onderspit gedelf het!

"Vir my was daar geen ander uitweg as om te bedank en die ondervoorsitter te vra om die stoel in te neem", vertel Van der Walt verder. "Maar daar kom Mac [NT Snyman, ondervoorsitter] en hy skud sy kop so op en af soos wanneer hy ernstig raak, en hy bedank ook. Nou volg dinge baie vinnig opmekaar. Al die lede van die Raad bedank; slegs Dirkie van der Walt as sekretaris bly nugter op sy stoel en hy skryf dat die vonke spat om rekord te hou van alles wat gesê en gedoen word. Chaos heers in die saal. Uiteindelik gryp iemand in, of dit ek of Dempsie was weet ek nie meer nie, maar orde word herstel met 'n Driemanskap (ons ken mos die geskiedenis van die Transvaal!) wat ondertussen sal oorneem en 'n nuwe verkiesing sal uitskryf. Die drie man was Dirk Postma, Gert Pasch en Christie Kruger."

Die PUK-kampus het hierna gegons soos daar nabetragting gehou en bespiegel is. 'n Nuwe verkiesing, onder die ou konstitusie, is uitgeskryf maar daar was geen nominasies nie. Weer word massavergadering gehou – en hierdie keer word die nuwe konstitusie wel goedgekeur! Die kwaai opposisie van kort tevore het soos mis voor die son verdwyn!

Verkiesing word gevolglik volgens die nuwe konstitusie gehou – en op twee na word dieselfde persone weer met die leisels van die studentelewe toevertrou! Die vervanging van JC (Cas) Greyling en mej. L le Clus met Dirk Postma en IJ Venter het op die oog af geen verband met die woelinge gehad nie.

Die vraag bly steeds - waarom dan al die aanvanklike woelinge en ontevredenheid?

In 'n buitengewone verslag kort na die woelinge het Van der Walt as herkose voorsitter onder andere gewaarsku teen groepvorming – iets wat skynbaar op hierdie tydstip in 'n erge graad op die PUK aanwesig was.

DCS (Demps) van der Merwe, wat aanvanklik as SR-voorsitter vir 1935 aangewys was maar weens studieverpligtinge bedank het en toe hoofredakteur van *Die Besembos* geword het, het in 'n lywige redaksionele artikel, wat byna agt bladsye beslaan, die hele gedoente ontleed. Hy wys onder meer daarop dat daar sterk georganiseer is om Nederduitsers (lede van die NG kerk) op die SR te kry en wel omdat, volgens hulle, "dit nie reg is nie dat Doppers al die sê moet hê nie". Gelukkig het studente van al drie kerke konsekwent en beslis geweier om 'n kerkstryd op die PUK te laat ontbrand en het die kompleks oor 'n "Doppertirannie" slegs by enkeles posgevat.

Die aantygings van kerkisme is skerp weerlê: "Daar is lede van alle kerke aan albei kante. In die P.U.K. se beginsels is daar niks kerkisties, in die praktyk ook nie, ons Raad, Senaat en studente is van alle kerke … Verlede jaar was 'n Gereformeerde Voorsitter van die Studenteraad, die vorige jaar 'n Nederduitser, en die jaar daarvoor 'n Hervormer …"

Demps noem ook Gryshempbroederskap, koshuiskameraadskap, liefde vir buitestudente (wat glo so vreeslik misken en verdruk word), alles saamgegooi in een pot, gekook en gemeng met nie te min greintjies eersug en liefde vir bandeloosheid nie", was goeie lym en het voldoende geleenthede gebied vir die vorming van partyskappe. Van der Merwe beweer ook dat die nasionaal-sosialistiesgesinde Gryshempbeweging veral op eerstejaarsvlak steun probeer wen het.


In sy ietwat breedsprakige en emosionele kommentaar kom Demps tot hierdie slotsom: "Dit is 'n stryd tussen die nuwigheid aan die P.U.K. dat die inrigting net breed-Christelik-

nasionaal moet wees, en die ou tradisionele standpunt dat hy streng-Calvinisties moet wees. Laasgenoemde standpunt is die muur waarteen vergeefs vasgeloop word." Hy betoog verder, en gee die nodige toeligting daartoe, dat hierdie standpunt homself op historiese, prinsipiële en praktiese gronde regverdig.

Vir Van der Merwe is dit kristalhelder: "Geen kompromis. Dus: die P.U.K. bly streng-Calvinisties en hiervoor word in die studentelewe die nuwe grondwet streng en konsekwent gehandhaaf en ook toegepas … Die P.U.K. kan alleen sy bestaan regverdig solank as wat hy uniek bly in sy beginsels. So gou as ons net soos ander wil word dan verdien ons om opgehef te word."

In sy latere herinneringe erken ds. Peet Venter: "Heimat was deur die jare 'n eenheid – en stroomop! Die lere kon by ons kom leer het. Die kreet was: teen die nuwe konstitusie (van die S.R, naamlik), hoewel ons naderhand nie meer so presies geweet het waarom dit gaan nie!"

*"Veet Penter se mislukte veldtog". Dit sou interessant wees om die rolspelers op die foto te kon identifiseer. Enkele oorlewende tydgenote kon ongelukkig nie behulpsaam wees nie.*





Die trillinge van die 1935-woelinge sou nog 'n tyd lank gevoel word. Teen die einde van 1936 rapporteer redaksielid T Weber in *Die Besembos*, "het daar skielik weer 'n gegons ontstaan en alles was gemobiliseer. Dit was toe weer dieselfde ou-ou storie van ouds wat reeds dood en vergete moes gewees het en ook as sodanig al beskou was deur die meeste studente. Hier aan die end ontstaan dieselfde onluste weer wat verlede jaar aan die end plaasgevind het. Dit is nog omtrent dieselfde uitgesoekte groepie wat weer met dieselfde uitgesoekte mosies te voorskyn getree het."

Weber gee meer besonderhede oor die klagtes en probleme van die beswaardes, naamlik beskuldigings van laksheid en dat te min werk deur die SR gedoen is, en 'n versoekskrif dat die ou konstitusie in ere herstel sal word. Van die 36 name op die petisie was 19 dié van eerstejaars! Van die besware teen die kandidate vir die voorsitterskap van die SR was onder meer dat hulle nie rugby speel nie, dat hulle nie kamerbesoeke doen of groet nie, ensomeer.

Maar dit was tevergeefs: "Nogeens het die goeie geseëvier … Die mosiemense is terdeë met die kous oor die kop huistoe gestuur." SR-voorsitter Johannes Postma was "hoogs tevrede" en meen dat die nuwe konstitusie goed gewerk het. Volgens hom is die wedersydse vertroue tussen SR en studente weer herstel. Tog het 'n gebrek aan eenheidsgees en 'n onvermoë om tussen sake en persone te onderskei, nie tot optimisme gestem nie.

Die konstitusie van 1935, wat die "rebellie" van 1935 oorleef en 'n tweede, flouer aanslag in 1936 sonder moeite afgeslaan het, sou vir baie jare vorentoe die basis vorm vir die bedryf en bestuur van die georganiseerde studentelewe aan die PUK.



*PUK Studenteraad 1936 – byna weer 'n herhaling van 1935! Agter: JH Thuynsma, BR Kruger, GBS Pasch, TW Weber en H Venter. Voor: A van Niekerk, J Postma (voors), DJ van der Walt en F Kruger.*

# 1.3.3 "ONWETTIGE" SR

Hulle sê mos so graag die geskiedenis herhaal homself …

Dié geykte, byna holruggeryde uitdrukking kan tot 'n groot mate ook toegepas word op woelinge rondom die SR-verkiesing van 1958. Die omstandighede het wel ietwat verskil van die situasie in 1935, maar in wese was daar gisting en ontevredenheid by studente oor 'n persoon of persone wat tot die SR verkies was, is daar gepraat van ongerymdhede en wanpraktyke, moes SR-lede hul bedankings indien, moes daar weer 'n verkiesing gehou word.

En die man in die middel van die 1958 woelinge … HJD (Hennie) van der Walt, broerskind van JJ van der Walt van 1935!

Dit wil-wil lyk asof daar teen 1958 en onder die oppervlakte 'n soort van onvergenoegdheid by 'n deel van die studentegemeenskap ontbrand het oor die feit dat SR-voorsitters jaar na jaar net uit die geledere van die tokkelokke (teologiese studente) afkomstig was. Dit was natuurlik 'n resultaat van die 1935 grondwetwysigings, waardeur destyds seker gemaak wou word dat die leisels altyd in die hande van "die regte persone" sal wees. Die massa kon die voorsitter kies, ja-wel, maar 'n kieskollege van die uittredende SR lê die name van 'n tweetal voor.

In 1958 was tokkelok Dirk Postma aan die stuur, met FW de Klerk ('n student in die regte) as sy adjunk. Postma was nie weer beskikbaar nie en De Klerk het afstudeer, sodat 'n nuwe span middel September moes oorneem. *Díe Wapad* van Woensdag 17 September berig oor "Gevaarlike Hoogspanning" (sub-opskrif van hoofberig op voorblad) wat daar in 'n stampvol studentesaal tydens die verkiesingsvergadering die vorige Donderdag geheers het.

In 'n afsonderlike beriggie word die sluier so effens gelig: "Dat daar verbasing op baie gesigte in die saal te lese was toe die tweetal vir die verkiesing van 'n studenteraadsvoorsitter Donderdagaand aangekondig is, is 'n feit … Nog voordat die voorsitter die tweetal kon bekend maak, het dit reeds soos 'n veldbrand deur die saal versprei en op baie gesigte was daar verbasing te lees en op sommige ontsteltenis. Daar was seker baie jare gelede soveel onsekerheid oor wie die paal sal haal as wat daar vanjaar was, en tog het elkeen vir homself die tweetal gestel en sy man daaruit gekies – en by die meerderheid was daar eenstemmigheid oor hierdie tweetal. Tog was dit nie die tweetal wat deur die S.R.-kieskollege aan die massa voorgelê is nie. Waar het die fout dan ingesluip, of het die massa hulle vergis?"

Tipies van die destydse joernalistiek word name en verdere besonderhede verswyg – tot uiterste frustrasie van die ou wat eendag hierdie sage moes boekstaaf!

Skrywer hiervan was in 1958 'n eerstejaar en onthou nog goed die groot opgewondenheid waarmee die verkiesingsvergadering benader is - en dat gemoedere by tye hoog geloop het. Nooit kon droom dat hierdie stukkie selfbeleefde geskiedenis eendag self te boek gestel sou word nie! Dié persoonlike herinneringe word gestaaf deur Amie Venter, lid van die destydse uittredende SR en in sy latere lewe en steeds vandag nog sterk betrokke in die landspolitiek.

Vanweë 'n skielike operasie laat in Augustus het hy nie die hoogspanningsdae beleef nie. "By my terugkeer na die Puk laat in September", onthou hy, was die gebeure natuurlik die enigste saak waaroor gepraat is en dit was duidelik dat die studente ook in kampe verdeel was en dat baie emosie betrokke was."

Die tweetal vir die voorsitterskap was HJD (Hennie) van der Walt en JH (Amie) van Wyk, met eersgenoemde, wat eers as ondersekretaris en toe as sekretaris reeds twee jaar op die SR gedien het, die uitverkore nuwe voorsitter van die studentegemeenskap.

*Opskrifte maak nuuskierigheid gaande!*



STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

# DIE WAPAD

DEEL XIII. Woensdag, 17 September 1958 No. 1&

## LAASTE MASSAVERGADERING ONDER OU BESTUUR

### GEVAARLIKE HOOGSPANNING

'N STAMPVOL STUDENTESAAL DONDERDAGAAND WAS DIE KROON OP DRIE VOORAFGAANDE DAE SE VERKIESINGS. SOOS ALTYD, WAS OOK VANJAAR VERRASSINGS VOLOP, VERASSINGS WAT SOOS GEWOONLIK ONVERMYDELIK DIE OORSAAK WAS TOT GROOT VREUGDE EN TELEURSTELLING.

Die atmosfeer was merkbaar gespanne toe mnr. Dirk Postma, die afgetrede S.R.-Voorsitter, die jaarverslag gelewer het met mnr. F. W. de Klerk in die voorsitterstoel. Uit die verslag het dit duidelik geblyk dat die Studenteraad van 1958 stewig voortgebou het op die fondamente wat daar gelê is. Vir al die getroue en ywerige diens aan die studentegemeenskap wil ons mnr. Dirk Postma, as voorsitter in besonder, saam met sy „span" ook langs hierdie weg baie hartlik bedank.

Mej. Bennie Kruger, afgetrede hoofdame, het na verneem word, ernstig beswaar aangeteken teen die „vry"-postige houding wat die bekerwenners onder die mansgeledere ingeneem het. Maar sy het geglimlag toe sy beswaar gemaak het — want sy weet haar beurt is verby!

HENNIE VAN DER WALT

### Donderdagaand in Oënskou.

DAT DAAR VERBASING OP BAIE GESIGTE IN DIE SAAL TE LESE WAS TOE DIE TWEETAL VIR DIE VERKIESING VAN 'N STUDENTERAADSVOORSITTER DONDERDAGAAND AANGEKONDIG IS, IS 'N FEIT, MAAR DAT DAAR MET DIE VERKIESING GESKIEDENIS GEMAAK IS, IS 'N NOG MEER VOLDONGE FEIT.

Nog voordat die voorsitter die tweetal kon bekend maak, het dit reeds soos 'n veldbrand deur die saal versprei en op baie gesigte was daar verbasing te lees en op sommige ontsteltenis. Daar was seker baie jare gelede soveel onsekerheid oor wie die paal sal haal as wat daar vanjaar was, en tog het elkeen vir homself die tweetal gestel en sy man daaruit gekies — en by die meerderheid was daar eenstemmigheid oor hierdie tweetal. Tog was dit nie die tweetal wat deur die S.R.-kieskollege aan die massa voorgelê is nie. Waar het die fout dan ingesluip, of het die massa hulle vergis?

Maar ook die samestelling van die studenteraad het verrassings opgelewer. Ons dink maar net aan die A.S.B. Tog het die nuwe S.R. in die laat ure van die nag in sitting gekom en baie studente het met 'n vraagteken helder in die gees gaan slaap.

Aan elke lid van die nuwe Studenteraad bied ons ons hartlikste gelukwense met die besondere prestasie. Julle het ver op die leer gevorder.

Aan Hennie wil ons net sê: Jy het die leisels in die hande, hou hulle stewig vas. En aan Abie is ons boodskap: Daar rus 'n swaar taak op jou skouers.

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Hennie van der Walt |
| Ondervoorsitter | A. N. Helberg |
| Sekretaris | Gert Hattingh |
| Onder-Sekretaris | Albert Viljoen |
| Penningmeester | Amie Venter |
| Afgev. A.B.K.K. | Maartin van der Walt |
| | Dries Yssel |
| " S.S.B. | Det Wet Kruger |
| | Ansa Bingle |
| " A.S.B. | Lucia Raubenheimer |
| | Louw van Wyk |
| " K.V.V. | Amie van Wyk |
| | Jan van der Schyff |
| Hoofdame | Hermina v. d. Dussen |

A. N. HELBERG

### Ai, Die Mans!

Toe die dames Vrydagoggend vaak-vaak die eetsaal binnekom, moes hul tot hul ontnugtering ontdek dat daar nog net vurke oor is om mee te eet! (Hulle het tog in die stilligheid gewonder hoe die mans dit regkry om elkeen met meer as een mes of lepel op 'n slag te eet?. Dit was nogal interessant om te sien hoe handig mens met 'n vurk kan word. Brood smeer, eier eet en koffie roer kan alles betreklik maklik gedoen word, maar die papskottels het vol teruggegaan. As die mans so aanhou, sal die dames perdebylyfies ontwikkel van al die kalorië wat hulle noodgedwonge minder moet inneem. Of is dit dalk die idee?

* * *

**Die toppunt van hoflikheid: Daar was slegs een sitplek oop in die betrokke wa van 'n voorstedelike trein. Toe die deure op die volgende stasie oopskuif duik 'n man en 'n dame van teenoorgestelde kante op die sitplek af. Die man gly eerste in die sitplek terwyl hy die dame byna van haar voete af stamp. Almal het gespanne toegekyk toe sy na hom draai. Sy het sy arm gegryp, dit hoog in die lug opgehou en geskree: „Die wenner!"**




*GBS (Gert) Bester (pro-Helberg) was saam met LAS (Wit Louw) van Wyk en Toy Dannhauser (pro-Hennie van der Walt) vername rolspelers in die drama rondom die 1958 SR-verkiesing.*

Wie se naam (of name?) moes dan, volgens die argumentasie van die studenteblad, wel op die tweetal gewees het?

Die antwoord is duidelik deur die studentegemeenskap gegee toe hulle AN (Abé) Helberg bokant Van Wyk as ondervoorsitter verkies het. In sommige studentekringe is destyds geglo dat Helberg doelbewus van die tweetal vir voorsitterskap geweer en Van Wyk as pion gebruik is om Van der Walt se verkiesing moontlik te maak. Die naam van LAS (Wit Louw) van Wyk as baasbrein agter dié plan word genoem. Die aand na die verkiesing het Abé 'n briefie op sy tafel gekry: "Die kieskollege is nie 'n klomp pampoene nie. Moet net nie jouself gaan ophang nie." Ook die bekende rugbyspeler, Toy Dannhauser, was skynbaar 'n bevorderaar van Hennie se kandidatuur.

Die anonieme skrywer van die verslag in *Die Wapad* verhoog die nuuskierigheid van die historiese navorser wat byna 'n halfeeu later aan hierdie dingetjies begin krap: "Maar ook die samestelling van die studenteraad het verrassings opgelewer. Ons dink maar net aan die A.S.B. …" En laat dan sommer die saak in die lug hang!

Die twee nuwe ASB-verteenwoordigers was Lucia Raubenheimer en LAS (Lou) van Wyk. Wat opmerklik is, is dat nóg Van Wyk nóg Raubenheimer die vorige jaar op die ASB bestuur gedien het en dat beide bokant die voorsitter vir die komende termyn, FJ du Toit Lessing, as SR-verteenwoordiger aangewys is.



*Tjaart van der Walt … kommissie bevind SR-verkiesing onwettig. Ongelukkig kon hierdie verslag nie opgespoor word nie.*

Amie Venter gee bevestiging vir bedenkinge: "Ek weet net dat dit vir my vreemd voorgekom het dat Frans Lessing as voorsitter van die ASB nie as SR-lid aangewys is nie … Ek het die indruk gehad destyds, dat dit selfs vir Lucia 'n verleentheid was dat sy as addisionele lid van die ASB bokant die voorsitter aangewys is op die SR. Klaarblyklik het persoonlikhede 'n rol gespeel." Iewers langs die pad het mej. Raubenheimer uit die prentjie verdwyn en het Lessing wel sitting op die SR verkry.

Om deur die wasigheid wat die kwessie omhul te probeer dring is die destydse notules van die SR geraadpleeg. Nie dat dit mens veel verder bring nie – trouens, die raaisel rondom die verkiesing verdiep effens. Op Maandag 15 September word onder die item "Ondersoek na pasafgelope verkiesings" gemeld dat 'n spesiale massavergadering deur 'n aantal studente aangevra is, en dat dit op Donderdag die 18de gehou sou word.

In die byeenroep van hierdie vergadering het 'n man soos Gert Bester (Dawie Doep) 'n groot rol gespeel – Abé Helberg was natuurlik koshuisverteenwoordiger van hierdie koshuis. Dis natuurlik nie uitgesluit nie dat die verkiesing van die voorsitter (en van die SR in sy geheel) 'n simptoom was van die hewige kompetisie tussen die koshuise, met LAS van Wyk en Toy as twee van die leiers van die Heimat-kompleks groep.

Op hierdie massavergadering is 'n kommissie aangewys wat die verkiesing in oënskou moes neem. Hierdie kommissie, met oud-voorsitter Tjaart van der Walt as sameroeper, het op grond van interpretasie van die konstitusie tot die bevinding gekom "dat die Studenteraad as geheel ongeldig verkies is".

Hierdie skokkende bevinding is op Maandag 22 September aan die massa oorgedra.

Op dieselfde vergadering het Amie van Wyk voorgestel dat die kommissie ook moontlike leemtes in die konstitusie sal aantoon.

Op Maandagaand 13 Oktober het die SR die lede van die Verkiesingskommissie ontmoet en daarna besluit om dit aan SR-lede individueel oor te laat om te besluit of hulle wil bedank of nie. Reëlings is ook getref vir die opvul van vakatures.

*SR 1959*



Al die SR-lede het hierop, skynbaar individueel, hul bedankings ingedien, en wat die Van Wykmosie betref, het nie een van die betrokke kommissie hul weg daartoe oopgesien nie en is dit aan Van Wyk self, Hennie van der Walt en Abé Helberg (konvenor) opgedra om opnuut na die konstitusie te kyk.

Wat die werksaamhede van dié kommissie betref: daar is 'n stukkie ironie in die feit dat Hennie, by sy uittrede aan die einde van 1960, geloof is vir die verandering ten opsigte van verkiesingsprosedure vir die SR wat in 1959 in werking gestel is!

Nou kom daar 'n ander kinkel in die kabel. Waarnemende rektor Hennie Bingle, wie se dogter Ansa deur 'n onderliggaam op die SR verkies is, was gladnie gediend met die bedanking van die SR nie en op 'n spesiale vergadering twee dae later (15 Oktober) kry SR-lede geleentheid om hul bedankings terug te trek. Ook word 'n nuwe verkiesing vir 20 Oktober geskeduleer.

Maar net die volgende dag, 16 Oktober, bedank die SR weer, hierdie keer as 'n eenheid, en wel omdat die bevinding van die kommissie oor die ongeldigheid van die verkiesing, wat deur die massa aanvaar is, deur hulle as mosie van wantroue beskou is. Terselfdertyd is hulle weer almal herkiesbaar, onder andere – só lees ons – omdat op 'n vorige vergadering 'n mosie van

*Hennie van der Walt ontvang 'n eretoekenning van Barbara Geertsema, deur die SR van 1963 aan hom toegeken vir sy rol in die studentelewe.*

# Massavergadering verloop stil

**Verlede Dinsdagaand het die eerste massavergadering van die jaar plaasgevind. Die vergadering is besonder goed bygewoon deur die massa en het ook besonder goed afgeloop. Onder die besoekers was die rektor, prof. Coetzee, mnr. Hennie van der Walt en mnr. Hannes Straus.**

'n Skenking van R1,000 is deur die firma Rembrandt aan die Studenteraad gemaak vir die aanbou van die ontspanningssaal. Hierdie skenking is deur mnr. Straus, die plaaslike verteenwoordiger van Rembrandt gemaak. In 'n kort toespraak het hy die samewerking tussen die studente en sy maatskappy geloof.

Daarna is 'n eretoekenning deur die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Kotie de Jager, gemaak aan 'n voormalige voorsitter, mnr. H. J. D. van der Walt. In 'n kort skets van wat hy tydens sy studentelewe aan die Puk gedoen het, het mnr. De Jager aangetoon hoe 'n groot rol mnr. Van der Walt gespeel het. Onder andere was hy ook vir twee jaar voorsitter van die Studenteraad.

In 'n woord van bedanking het mnr. Van der Walt gesê dat daar dinge in die studentelewe is wat 'n blywende indruk op 'n mens maak. Elke mens moet hom steeds reg skaaf en dit is die taak van die student om hom voor te berei om in die toekomstige lewe goed met mense oor die weg te kom.

Daarna het mnr. Idyll van der Walt 'n bespreekingspunt ingedien oor die tendens van vervlakking onder die hedendaagse student.



Mej. Babara Geertsema oorhandig die toekenning aan mnr. Van der Walt *Foto: Fotokuns.*

**Welkom terug!**
- Koop ons inlywings Foto's
- Sien ons Portrette

WIE IS ONS?

FOTOKUNS

Tel. 3185

Tomstraat 82, POTCHEFSTROOM.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

volle vertroue in *elke lid [dié twee woorde is onderstreep]* aanvaar is – maar word bygesê dat daar nie 'n kworum aanwesig was nie. Die datum van hierdie vergadering word ongelukkig nie genoem nie – dalk dié van 22 September?

Die woelinge het nou die karakter van 'n storm in 'n teekoppie begin aanneem – of dalk 'n teater van die absurde? Op die verkiesing wat op 20 Oktober 1958 gehou is, is die SR in sy geheel herverkies, en het die studentelewe weer sy normale gang begin gaan. Amie Venter merk tereg op: "Teen hierdie tyd was die jaarlikse eksamens in aantog – ook mondelinge eksamens – wat waarskynlik meegewerk het om die sage tot bedaring te laat kom."

Hennie van der Walt sou dus nie net 1959 nie maar ook 1960 deursien as voorsitter van die hoogste gesagsliggaam van die studente aan die PUK. In dié jaar – sy laaste op universiteit – is hy ook aangewys as president van die Afrikaanse Studentebond (ASB). Sy aktiwiteite as leier in die studentegemeenskap het meegebring dat hy sy rugbystewels aan die einde van 1958 opgehang het, nadat hy vir vier seisoene lank met groot onderskeiding as senter en losskakel vir die Theos uitgedraf het.

# 1.3.4 DAMES OP DIE SR



*Martha Lugtenburg … die "Groot Eensame", was in 1917 die eerste volwaardige damestudent aan die PUK (destyds nog Literariese Departement aan die Teologiese Skool).*

Onthou: die PUK was van huis uit, en lank voordat dit sy naam en vorm as universiteitskollege aangeneem het, 'n mannevesting. Hoewel dames reeds vanaf 1910 toegelaat is om klasse by te woon, mog hulle nie vir post-matriekkursusse registreer nie. Die tyd van die emansipasie van die vrou het nog effens in die verskiet gelê …

Die heel eerste volwaardige damestudent dateer eers uit 1917, in die persoon van Martha Lugtenburg, "die Groot Eensame". Sedertdien het dit maar drupsgewys gegaan vir sover dit damesinskrywings betref. Maar geleidelik het hulle getalle gegroei, moes selfstandige koshuisgeriewe voorsien word en het hulle hul teenwoordigheid op die PUK-kampus laat voel. [Kyk **Wonderdaad …!'** pp 168 ev, 301 ev]



*Teen die dertigerjare het die dames hul teenwoordigheid op die PUK-kampus laat voel. Dolly (le Roux) du Plooy en haar maats, voor hulle nuwe koshuis Postmahuis.*

Ook wat die organisatoriese en bestuursaspekte van die studentelewe betref het dames mettertyd sterker na vore getree, en slaan Dollie le Roux in 1930 die bres deur die eerste dame te word wat tot lid van die Studente Verteenwoordigende Raad verkies word.

En wat meer is, sy sit haar plek op die SVR-foto vir drie jaar agtermekaar vol in haar tweede termyn (1931) nogal saam met haar toekomstige eggenoot, Jan-Freek du Plooy – hy in die voorsitterstoel.

Maar Dollie kry nog twee ander "eerstes" op haar kerfstok. Eerstens is sy in 1931 die eerste dame om die Raadsmedalje as verdienstelikste damestudent te ontvang – die mans het hulle s'n reeds sedert 1927 ontvang. En sy kry dit ook in 1932! Dan was sy ook een van diegene wat in 1932 hul grade die heel eerste keer in die saal van die nuwe hoofgebou ontvang het.



In 1933, met Dollie nie meer op die PUK nie, is dit weer terug na normaal: 'n "Net-Mans" SVR-foto word geneem! So ook die volgende jaar, maar dan, in 1935, neem weer twee dames sitting, en is daar, vir die volgende vyftien jaar (tot en met 1949) darem gereeld een en soms (in 1935, 1936, 1942) twee dames in die hoogste bestuursliggaam van die studente.

In September 1948 het die dames die spreekwoordelike bul by die horings gepak en het mejj Heléne Hofmeyr en Sofie du Toit die SR gekonfronteer oor die kwessie. Die oorwegend mansgehoor het die pleidooi gunstig ontvang en daar is eenparig besluit dat daar voortaan 'n minimum van twee dames op die SR sal dien en wel op rotasiebasis tussen die vier hoofliggame. Die besluit is egter geneem pas ná die verkiesing vir die volgende termyn en kon twee dames eers vanaf 1950 hulle plekke tussen die manne inneem.

*Heléne Hofmeyr het die SR as mansvesting aangedurf.*



*JJ (Jan Bas) van der Walt, SR-voorsitter 1948 … nie juis deur "feministiese" dames beïndruk nie!*



*Hanlí Pasch*

Die 1948-besluit oor dames se sitting op die SR het meer om die lyf gehad as net 'n terloopse versoek. "Stowie" [Sofie du Toit] skryf later só daarvan: "Ons was nogal sterk feministies aangelê, onthou ek. Is daar net een dame op die S.R.? 'n Onhoudbare toestand! 'n Verontregting! Die dames se getalle regverdig tog veel meer as dit! Daar moet minstens twee wees – dus 'n memorandum aan die S.R., benoude oomblikke met 'n persoonlike verskyning voor die eerbare here, met Jan Bas as voorsitter; en met al sy goeie hoedanighede is besondere buigsaamheid of sagmoedigheid nie onder hulle nie.

"En om die ellende te kroon 'n volle besoek van die S.R., aan ons eetsaal, en 'n lang spiets, waarin die rebelle persoonlik tot verantwoordiging geroep word. Og, og, stryd en trane, maar tog 'n vae belofte dat die A.B.K.K. en S.S.B. om die beurt 'n dame sal (moet) stuur."

Vanaf 1953-1955 is dit twee, dan in 1956, 1957 en 1978 drie en dan weer twee in 1959 en 1960. Hoe dit gekom het is nie duidelik nie, maar vanaf 1961 is daar weer net een dame, bekend as "damesverteenwoordigster", tussen die uitgelese mans. In die laat-sestigers wil dit voorkom asof die "damesverteenwoordigster" haar pos verloor het maar persone soos Rosalie de Klerk en Bea Marais het darem via die Sentrale Sportbestuur sitting verkry.

Teen dié agtergrond – weliswaar nie voldoende deurvors nie – verbaas dit ietwat om in Oktober 1975 in die PU-Kaner te lees dat die grondwet van die SSR **vir die eerste keer** so gewysig is "dat 'n pos vir 'n dame op die studenteraad gelaat is", te wete dié van voorsitter van die damesorganisasie Aster. As motivering dien die besef dat die belange van dames op die kampus beter behartig moes word en dat hulle meer by kampusaktiwiteite betrek moet word, al word genoem dat dit steeds "die jaar van die vrou" is, sal dié skynbare toegewing jaarliks hersien word.

Die pasverkose voorsitter van Aster, Hanli Pasch, is as die dames se verteenwoordiger op die SSR aangewys.

Dat die 1975-reëling maar taamlik ad hoc was, blyk uit die feit dat die 1978 voorsitter van Aster, Leenster Pasch, bloot net lid van die Administratiewe Raad was. Volgens haar is sy tydens die vorige SSR-verkiesing gevra om in haar hoedanigheid as Aster-voorsitter op die SSR te dien, maar het sy haar op daardie stadium nog nie daartoe bevoeg gevoel nie – en ook omdat sy dan nie regtig verkies is nie.

Maar daar was iets in die lug …

In die SSR-verkiesing van Augustus 1978 (vir 1979) was daar drie dames onder die dertig kandidate wie se foto's in die studentekoerant gepryk het. Op die damesblad is uitvoerig

*Voorbladberig oor SR-verkiesing, met Wapad-logo, foto, opskrif en eerste paragraaf*



PLUS CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C H O
JAARGANG XXXIII NOMMER 12 18 AUGUSTUS 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

DRIE DAMES VERRAS

Ons drie puik dames: Anne-Marie Jacobs, Magdel vd Walt, Leenster Pasch.

deur Mariëtte van der Walt

**Drie dames van die PU het vanjaar geskiedenis gemaak deur hulle verkiesing tot studenteraadslede. Hulle het elkeen daarin geslaag om die manlike kandidate teen wie hulle gestaan het, op eie meriete uit te stof. Hierdie sonderlinge prestasie weerspieël 'n veranderde, en tot dusver dikwels ongekende, houding teenoor die rol van die vrou in die samelewing.**

Hulle is goed toegerus om … Pasch is ook 'n derdejaar- … vanjaar se verkiesingsuitslae … bestaan het gedurende die afgelope ampstermyn. Hy hoop dan ook dat die Pukmassa sal besef dat hulle 'n verantwoordelikheid ten opsigte van opbouende kritiek

PU VOOR KRUISPAD

riglyne gegee oor hoe dames die manskandidate – donker of blonde mans, baarddraers, "Grasshopper"-draers, Robert Redford-gesigte, Kristofferson-oë, die drukker van die "horribaal-mooie drie verlede Saterdag" – moet beoordeel en benader, met net 'n effens flou nagedagte oor die dameskandidate: "Dink weereens mooi en maak jou keuse … ons het dames ook op dáárdie vlak broodnodig."

En toe, die keerpunt vir sover dit die rol van dames aan die PUK betref: al drie dames haal die paal en stof hulle manlike kandidate op meriete uit! Leenster Pasch en Anne-Marie Jacobs het die twee poste van die Administratiewe Raad gevul terwyl Magdel van der Walt een van die twee lede vir die Koshuisraad was.

*Die Wapad* se voorblad berig basuin dit uit, daar is geskiedenis gemaak en voorsitter vir die derde termyn Theuns Eloff beskou die teenwoordigheid van die drie dames op die SSR as 'n navolgenswaardige voorbeeld vir al die dames.

Die ys was gebreek en dames sou voortaan op gelyke voet met mans meeding om leiding in die studentegemeenskap te neem. In sommige jare verskyn daar minder, in ander jare meer dames op die SSR-foto's: in 1996 is ses van die vyftien dames! Ook op die breër terrein van die georganiseerde studentelewe het dames al hoe meer na vore getree en leisels begin vat.

*Marlize Kruger - voorsitter 1990*
*Gizela Horn - voorsitter 1998*
*Heleen Mulder - voorsitter 2001*
*Janine Joubert - voorsitter 2004*






In 1990 word verder geskiedenis gemaak toe Marlize Kruger as voorsitter van die SSR aangewys word – die eerste dame om dié eer en prestasie op die Bult te behaal.

In 1998 is dit Gizela Horn wat weer 'n bres in die tradisionele mansvesting slaan, en in 2001 doen Heleen Mulder, dogter van 'n eertydse SSR-voorsitter, Kommunikasiekundedosent en later bekende politikus dr. Pieter Mulder, dit na en lei sy die studentegemeenskap van die PUK van voor af. Drie jaar later (2004) is dit Janine Joubert se beurt om in die voetspore van haar ewe dinamiese voorgangers die dames se naam hoog te hou.

# 1.3.5 "VRYHEID VAN SPRAAK"

Die laat tagtiger- en begin negentigerjare is gekenmerk deur groot woelinge in die Afrikanerpolitiek. Sedert sy ampsaanvaarding as staatspresident het oud-PUK en kanselier FW de Klerk geen gras onder sy voete laat groei nie om politieke veranderinge op pad na 'n nuwe Suid-Afrika aan te kondig en te implementeer. Daardeur het hy vir hom wêreldroem maar ook die gramskap van baie Afrikaners op die hals gehaal.

Politieke denke aan die PUK was op hierdie tydstip ook in 'n toestand van transformasie, steeds met 'n baie sterk behoudende of "regse" element onder dosentekorps maar veral in studentegeledere. Studenteleiers en by name die Politiese Raad het in 1991 'n week van byeenkomste gereël waarheen politieke leiers van uiteenlopende sienswyses genooi is om op die kampus debat te kom voer oor aktuele vraagstukke en beleid.

Twee groot kanonne van enersyds die heel linkse spektrum, Joe Slovo (Kommunistiese Party) en andersyds verregs, Eugene Terreblanche was geskeduleer om voor die nuuskierige studentegemeenskap op die Bult op te tree. Twee omstrede figure, wat politieke gemoedere maklik tot breekpunt kon voer ….

Reeds in 1990 was daar beroeringe in Pretoria toe studente 'n politieke vergadering van president FW de Klerk ontwrig het en is die studentevereniging van die Konserwatiewe Party vir 'n tydjie geskors vir hulle aandeel daarin. Dit is duidelik uitgespel dat vryheid van spraak nie deur sodanige ontwrigtings aan bande gelê mog word nie. Einde April 1991 is die adjunk-president van die ANC, mnr. Nelson Mandela, fisiek verhinder om by 'n studentevergadering op die Tukkie-kampus op te tree toe protesterende studente en lyfwagte van mnr. Mandela op die verhoog slaags geraak het. In die pers het dit begin gons oor "skandelike optrede", "boewery van dié aard" en oor "voorbeeld van deelnemers aan hoër opvoeding". En natuurlik, oor vryheid van spraak …

*Studente-onrus op die Tukkie-kampus.*



BRIEWE
Redakteur Beeld
Posbus 5425
2000 Johannesburg

Vrae oor 'boewery' by Mandela se vergadering

G.E.A. VAN WYK, Pleasantlaan 245, Cranbrookvale, Verwoerdburg, skryf:

KP-Tuks is uit ná FW-rumoer

KP-studentevereniging op die Tuk-ampus is vir 'n maand geskors weens ntwrigting van pres. F.W. de Klerk se raak verlede week op die kampus 'n groep regse studente.

é besluit is eergisteraand op 'n verga-g van die uitvoerende komitee van studenteraad geneem. KP-Tuks het twoordelikheid vir die gedrag van egse studente aanvaar.

lgens die reglement vir die beheer die bedrywighede van verenigings g geen organisasie of individu daartoe iding gee dat vryheid van spraak op ampus in die gedrang kom nie. Ont-tings van vergaderings is dus buite ".

e komitee het besluit KP-Tuks het skuldig gemaak aan die ontwrigting n vergadering.

r. Charles Vorster, voorsitter van die studenteraad, het gister gesê sprekers met verskillende politieke oortuigings het al op die kampus opgetree. Hulle is deurgaans as gaste behandel en het volle geleentheid gehad om hul standpunt te stel.

Die studenteraad betreur die feit dat 'n groep KP-studente pres. De Klerk se toespraak in só 'n mate ontwrig het dat hy by tye moes stilbly.

● Die rektoraat sal vandag besluit of enige stappe gedoen gaan word teen mnr. Christiaan van der Merwe, 'n regstudent in sy vierde jaar en seun van mnr. Daan van der Merwe, benoemde KP-LP.

Prof. Danie Joubert, rektor van UP, het ten tyde van pres. De Klerk se toespraak opgestaan en mnr. Van der Merwe gevra om die rumoer te staak.

Mnr. Van der Merwe is reeds weens die voorval uit die huiskomitee van die koshuis Sonop geskors.

Regse Tukkies wil dié amendemente indien

BRIEWE
Redakteur Beeld
Posbus 5425
2000 Johannesburg

Polisie versoek om van Tuks-kampus weg te bly

Ufsa sê moenie regse Tukkies se affiliasie hier opskort nie

Ook op ander universiteitskampusse het dit rof gegaan. Op Wits was die rektor verplig om 'n voorgenome byeenkoms af te gelas uit vrees vir skade aan lewe en eiendom, terwyl ook die Maties handgemeen geraak het tydens 'n vergadering wat mnr. Mandela op die kampus toegespreek het.

Teen dié agtergrond verskuif die fokus na die PUK-kampus op die vooraand van die geskeduleerde optredes van Slovo en Terreblanche. Studenteverenigings Jeugkrag en die jeugtakke van die Nasionale en Demokratiese Party het 'n beroep op studente gedoen om vryheid van spraak op die kampus te handhaaf terwyl die universiteitsowerheid versoek is om daardie vryheid te beskerm en op te tree teen "regse studente" wat die Aktualiteitsweek van die SR wou ontwrig. Onruswolke het swaar oor die PUK-kampus begin saampak …

Intussen lui rektor Carools Reinecke se foon kort-kort en is dit bekommerde ouers en ondersteuners – oor die Slovo en Terreblanche byeenkomste, maar veral oor die optrede van Slovo, die kommunis en die man wat in die voorafgaande dekade of wat op simposium na simposium en van verhoog tot verhoog as "openbare vyand nommer een" van die Afrikaner voorgehou is. Pas tevore, vlakby te Ventersdorp – "heimat" van Terreblanche en

*"Onweerswolke het swaar oor die PUK-kampus saamgepak …"*


DINSDAG 30 APRIL 1991 DIE WAPAD BLADSY 7

NUUS

• Aktualiteitsweek

ET tot Slovo kom praat

Uiteenlopende standpunte oor politiek, sport, kommunisme, musiek en Suid-Afrika se binne- en buitelandse posisie word gestel tydens die Aktualiteitsweek wat deur Politiese Raad aangebied word.

Individuele sprekers soos mnre Eugene Terre'Blance, Joe Slovo, Tom Petranoff, Pik Botha, dr Oscar Dhlomo …

ZB du Toit (Die Patriot) en Karin Brynard van Rapport praat oor die voortbestaansreg van kommunisme in Suid-Afrika.

Die hoogtepunt en afsluiting van die Aktualiteitsweek is die Puk-beraad op 23 Mei waar sprekers van Inkatha, die KP, NP, ANC, en Arbeidersparty optree. Hulle praat oor Suid-Afrika se toekomstige internasionale posisie. Die sprekers is mnr Pik Botha (NP), eerw Alan Hendrickse (Arbeidersparty), mnr Thabo Mbeki (ANC), mnr M Myeni (Inkatha Vryheidsparty) en mnr Koos …

"Come to Cape Town and CA Mountain"

— P W Roux en Marié Minnaar —

DINSDAG 14 MEI 1991

DIE WAPAD

NUUS

'n Tweede Tukkies vir Slovo?

DIE WAPAD

DIEPTE

AWB's:

Maandag 20 Mei, was Potchefstroom se stadsraad stampvol met mense wat op die verskyning van die leier van die AWB, mnr Eugene Terre'Blanche gewag het. 'n Groot deel van die mense was nuuskierige studente. Toe mnr Terre'Blanche binnekom, het almal opgespring en hom toegejuig. Uit 'n sittende posisie het ek …

VRYHEID VAN SPRAA[K]

Slovo nie op die Puk nie

• Michele O'Connor: Om mnr Slovo van die kampus af te hou was 'n fout. Is ons Christelike karakter nie juis veronderstel om so sterk te wees dat dit enige ideologie sou kon teëstaan nie?

• Elsabé du Plessis: Beproef alle dinge en behou die goeie.

• Elize de Jager (BA regte I): Die tyd en atmosfeer is net nie nou reg nie, veral nie na wat op Maties en Tukkies gebeur het nie. Maar ek sien wel daarna uit om hom later in die jaar hier te sien.

• Martin Slabbert: Ons land verkeer in 'n versoeningsfase en daarom kan ons nie bekostig dat Suid-Afrikaners nog verder verdeel word deur radikale invloede soos die van die kommunisme nie.

• Karin Thiele: Ek het daarna uitgesien om hom te hoor. Ek wou net my kennis verbreed en nie my geloof verander nie.

• Bertus van Rooy: 'n Christen moet in staat wees om teen enige dwaling verantwoordbaar standpunt in te neem, ook in terme van 'n openbare debat.

• Carel Hollenbach: Die kansellasie van Joe Slovo se toespraak is 'n oorwinning vir die Christendom. Ek dink die owerhede behoort gelukgewens te word met hulle verantwoordelike besluit.

… en Christenstudente, sou ek graag uit mnr Slovo se mond self wou hoor hoe hy nog enigsins kommunisme kan regverdig in SA. Ek het egter begrip vir die Raad se besluit.

… Bekker: Di[t] was swak styl. Hoe moet ons 'n oordeel bepaal oor die politieke veranderinge in die land as ons nie na sprekers van verskillende spektra mag luister nie.

• Deidre L Co[n]stance (BSc III): Die sogenaamde Christelike karakter van die Puk is lank nie meer Christelik nie en om dit as verskoning te gebruik om nie vir mnr Slovo hier op die Puk toe te laat nie, is onaanvaarbaar.



SR-voorsitter Gerhard Coetzer.

sy Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) – was daar lelike insidente toe lede van die AWB 'n plakkerskamp "ontruim" en die polisie met donshael losgetrek en sewe boere gewond het. 'n Vonk kon 'n kruitvat laat ontplof …

Na deeglike oorweging, en vasberade om nié die vonk te verskaf nie, besluit Reinecke met goedkeuring van sy dagbestuur om die voorbeeld van sy Wits-eweknie 'n jaar tevore te volg en gelas hy die byeenkoms af, en werp daarmee nuwe vurige kole op sy eie hoof: waarom is ons as studente nie in die saak geken nie, en waar is vryheid van spraak dan nou, word Reinecke deur studenteleiers en veral SR-voorsitter Gerhard Coetzer verwyt. Ook vanuit personeelgeledere is die aflas van die byeenkoms as 'n teleurstelling ervaar.

Vir 'n wyle is daar geskarrel en verwyt, en het veral Coetzer as studenteleier sterk aangedring op groter inspraak vir studente in besluitneming oor universiteitsaangeleenthede. Reinecke op sy beurt het in 'n lang artikel in die dagblad *Beeld* 'n beredenering gegee van vryheid van spraak, waarin hy sy optrede verskans het agter simptome van onrypheid vir die eise van volle demokrasie. Boonop mag vryheid van spraak nie verabsoluteer word nie, maar kan uitsonderlike omstandighede waaronder dit aan bande gelê word, van groter belang vir die samelewing wees.

*Die berig by dié sportprent begin só: "Teleurstelling, blydskap en onsekerheid het geheers nadat die nuus vrygestel is dat mnre. Joe Slovo en Eugene Terre'Blanche nie meer aan die PUK se Aktualiteitsweek mag deelneem nie."*



die WAPAD


IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU VIR CHO

JAARGANG XVI | NOMMER 79 | 28 MEI 1991

# Wie het die sê?





*Delarey Venter … eerste studenteverteenwoordiger op die Raad van die PUK. Links sit me Rosil Jager, wat tydens dié vergadering in September 1993 as eerste vroulike Raadslid sitting geneem het.*

Die vernaamste gevolg van hierdie episode is dat dit die kollig weer vol laat val het op die rol en plek van die student aan die PUK, onder meer wat bestuur en besluitneming betref. Na deeglike ondersoek het die Raad in Augustus 1992 'n beleidsdokument aanvaar waardeur studentedeelname in die bestuur van die PUK geformaliseer is. Vanaf 1993 het 'n student volle sittingsreg op die Raad van die PUK verkry – die eerste universiteit wat tot hierdie stap oorgegaan het.

En die eerste student wat hierdie eer te beurt geval het was Delarey Venter.

# 1.4 DIE ALABAMA

"Die PUK se gewildste uitvoerproduk." Só is daar by geleentheid na die Alabama studentegeselskap verwys, en met reg ook, want vir etlike dekades al is "die Alabama" 'n huishoudelike woord oor die lengte en breedte van die land, as daar oor musikale vermaak gepraat word.

Die Alabama se wortels lê ver terug in die geskiedenis ....

## 1.4.1 VOORSPEL

Onder leiding van student JD (Japie) du Toit (die latere Totius), wat vanaf 1897 as student ingeskryf was, is daar reeds op Burgersdorp 'n *Studenten Muziek Vereeniging* gestig, wat onder meer tydens feesvieringe in November 1898, ter herdenking van die stigting van die Teologiese Skool, musiek verskaf het.

Skynbaar het dit nog teen 1902 gefunksioneer, soos getuig die foto van die "Vioolband" uit 1902. Met die verhuising vanaf Burgersdorp na Potchefstroom vroeg in die nuwe eeu, en sonder Du Toit as inspirasie, het hierdie musiekvereniging skynbaar uitgefaseer.



*Vioolband 1902. Voor: DJ en L du Plessis. Middel: A Pienaar, GHJ Kruger (dirigent), J du Plessis, JJA Coetzee en HJJ van der Walt. Agter: N van der Walt, JC van der Walt, P Lion Cachet en J Buys.*

In Januarie 1908 is 'n voorstel van die kant van Johannes van der Walt en D du Plessis, om weer "een string-band" op te rig, goedgekeur. Van der Walt is as "hoof" van die orkes aangewys en altesaam sewe lede het aangesluit. Ook is besluit om 'n piano (klavier) aan te koop.

Dr. JD du Toit, vanaf 1911 professor aan die Teologiese Skool, het intussen ook weer by die orkes betrokke geraak. Heel moontlik was hy nog die inspirasie agter die totstandkoming van die "Aurora" Sang- en Musiekvereniging, wat juis in 1911 sy beslag aan die Teologiese Skool gekry het.

"Aurora", die Latynse woord vir dagbreek en in die Griekse mitologie die godin van die môrestond, is deur die studenteblad *Fac et Spera* bestempel as 'n "diepzinnig, allerverhevenest naam" wat die strewe van die vereniging versinnebeeld: Verby is die donkere nag, die duisternis wyk voor die lig, die daeraad, 'n goue môrestond breek aan; alles sien so fris en

vars daar uit, die voëlgesang harmonieer met die blye juigtone van die skepping en hef 'n lied aan, wat weerklank in die lewende siel vind …"

Dié vereniging het sy beslag gekry met die aankoop van 'n "piano-orgel", wat beskryf is as 'n wonderlike instrument: "Daarop kan men klavieren, oregelen en … piano-orgelen!" En 'n produk van studentedurf: "Het is geen kleine waagstuk voor 'n kleine zieletal van studenten en leerlingen om zo'n instrument van vijfenzestig pond sterling te kopen (zegge £65). 'n Waagstuk … voor studenten, want de armste man op deze aardbodem is 'n student."

Met die nuutgekoopte piano-orrel en viole wat reeds uitgehaal en afgestof is, kort nou net die siters, harpe en fluite …

In 1915 het die Aurora Musiekvereniging ophou bestaan. Maar daar is steeds musiek gemaak …

'n Foto wat uit 1916 dateer, toon 'n strykorkes van die Teologiese Skool aan, met die borselkop skoolseun Henk Stoker by die klavier. Dr. JD du Toit (Totius) en mnr. GJ Munstra, wat as kern van die orkes sy voortbestaan verseker het, verskyn ook op die foto. Skynbaar was Munstra in beheer van hierdie groep wat ook as "die musiek korps" bekend gestaan het.

*Strykorkes van die Teologiese Skool 1916. Voor: W Snijman, Ph van der Walt, P Coetzee en F Cronjé. Agter: C Buitendag, HG Stoker, J Broekman, dr. JD du Toit, O Grosskopf, mej. H Duvenage en G Munstra.*



In 1920 tree die "musiekvereniging" op tydens 'n opvoering van *Trekkerswee* van Totius, onder die vaandel van Korps en word op versoek van mnr. Munstra 'n klein donasie aan hulle gegee. HG Stoker het namens die "Musiek Orkes" vir hierdie donasie bedank.

By geleenthede is daar piano-uitvoeringe tydens Korpsvergaderings gelewer. In Augustus 1923, lees ons, "bestyg mnre FJ Botha en CJH Coetzer die verhoog en met hulle eerste viool-serenade-duet het hul so 'n groot sukses behaal dat hul deur herhaalde toejuiginge v.d. aanwesiges verplig word om nog twee keurstukke ten beste te gee".

Op 17 Mei 1924 tree 'n orkes bestaande uit mnre S du Toit, P van der Walt en D du Plessis weer voor Korps op met 'n "gewaardeerde musiekstuk". Later in die byeenkoms tree die orkes van mnr. CJA Coetzer op en wissel die verrigtinge af met "Cavalleria Rusticana" en "lustige volksdeuntjies".

Op 24 Oktober word daar weer verwys na die Losieshuis Orkes en op dieselfde byeenkoms word ook geluister na 'n musiekstuk van die here Coetzer en Hamersma en mej. M de Klerk. Jacs van Rooy weer vertel van sy koshuis se Witbroek Orkes in hierdie tyd. HVF (Herrie) Kruger, knap rugbyspeler, het met 'n spyker op 'n politoerblik geslaan – neffens die man wat op sy trompie gebrom het.

Hoe presies, en of hierdie individuele optredes verband hou, is nie mooi duidelik nie. Wat wel waar is, is dat daar teen 1924 inderdaad 'n "P.U.K. Orkes" sy beslag gekry het.

Soos gelees kan word in *Veritas Vincet*:

"Vir jare is hier op die buld [sic!] alreeds 'n orkes, of soos ons dit moes noem, 'n orkessie. Dat dit nog altyd aan lewe gebly het is veral te danke aan die ywerige bemoeiing van Dr. du Toit en Mnr. G.J. Meenstra [Munstra] wat nog altyd aktiewe lede is. Sinds Oktober 1923 is daar toe vir die orkes 'n diregent [sic!] gekry in die persoon van Mnr. Sydney Richfield. Hy is alreeds bekend in die hele musiekwêreld van Suidafrika [sic!] vir sy komposisies … Dat hy sy talente goed gebruik het blyk daaruit dat die Orkes nie alleen aan gegroei het in ledetal nie sodat dit nou 24 spelers bevat maar ook in instrumentasie.

"Hoewel die Orkes nie uitsluitelik bestaan uit studente of persone wat direk met die P.U.K. verbind is nie, is dit tog wenslik geag om die Orkes te noem **P.U.K. Orkes**. Om die band met die P.U.K. nog sterker te maak is onlangs 'n versoek aan die Senaat gerig dat die Orkes onder die patronaat van die Senaat kom. Dit is goedgunstiglik toegestaan, sodat die [dit?] heeltemal sy naam regverdig.

"'n Groot voordeel wat die Orkes besit, is dat dit 'n **digter** en 'n **komponis** bevat. Daarvan is dan ook goeie gebruik gemaak. Twee van die gedigte van Totius is alreeds deur Mnr. Richfield op musiek gesit, n.l. 'Kommando Lied' en 'Vegkop'."

Daar is met groot verwagtinge uitgesien na die toekoms: "Ons wil hoop dat die Orkes mag groei en bloei en daarby ook **opvoedend** mag werk in die lyn van musiek. In die rigting het ons as Afrikaanse volk nog min gedoen, hoewel musiek een van die skoonste gawes is wat ons van God ontvang het. Die regte ding sou eintlik wees dat daar aan die P.U.K. spesiale klasse in instrumentale musiek gegee word. Dan sal dit miskien 'n aansporing wees vir die P.U.K. studente om musiek te leer."

Aan beide hierdie vergesigte is wel voldoen. Die laasgenoemde, dat musiek aan die PUK doseer sou word, het teen die laat veertigerjare in volle swang gekom. Enkele jare vroeër, in 1943, het die P.U.K. Alibama Boereorkes, met saagspeler BJ (Barend of Baan) Smith as leier sy verskyning op die kampus gemaak.

In die annale van die Alabama is daar iets wat nie mooi duidelik is nie: waar dan pas die PUK-ANS Orkes van 1941 in? Manne soos Baan Smith (met sy saag) en Koos Oosthuizen, wat hierna as stigters van die Alibama figureer, sit prominent op die foto van hierdie verdere voorloper van die Alabama. [**Foto hiernaas**]

*PUK-ANS Orkes 1941*



# 1.4.2 VAN "ALIBAMA" NA "ALABAMA"




*Plakkaat 1943. Byskrif: Met hierdie plakkaat is die Alibama se later glansryke triomftog as vermaaklikheidsgroep van stapel gestuur.*

Oor die ontstaan van die Alibama (soos dit destyds gespel is) vertel stigterslid PL (Flip) Grobler die volgende:

"In die koshuis waar ek my intrek geneem het was ons drie studente wat musiekinstrumente kon bespeel: Koos Oosthuizen en ek het kitaar en banjo gespeel en Baan Smith het die saag getrek – sy gelyke het ek nog nooit weer gehoor nie. Ons het gewoonlik tydens studiepouses gespeel en wanneer die manne van die ander losieshuise kom kuier het, het ons behoorlik saamgetrek.

"Dit was dié lekker spelery wat die idee van 'n boereorkes by ons laat posvat het. Die Maties was in daardie stadium die enigste ander universiteit met 'n boereorkes en ons wou darem nie agterbly nie! Ons het gou 'n kennisgewing op die kampus aangebring waarop alle belangstellendes uitgenooi is na die uitdunrondte. Ons is letterlik oorval, en gevolglik kon die orkes uit die bestes saamgestel word.

"Ons eerste 'proefkonsert' in die Potchefstroomse stadsaal het goed afgeloop, en daarna was die toere 'n werklikheid – na Leeudoringstad, Wolmaransstad, Christiana, Kimberley, Bloemfontein, Brandfort, Kroonstad en Viljoenskroon.

"Die optredes is deur die Reddingsdaadbond gereël en die konserte was 'n onmiddellike sukses – daar was 'n geweldige stormloop na die kaartjieskantore.

ALIBAMA 1943



"Ons eintlike oogmerk was opgewektheid en sprankeling om tipiese studentejoligheid te weerspieël. Die kenwysie was die bekende 'Daar kom die Alibama'. In daardie dae was volkspele nog belangrik en die program het ook 'n item of twee ingesluit."



*Barend oftewel Baan Smith, leier van Alibama 1943. Sy saagsolo het die gehore telkens tot trane gedryf.*

Sommer die volgende jaar is daar reeds groot vordering, met heelwat nuwe instrumente en 'n aanskoulike eenvormige drag, en die naam is nou Alabama, soos dit hoort. Nuusblaaie van die tyd vertel van hoogstaande gehalte opvoerings op verskillende plekke en daar kon gespog word: die PUK "het iets groots bereik". Vir die volgende dekade en 'n half het hierdie groep, wie se vertonings eintlik verskeidenheidskonserte was, die verbeelding van veral die plattelandse Afrikaners, wat tegelykertyd ook die PUK se grootste ondersteunersbasis was, aangegryp.

In 1960 het die Alabama die eerste plek in 'n kompetisie vir studente-orkeste verower.

Tot op hierdie stadium het die Alabama grootliks die verskeidenheidskonsert-baadjie gedra. Maar tye verander … en ook die Alabama sou 'n drastiese karakterverandering ondergaan.

# 1.4.3 VERNUWINGS EN PRESTASIES

In 1961 word 'n nuwe terrein betree met 'n musiekblyspel *Deur Vier Wêrelddele* geskryf deur Nesco du Toit. Die musiekblyspel- of operette-karakter was 'n kitssukses en 'n resep wat met groot vrug vir 'n klompie jare herhaal is, terwyl die naam ook verander is na Alabama Studentegeselskap.



*Nesco du Toit ... musiekblyspel 'n kitssukses.*



*Alabama-toergroep 1963. Voor: Flip Helberg, Idyll van der Walt (SR), Pieter Venter en Johan van Rensburg. Middel: Cecile Schutte, Deseré Joubert, Johan Sander, Alta Lambrechts, Marie Heidema, Annette Botha, Marie du Plessis, dr. en mev. A Postma (reisouers), Marnus Roothman. Agter: Koos Grobler, Susan Malan, Gert Kruger, Jana Hoogendyk, Jan Louw, Helen Porter-Smith, Adilla Groenewald, Lou van Wyk, Wilna le Roux, Drika Graphorn en Nic Enslin (toerleier).*


In 1967, onder leiding van Johan van Rensburg, verkry die groep 'n revue-karakter en neem die gewildheid van hierdie reeds gewilde groep verder toe. Met die loop van jare en onder verskillende regisseurs soos Johan en Louis van Rensburg, Jans Jonker en Pieter de Bruin is "onmeetbare sukses vir die groep self, die PUK en Potchefstroom" behaal en word daar seker met reg aanspraak gemaak dat geen amateursanggroep tot op hede die sukses van die Alabama kon ewenaar nie.

Die groep het ook 'n hele rits toekennings en pryse ontvang, het 'n slag in Taiwan 'n draai gemaak en het by geleentheid as gaskunstenaar by 'n jaarlikse internasionale musiekfees opgetree. Die Alabama het ook 31 langspeelplate, een kortspeler, tien enkel-CD's, een dubbel-CD en ongeveer 20 televisie-optredes sedert 1974 op hul kerfstok.

Die jaarlikse toere van die Alabama, waarmee periodiek alle uithoeke van die land besoek word, en die ongeveer 65 jaarlikse vertonings van die groep getuig onomwonde van die gewildheid van hierdie uitvoerproduk van die PUK.

Die sentrale boodskap van die Alabama is miskien steeds die beste verwoord deur Nesco du Toit, in die blyspel *Deur Víer Wêrelddele* van die vroeë sestigerjare, waar hy sê:

"Wanneer ek vreemde grense oorbrug
en my in ander lande bevind
vind ek ander mense
en ander tale – ander gewoontes …
Tog is ek oral tuis
want die sang,
die lied en die dans
het almal dieselfde vreugde,
dieselfde geluk,
dieselfde smart,
dieselfde hoop en verlange
ten grond. Daarin
is ons een:
As ek die melodieë
van 'n land verstaan,
verstaan ek die harte van sy mense."




*"Kom vanaand saam . . ." en die tyd sal vir jou stilstaan met drome van ma se tiekiehakke van gister en die ruimtereise van môre en oormôre . . .*


*Alabama — ons eie gewilde en alombekende revuegroep onder leiding van Jans Jonker het weliswaar hierdie jaar daarin geslaag om met hul tema* Tyd *weer eens die pragvenster van ons universiteit te wees. Met sterre soos Karin Hougaard en Louis Liebenberg, hul verruklike kostuums en choreografie, was 'n staande ovasie geen uitsondering tydens hul vele optredes nie.*


In die feesjaar 1988 (herdenking Groot Trek en Potchefstroom-stigting), het Alabama 'n re-unie gehou en daarmee die 45-jarige bestaan van die Alabama gevier. Meer as 700 oud-lede het hierdie nostalgiese feestelikheid meegemaak – baie waarvan vyf jaar later, in 1993, die volgende re-unie meegemaak het: hierdie keer die 50ste bestaansjaar! Die oorgawe en intensiteit waarmee feesgevier is het maar net weer – volgens oud-Alabamalid Pieter Gouws – bevestig dat om Alabamalid te kon wees, 'n héérlike en wonderlike voorreg was. 'n Gedeelte van Gouws se verslag oor die 1988 re-unie verdien 'n plek in die annale:

*Alabama re-unie 1988.*












"Teen Vrydagaand het die Alabama-familie gegroei tot duskant 750, toe 'n formele dinee in die Sentrale Eetsaal gehou is ... Die kuier aan tafel was 'n fees. Jo Enslin was nog net so op sy stukke as in vervloë dae, 'n 'boatrace' is deur mnr. Gunther Brözel afgesit en die Sentrale Eetsaal het weer eens 'n kuier beleef tot in die laat, laat nag …

"Saterdag het aangebreek. Die dekor is gereed, die klere vir die vertoning word uitgepak en die laaste afstofwerk aan die choreografie is gedoen.

"Vertoningtyd! Die ouditorium is gepak – mense sit selfs op die trappe in die gangetjies tussen die stoele. Adrenalien bruis deur die are van die Alabama-lede. Hare is netjies, grimering is perfek, en 'n laaste paar woorde word vir oulaas in die breine ingeforseer.

"Die ligte verdof. Die 1943-groep lewer hulle bydrae, party nog met die liedjies se woorde in die hand. Dan is dit Marnus Roothman wat die klavier, kitaar en saag agter sy rug speel, Sylvia Steyn wat die gehoor met haar klinkende lag bekoor, en Rea 'Lappop' Lemmer wat nog net so mooi soos altyd sing. Klein Riaan het saam met pa Johan en oom Louis Drummond gewys wat in die Van Rensburgs steek, en Koos Kitaar (Lessing), Karen Hougaard, Christa Steyn en Rina Hugo het onder seremoniemeesterskap van Piet Obies ook hulle deel bygedra om van die aand 'n sukses te maak.

"Applous, applous! Na pouse het die ou manne en dames wat nog kon spring, op 'n nuwejaar' die litte laat roer en hooggeskop op die can-can. Die jonges het vlugvoetig hulle bydrae gelewer en 'Factory' gesing dat 'n mens van vooraf weer hoendervleis gekry het.

"Dan is die finale. Honderde oud-Alabamalede het net aanhou en aanhou sing totdat die gordyn vir die laaste keer gesak het. Horst [Bütow] is gelala en so tussen die singery deur kon prof. Tjaart darem ook 'n woordjie inkry.

"Sondagoggend het moeg-moeg aangebreek. Kobus van der Walt wat die vorige aand nog so lekker gesing het, het die erediens vir die oud-lede in die ouditorium gelei. Weer eens word daar gesing, hierdie keer darem baie stemmiger.

"Uiteindelik het die laaste nommer op die agenda aangebreek: Braaivleis by die dam. Laaste foto's, adresse en telefoonnommers is uitgeruil. Met die son se strale wat yl oor die Wes-Transvaalse vlaktes begin word het, is die lang pad huis toe aangepak. Almal was uitgeput ná 'n lang naweek, maar die opgewonde gevoel wat in almal se harte bly vassteek het, het dit weer eens bevestig: Eenmaal 'n Puk, altyd 'n Puk! En om 'n Alabamalid te kon wees, was héérlik en 'n wonderlike voorreg!"

# 1.5 VAN OPTOG TOT JOOL

Jool, soos hierdie studentevrolikheid vandag aan die PUK bekend staan, het 'n kleurryke geskiedenis, kom 'n vér pad …

## 1.5.1 OPTOGTE

In April 1924 het die Raad van die PUK 'n bedrag van £15 (ekwivalent van R30) aan die pasgestigte Studente Verteenwoordigende Raad toegeken vir die aanbieding van "die feestelikheid" tydens gradeplegtigheid. Sedert die PUK in 1921 by die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer is, is eie gradeplegtighede aangebied maar sonder dat dit met enige noemenswaardige funksie gepaard gegaan het. Maar in 1924 was dit anders.

"Ons het weer opgegaan om sertifikate te ontvang, ons het deftig opgemarsjeer, ons het 'Gradedag' gehou", word daar in die eerste uitgawe van die herleefde studenteblad, *Veritas Vincet* gespog: "Ons wil die dag in 'n Afrikaanse gees vier. Ons wil daarvan 'n studentedag 'maak' by uitnemendheid … by uitstek 'n studentedag …". En, elders in die blad word hierop voortgeborduur: "Ons groentjies moes ook deurloop. Mooi moes hulle ons trek deur die strate en vir hulle plesier mog hulle na die musiek luister. Ons het 'n begin daarmee gemaak. Ons gaan op die weg voort, ons wil gesien word. En Jarman het ons afgeneem."

Hier neffens dan is Jarman se foto's van die heel eerste "optog" van PUK-studente. Daar kan min twyfel wees, as mens na die foto's kyk, dat feitlik al die PUK-studente van destyds (daar was 150, waarvan ongeveer die helfte Normaliete was) aan hierdie optog of prosessie deelgeneem het.

*Jarman se foto's van die 1924 Optog: "Ons wil gesien word!"*







*Die 1928-optog in beeld: (1) Voor die Teologiese Skool.*

*(2) Dit lyk soos die Witbroek Orkes se lorrie, voor die Ford Garage.*

*(3) Viva Snyman, dogter van prof. Willie Snyman, stel die Hoop van Suid-Afrika voor.*


*(4) Daar is destyds al met "trompoppies" gespog!*

*(5) En hier is "Mekdonald" Snyman as Ampie op sy donkie!*











Meer nog, toon die foto's baie duidelik die karakter van die "optog": enersyds 'n aantal manne en dames uitgetooi in hul beste klere, natuurlik om hul grade en diplomas te kan ontvang. Minstens sommiges het seker 'n "ereplek" op die waentjie gehad. En dan die eerstejaars wat die wa moes trek, in twee groepe: een "trekspan" eenvormig aangetrek en met waarskynlik sakdoeke as koptooisels, en 'n ander span, in verskillende nar-voorkomste. En dan, seker om die agterhoede te vorm, is daar die klomp manne met hul fietse.

Onmiskenbaar op die foto's is ook die PUK-vaandel en dié van Korps Veritas Vincet, wat tot pas die jaar tevore eintlik as SVR gefunksioneer het. Die geboue van HW Huyser en Basson Butchers dui aan dat die optog sy draai in die dorp gaan maak het. En daar is ook gerapporteer: "Ons het ook gesselligheid daarop gehad en ons was gesellig!"

In 'n neutedop dus, alle elemente van die latere Vreugdedag, Karnaval of Jool!

Vroeg in 1925 is die jong SVR aangemoedig om hom kragtig daarop toe te lê "om die korporatiewe lewe onder ons tot uiting te bring", onder meer deur die studentekorps te leer "om met fatsoenlike grasie en passende waardigheid ordentlike 'show' te maak ... om met opgerigte hoofde en flinke stap met trompetgeskal en tamboereingeklop, in optoggewade en P.U.K. kleure die strate van Potchefstroom lewe en geur te gee, sodat die lug tril van studentevreug ... Ons studentelewe moet ook tot UITING kom."

Siedaar, 'n skitterende omskrywing van die missie van "optogte" en die opvolgers daarvan!

Dit wil-wil voorkom asof skeiding tussen die optog en gradedag reeds in 1925 plaasgevind en eersgenoemde op 'n vroeë tydstip afgekom het. 'n Verslag hieroor deur die Algemene Studente Vergadering (eintlik die SVR) lui soos volg: "Wat groot ophef gemaak het was die optog met die groentjies deur die strate. Na 'n heftige gestoei met die betrokke outoriteite op die gebied van justisie het die plan darem geluk en soos vorige jaar het dit die dorp op horings gesit. Veral die nageslag van Gam was baie geïnteresseer in die klomp kleinbasies wat so wonderlik aangetrek is."

Die "heftige gestoei" met die mense van Justisie – waaroor dan?


Skynbaar was daar in hierdie tyd probleme met 'n optog wat studente van die Landboukollege gehou het en wat polisie-ingryping genoodsaak het. Dit wil voorkom asof die polisie tog wel die Pukke se optog in 1925 laat plaasvind het, maar dit daarná weer belet het.

En toe, in 1928, is die groen lig gegee nadat die Senaat ook pleidooie gelewer het. "Jy weet", vertel 'n student later, "as ou Ferrie [prof. Ferdinand Postma, rektor] en sy manne 'n ding aanpak dan druk hulle hom dwarsdeur tot anderkant uit ... Die polies moes maar ingee ..."

Daar is besluit om saam met die optog 'n "Studentedag" te hou: "Die S.V.R. het toe vir maat Tom, Olibee, Giepie Edworks, ou Potch en ou Bin [BJ de Klerk] gesê hulle moet vir ons 'n optog hou ... Kyk, die publiek van Potchefstroom wil mos nie glo dat ons P.U.Kaners studente is nie en jy weet 'n student hou daarvan dat sy bure weet dat hy grappies kan maak. Ons wou toe eksperimenteer en sien hoe die publiek vir ons sal behandel as ons vir hulle met ons geleerdheid van die bult kom trakteer".

Dan word daar 'n beskrywing van hierdie Optog/Studentedag gegee wat die geleentheid helder voor 'n mens se geestesoog optower. Ongelukkig kon die identiteit van al die verskillende persone wat op hulle byname genoem word nie vasgestel word nie. Dinge het só verloop:

"Saterdagmóre het ons toe met vier lorries afgegaan dorp-toe. Voorop het ons 'n lorrie gehad met professors. Daar was ou Willem Ventoor [WF (Willie) Venter], met 'n yslike bakke baard, ou Filo met 'n yl baardjie, ou Elles [dalk LS van der Walt?] met 'n toga, Jeejee [dalk JJ van der Walt?] met 'n swart snor, ou Eep [SJ (Fanie) van der Walt] as prof. Dr. Epopos Homericus Rêtor en Vanneraai [dalk Jacs van Rooy?] as 'n regter wat glo al 'n miljoen mense laat hang het aan die galg. Agter die lorrie het die studente gery wat katte, visse en goggas



*Destyds was dít "Lekkerhoekie" vír drínklustiges … nou se dae ís dít die biertuín!*

**Here Studente!**

Gaan met julle vriende en vriendinne vir 'n Koppie Lekker Koffie, Tee., ens. ens. na

**Die Lekker Hoekie in Kerk Straat.**

Waar alles persoonlik deur die eienaresse gemaak en verskaf word.

GAAN NA

**Gebrs. SHORT**

Kerk Straat, POTCHEFSTROOM,

VIR DIE BESTE

**RYWIELE,**

verkrygbaar by hom teen billike pryse.

10% Diskonto vir Studente, Onderwysers en Leerlinge.

Kom probeer hom gerus, ook vir Reparasies.

Besoek hom ook vir u

**EETWARE, BREEKGOED, Ens., ens.**



GEMAGTIGDE HANDELAAR IN GEWERE EN AMMUNIESIE

**Alle MAAKSELS en GROOTTES Koëls en Haël Patrone in voorraad.**

Windgewere en Koeltjies.
Kriket Diverse.
Voetballe.
Fietse en Benodighede.

Vuurwerke.
Vis Benodighede.
Gewere heelgemaak en Dele.
Motorfietse en benodighede

BY

P.K. Bus 81. **R. C. MEREDITH.** Telefoon 132.

Die Vliegende Vis, Kerk Straat, POTCHEFSTROOM.

geslag het en ou Gaaitjie [KD Venter] was hier professor. Dan het ons nog die lorrie van die Witbroek Orkes gehad. Daarop was die klavier en 'n klomp outjies wat musiek gemaak het. Ou Lang Nick was die 'bendmeester'.

"Die Gattiet het vir hom ook 'n lorrie gekry wat hy vreeslik snaaks reggemaak het. Dit het gelyk soos die 'Kyp-to-Kairo'-ekspediesie. Koos Horing het hom soos 'n tjaart ['n kondukteur op 'n trein] aangetrek en die ding gedryf. Piet Snuif het hom soos 'n boer aangetrek en met 'n donkie karretjie gery. Ou Frink was sy vrou.

"M.O. [MO Postma] het sy fiets soos 'n 'Jek' opgemaak, net sy kop steek bo uit en hy het 'n vreeslike lelike mombakkies op en ek dink, 'n slaapbroek aan.

"Akem, alias ou Dikketjie, het weer 'n klein donketjie aangetrek en die lei hy deur die straat.

"Mekdoneld *[dalk NT Snyman, ook genoem "Mac", wat bestempel is as 'n "verskotste" Afrikaner]* het hom soos Ampie aangetrek en vir hom 'n Jakob gekry nou ry hy langs Annetjie. Dit was goed, man! Dan was daar nog 'n klomp grapmakers en die meeste van die studente het hulle snaaks aangetrek.

"So is ons die dorp af mark toe. Hier was daar 'n groot klomp mense om te hoor wat die studente nou weer gaan aanvang. Maar het hulle nie lekker gelag toe ou Eep vir hulle vertel van baaisiekel eiers, die politieke party van die All Blacks, [na aanleiding van die Nieu Seelandse span se besoek aan Potch dié jaar] die posryer Ferrie Posman en nog baie ander snaakse goeters.

"In die Lekkerhoekie het ons gaan tee drink. Maar dit was so gepak van die mense dat 'n hele klomp van ons weer daar moes uit gaan met 'n droë keel. Ons kon toe net lekker lag oor die grappies van ou Eep en Elles en ou Ploos [Johannes van der Merwe] … Die middag het ons nog 'n slag die publiek vermaak met 'n 'fensiedres' [rugbywedstryd]. Jong, ou Ventoor het vir jou snaaks gelyk op die donkie toe hy so aangery kom …".

Die intensiteit en oorgawe waarmee die studente hierdie optog van 1928 aangebied het, het ook veel te doen gehad met die uiters negatiewe persepsie wat pas 'n maand tevore van die PUK geskep is deur die verslag van die Vanderhorst-kommissie, wat inderdaad aanbeveel het dat die PUK gesluit moes word, onder meer omdat daar kwansuis dan nie 'n ware studentegees sou bestaan het nie. Die luisterryke optog deur die strate van Potchefstroom was inderdaad bedoel om te sê: Ons **is** 'n universiteit en ons **het** 'n gesonde studentegees. Dié punte is gemaak …

Dit dan was die veelbesproke optog van 1928, wat in menige opsig die wegbereider was vir die latere Vreugdedag/Karnaval/Jool wat in die jare wat kom groot luister en vreugde aan PUK-wees sou koppel. Die wesenskenmerke was basies dieselfde: die optog, die lorries of sierwaens, die verspotte kleredrag en die grapmakers, die musiekmakers …

Die ratelende kollektebussies was in 1928 nog afwesig, maar sou spoedig ook deel van hierdie vrolike dag word. Die gedagte om hierdie dag te benut vir fondsinsameling ten behoewe van die gemeenskap, byvoorbeeld die plaaslike hospitaal, het reeds na afloop van die 1929-Optog ontstaan en sou voortaan 'n integrale deel van hierdie aksie uitmaak.

# 1.5.2 VREUGDEDAG/KARNAVAL/JOOL

Die aksie het later bekend begin staan as Tweedejaars Vreugdedag, toe net Vreugdedag. Skynbaar is daar teen die middelsestigs 'n slag jool aangebied, maar dit was 'n flop en daar is maar weer teruggeval op Vreugdedag.

Maar "Vreugdedag" het uit die mode geraak en 'n nuwe naam is vir die sports en droogmakery en fondsinsamelings van die besondere dag gevind, naamlik Karnaval. Vir baie jare daarna is ywerig ge-karnaval, maar aan die einde van die dag moes daar toe wel kopgegee word en is die algemene benaming "jool" in 1988 ingefaseer – kompleet met 'n eie "joolpersoonlikheid" (let wel: nie "joolprinses" nie!). Die eerste PUK-dame wat hierdie kroon gedra het was Amelda Henning.

*Vreugdedagvieringe 1942, uit GHJ Kruger-versameling.*








*Amelda Henning, die eerste draer van hierdie "kroon".*


Die woord "jool" staan glo vir "**j**ou **o**nbaatsugtige **o**poffering vir **l**iefdadigheid". Afgesien van die feit dat al die universiteite by 'n nasionale liggaam onder die "jool"-vaandel ingeskakel moes wees om erkenning te kry is gevind dat die woord *karnaval* die betekenis dra van "fees van die vleiseters" – en dit het, volgens die "hervormers", geen verband gehou met die liefdadigheidsdoel waarna gestreef word nie!


Hoewel die idee en uitgangspunte basies dieselfde gebly het, sal niemand ontken dat daar tussen die "optogte" van die twintigerjare en vandag se "jool" ligjare verskil is nie. Die beste bewys hiervan is dalk geleë in die destydse teedrinkery in Lekkerhoekie … in vergelyking met deesdae se biertuine en ander vorme van gesellgheid voor, tydens en na afloop van die aksies.

Die beskikbaarstelling, vanaf 1981, van 'n afgebakende terrein ten ooste van die Mooirivier en waar die bedrywighede van eers karnaval en later jool gesentreer kon word – en wat voortaan as karnaval- of joolplaas bekend sou staan – was 'n grootse gedagte en onder meer daarop gemik om steuring van die akademiese atmosfeer op die kampus en rondom die koshuise te verminder.

Wat hierdie sage betref, word verder net volstaan met enkele foto's van bedrywighede oor die jare. Soos so baie ander soortgelyke temas kan ook hieroor 'n boek geskryf word!

*Daar is spreekwoordelik ligjare se verskil tussen die geselligheid in "Lekkerhoekie" in 1928 en hierdie later-tydse manier van vrolik-word tydens Karnaval en Jool!*




YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH WEST UNIVERSITY
NOORDWES UNIVERSITEIT
JOOL
04
vodacom
Make every second count
handjievol tannies wat tot laatnag werksaam was met die handtertjies soos 'n paar onvereerde heldinne in een hoek van die saal saambondel. Vir 'n hele jaar lank beplan die karnavalkomitee haarfyn aan die twee dae se verrigtinge. Breek die tyd aan, vorm hulle die stil geraamte waarom die karnavalvleis gepak word.
'n Karnavalplaas wat in dimensie merkbaar gegroei en verbeter het sedert 'n vorige jaar se debuut, kon die Pukke se pretgees sonder veel moeite aanwakker. Die pret was groot, die vlotte goed en die Pukke in hul element. Viva la Karnaval!
Van toeka tot Droomland
80 jaar van JOOL
Donderdag 5 Feb
R25.00
PUK Band
16 Stitch
Brasse Vannie Kaap met (Ready D)
Pieter Smith
Cutting Jade
Wonderboom
MC Mark Pilgrim
Vrydag 6 Feb
R25.00
Kwaito Band
Summersault
Ddisselblom
Georgia
Mean Mister Mustard
Tweak
MC Mark Pilgrim
IMPALA HOTEL
ENGEN
TROTS SUID AFRIKAANS
Aangebied deur: Christodoulides Communications : 082 492 3362
POTCHEFSTROOM CAMPUS

# 1.6 "DIE EDELSTE SPORTSOORT": ATLETIEK

## 1.6.1 PROLOOG – 'N TERUGBLIK

**"Wie hom aan atletiek waag, verkeer in die geselskap van die edelste van die sportsoorte … deur atletiek tot groot hoogtes na liggaam en na gees!"**

Gevleuelde woorde dié, uit die mond van eertydse PUK rektor HJJ Bingle, waarop nog verder voortgeborduur word: **"Atletiek word hier beoefen op die grondslag van die maksimum prestasie van die individu in die aanvanklike kompetisie met andere, wat uiteindelik moet kulmineer in die strengste kompetisie met homself … As wesenskenmerke kom in die proses na vore: inisiatief, volharding, moed, daadkrag, dissipline, soberheid van lewenswandel, wellewendheid, die kuns om te kan wen en verloor … En hierdie karaktertrekke word die permanente besitting van die sportman."**



*Prof. Hennie Bingle tydens 'n dinee van die PUK se Sportburo*

Hoewel die eerste roeringe ten opsigte van georganiseerde atletiek aan die PUK eers hier in die vroeë twintigerjare merkbaar is, is daar reeds in die dae op Burgersdorp, doér ver terug in die tagtiger- en negentigerjare van die eergisterse eeu, individueel aan atletiek deelgeneem. Die Britse vorstin se verjaardag – 24 Mei – is, soos elders in die Britsbeheerde Kaapkolonie, jaarliks op Burgersdorp herdenk en wel by wyse van 'n goed-georganiseerde sportdag. 'n Ieder en 'n elk kon deelneem, en daar was selfs spesiale items vir swart mense. Op 26 Mei 1899, op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog, berig die studentekoerant só hieroor: "Ons het Woensdag hier die verjaardag van Koningin Victoria gevier, ten minste die meeste van die dorpsbewoners. Die meeste van die studente was ook daar. Dit is zeker nie uit 'n gevoel van loyaliteit, maar ik denk meer uit nieuwsgierigheid, en dan ook om die boeke biekie met rus te laat … "Twee van ons medebroers het daarom [darem] weer die skool ze naam opgetel, n.l. W. Henning, die het eerste prijs in hoogspring, en J. Pretorius het 2de prijs in één mijl rijwielreisjes gekry. Veelsgeluk maak zoo ook in de exame."





*W Henning en J Pretorius – pryswenners tydens Koningin Victoria-dagvieringe 1899.*

Maar politiek en sport was destyds al nie gemaklike bedmaats nie. *Het Studentenblad* gaan voort: "Die moeilijkste van die heele ding was: op die end moes daar drie maal ter eere van H.M. geroep worre. Waar was die studente toe? Mij keel wou nie oopgaan. 'n Afrikaner hou nie van die geskreeuw, tenminste die gerugtes van oorlog, die stem hom te ernstig, om nog ver die ou rooi nasie te staan en skreeuw." Die imperialisties gesinde redakteur van die plaaslike koerant het die studente kwaai aangevat oor hierdie averse houding van hulle.



*HG (Henk) Stoker*

Dit is moontlik dat studentedeelname aan hierdie jaarlikse feesvieringe al vroeër voorgekom het, maar dit sou waarskynlik steeds op individuele basies en nie in spanverband gewees het nie. Wat wel waar is, is dat sportsoorte soos tennis, voetbal (sokker of "association" sowel as rugby) en krieket wel in 'n geringe mate georganiseerd aan die Teologiese Skool te Burgersdorp beoefen is.

Met die vestiging te Potchefstroom in 1905 het hierdie sportsoorte ook daar beslag gekry. "Reisies hardloop" was 'n gewilde tydverdryf en dit word vertel dat J Chris Coetzee as student in die jare 1910-1912 die vinnige tyd van 9.8 sekondes vir die 100 treë aangeteken het. Geleidelik het "Atletiese sports" ook by die studente begin posvat en is daar reeds in 1918 sprake van 'n Atletiese Club, met HG Stoker as 'n stigterslid. Laasgenoemde bewering word nie deur amptelike dokumentasie gestaaf nie en as daar wel op daardie tydstip so 'n klub bestaan het, moes dit heeltemal nie-amptelik gefunksioneer het.


Die PUK atletiekklub is op Saterdag 21 Oktober 1922 gestig. Ds. Jacs van Rooy se dagboekinskrywing op dié dag, "atletiekklub gestig" en sy latere herinneringe vertel die storie: "Attie [Juyn] was ons held. Sy hele lyf, met swaai en al, het gewys hy is 'n gebore atleet … Hy kom van die Boys' High, Pretoria, hy het portrette van sy prestasies. Dus Attie is vanself die aangewese sekretêrie, afrigter en keppie (kaptein). Ou Jacs., entoesias, word voorsitter gemaak. Die voetbalkaptein en die praetor het hulle seën oor die saak uitgespreek, en ons toe verder vergeet …




*J Chris Coetzee*

*J Chris Coetzee latere rektor van die PUK, figureer ook in die vroeëre atletiekgeskiedenis van die PUK. Coetzee, wat hier teen 1912 se koers so 'n blitsige naelloper en gevolglik, vanweë sy spoed en ander vaardighede ook 'n sterk kandidaat vir die Springbok-rugbyspan na Brittanje was, deur studie-ywer homself aan finale proewe onttrek het. Hier is 'n afbeelding van die sertifikaat wat hy in 1936, op 43-jarige ouderdom, vir 'n naelloop oor 75 treë in die kategorie bo 35 jaar verwerf het. Let op die tyd waarin hy dit afgelê het: "Oombliklik"!*

*Die eerste Raad van die SA Universiteite Atletiek Federasie, 1923. (Attie Juyn, stigter van die PUK-Atletiekklub, verskyn regs in die agterste ry met P Suzman sittende.*



***Attie Juyn se brief waarin die stigting van die PUK se atletiekklub aangekondig is.***



Univ. College.
P.O. North Bridge
Potchefstroom
20 Nov. '22

Dear Suzman,

I'm not asking any more questions so "moenie skrik nie".

Thanks awfully for your kind letter, it came in handy and just put the seal on the work of propaganda.

Well! I've had success. The very Saturday after I got your letter I got the fellows together and explained the matter to them, asked them a few homely questions, very much to the point. The result is a flourishing(!) athletic club, of which I am secretary, so there you are.

We're in the thick of the exams just now. That's why I waited so long to write to you. Was busy cramming!

If there are any communications to make, you can still write to me, same address.

Good-luck,

AJuyn
Secretary
P.U.C. Athletic Club.

Die totstandkoming van die klub was die resultaat van kommunikasie tussen Juyn en Pete Suzman, wat in 1922-1923 die dryfkrag was agter die stigting van die Suid-Afrikaanse Universiteite Atletiekfederasie (SAUAF). In 'n brief van Juyn aan Suzman, gedateer 20 November 1923, meld Juyn dat hy op grond van inligting wat hy van Suzman verkry het, daarin geslaag het om 'n florerende klub op die been te bring. Juyn figureer gevolglik as lid van die eerste Raad van hierdie liggaam, terwyl prof. APC Duvenage 'n visepresident was.

Dit was maar moeilik om die klub se stigting en bestaan in eie geledere te regverdig. Venter onthou: "Nie te lank nie of 'Atletiese Klub' is besoedel tot 'Spykerklub'. Ja, ons moes baie opoffer en smaad verduur, self ons apparaat bymekaar sukkel, geen oefenveld, meer as een letsel op die ongelyk, rotsagtige grond opdoen. En toe ons sonder punte van die eerste Dalrymple terugkom, moes ons hoor, van ons eie manne, 'Potch. also ran!' Maar die deelnemers was tevrede, ons was *daar!*"

In Mei 1923 het die PUK op die Wanderers in Johannesburg aan sy eerste byeenkoms onder die vaandel van die SAUAF deelgeneem. Met min oefening en geen afrigting – en net een deelnemer in die persoon van Attie Juyn! – is dit nie te verwonder nie dat die PUK geen

plekke behaal het nie. Attie het darem die finaal in hekkies gehaal. Maar, teken ds. Willie Venter in sy herinneringe aan, "die geesdrif was daar". En by sy afsterwe word sy "oue troue vriend" deur Venter gehuldig "dat hy Puk atletiek, wat tot toe maar flou en sporadies beoefen is, op 'n volwaardige vlak gevoer het".

In 1923 is ook deelgeneem aan "plaaslike sports" en het die Pukke darem beter gevaar toe drie atlete plekke behaal het. Tydens die Dalrymple van Mei 1923 is die PUK deur ses atlete verteenwoordig en lewer die studentekoerant verslag: "Onse baashardloper J. Aucamp [latere Springbok vleuel] en die man van die Gewig, Mnr. F[red] Scheepers kon ongelukkig nie gaan nie." Weer is geen "onderskeiding" behaal nie "behalwe dat Potchefstroom deur die Kaptein van die oorwinnende span geluk gewens is met die goeie gees van deelneem en nie terugstaan nie, en die P.U.K. is gunstig vergelyk met Stellenbosch, wat glad nie eers verteenwoordig was nie."



*PUK Atletiekspan 1930. Agter: G Roets, AA (Amie) Venter, CTJ (Coert) van der Walt, JAP (Science) van der Merwe, JP (Hansie) Bingle. Voor: JL (Jan-Lewies) du Plooy, CE (Kiep) Malan, JF (Jan-Freek) du Plooy, mnr. S du Toit en MO (Martinus) Postma.*

Hierdie keer het Willie Venter (bygenaamd "Vintoor") talent getoon in die mylwedloop, deur 'n vyfde plek te behaal. Dit was ongelukkig geen punte werd nie. Venter vertel ook dat hulle Springbok-vleuel Hans Aucamp nie sover kon kry om aan die naellope deel te neem nie – hy was glo bang hy gooi naam weg!

Die eerste sukses tydens Dalrymple was met die byeenkoms in Kaapstad in 1926, toe Jan du Plooy vir die PUK een punt ingeoes het met 'n derde plek in die 220 treë hekkies! "Vintoor" dink met nostalgie terug: "Wat 'n triomf was dit nie! En die 'Pezula … ari e ko" het dit luidkeels van die pawiljoen af aangekondig!" Die eerste wenslag by 'n Dalrymple gaan tot die krediet van JAP ("Ou Science") van der Merwe, wat in 1931 te Grahamstad 'n eerste plek in die gewigstoot – en vyf punte – behaal het. By die byeenkoms het hulle hom "Ou Goliat" genoem.

In *Sages en Legendes* …, (volume 1 p 40) is reeds vertel hoedat Jan-Freek du Plooy, by gebrek aan oefen fasiliteite, tydens rugby-oefeninge sommer bo-oor gebukkende spanmaats hekkies geoefen het!

Die later so bekende strydkreet van die PUK, "Pezula! Pezula!", het, volgens Jacs van Rooy, sy finale beslag van die ses spanlede van 1926 verkry, met die treinrit af Kaap-toe. Tydens vorige byeenkomste is telkemale tevergeefs beroepe op die Pukke gedoen om hulle kreet te laat hoor – want daar was geen kreet nie. Voor die toer en op die trein het die manne toe koppe bymekaar gesit om 'n oorlogskreet inmekaar te timmer: "Klassieke mense het

## "PEZULA! PEZULA!"

| | | |
|---|---|---|
| "Dirigent": | Pêzula! Pêzula | Trek op! Trek op! (Val aan! Val aan!) |
| Almal: | Arrie hô! | Soontoe! Soontoe! |
| "Dirigent": | Tibêla! Tibêla! | Keer voor! Keer voor! |
| Almal: | Huwhêtla kô! | Hy kom! (Daar kom hy!) |
| | Vale Victor | Wees sterk! Oorwin! |
| | Ara ma dia | ? |
| | Certate, Vincete, Theos bo! | Veg / stry / oorwin! Theos bo! |
| | Gloria! Gloria! | Glorie! Glorie! |
| | Vivele, Vivele, P.U.K.! | Lewe, Lewe die PUK! (PUK bo!) |
| "Dirigent": | Alias... | |
| Almal: | Theos! Theos! Theos! | Theos! Theos! Theos! |
| | Phala laka Zonka | ? |
| | Cave! Cave! Cave! | Pasop! Pasop! Pasop! |

***Enkele verklarings oor die "vertaling" is nodig.***

Eerstens, die woorde "Ara ma dia" mag moontlik Portugees wees terwyl "hala laka Zonka" deur 'n adviseur beskryf is as "sommer net 'n ding"! Stoffel Coetzer se kennis van swart tale was, gesien die totale afwesigheid van akademiese aanbieding daarvan destyds op die PUK, skynbaar maar bra beroerd! Hoewel "Theos" in Grieks "God" beteken, was dié uitdrukking aanvanklik van toepassing op die studente (van die Teologiese Skool) en is dit na afskeiding veral van toepassing gemaak op sportspanne. Tot in die laat vyftiger- en selfs vroeg sestigerjare het die eerste rugbyspan van die PUK as "Theos" bekend gestaan. Dit moet onthou word dat die strydkreet, net soos die beroemde "Haka!" van die Nieu Seelandse rugbyspan (die All Blacks) en ook die strydkreet van die Springbokke in 1928 (nadat hulle in 1921 'n draai in die land van die Silvervaring gemaak het), bedoel was om die opponente te ontsenu. Dit kan ook bestempel word as 'n speelse "oorlogverklaring".

weggeval met Latyn en Grieks, teoloë het tevergeefs Hebreeus laat 'kreet', Sak het 'Vive la … vive la' ingegooi, maar dis eers op die trein dat Stoffel se Kaffertaal ons gebring het waar ons naastenby moes wees." In 1958, meer as drie dekades later, is daar steeds ge-"pezula!".

Die toer per trein en die besoek aan Kaapstad was vir die PUK-span van tien 'n groot ervaring. Veral die spreektaal van die Kaapse Maleiers en die goedkoop piesangs op die Parade": twee sjielings per honderd. JJ van der Walt, vader van die latere rektor Tjaart, het besluit dat hy hom nou vir die eerste keer in sy lewe "goed dik" wil eet daaraan en het altesaam 31 piesangs ingeryg, die middag vóór die byeenkoms. Venter onthou: "Hy het só siek geword dat hy skaars-skaars aan sy item kon deelneem!"

Teen hierdie tyd het daar 'n dringende behoefte bestaan aan 'n atletiekbaan en in 1927 is eiehandig begin om die oppervlakte rondom die rugbyveld gelyk te maak en klippe te verwyder. 'n Goedgesinde plaasboer het met sy donkiewa miershoopgrond ingery vir 'n vinnige baanblad. Aan die noordoostelike kant was daar 'n watervoor en het die baan 'n skerp swenk gemaak, wat soms atlete in die watervoor laat beland het!


In 1926 is die PUK medestigter van die Potchefstroomse Interkollegiale Atletiese Assosiasie (PIKAA) en sou voortaan ook plaaslik in klubverband deelgeneem word.

Claude Oberholzer, wat in 1941-42 student aan die PUK en 'n uitblinker op die atletiekveld was, was in 1947 die eerste PUK (oftewel oud-PUK) wat tydens 'n Suid-Afrikaanse kampioenskap 'n titel verower het, en wel in die 220-treë hekkies. Die volgende jaar het hy sowel die 220- as die 440-hekkiesnommers ingepalm en het hy ook vir 'n tyd die Suid-Afrikaanse rekord in eersgenoemde item gehou.

*Links : Claude Oberholzer … die eerste Puk (oud-Puk) wat 'n SA-titel en en SA-rekord in atletiek agter sy naam kon skryf. Hy was ook 'n kranige rugbyspeler wat vir Theos, Wes-Transvaal en later Transvaal gespeel het.*

*Regs : Willie Nel in aksie … die PUK-blits van die vyftigerjare.*





In die vyftigerjare is daar 'n merkbare oplewing in atletiek aan die PUK en in Wes-Transvaal. Die Dalrymple-byeenkoms is in 1951 vir die eerste keer deur die PUK aangebied terwyl 'n nuwe baankompleks uitgelê en in 1953 in gebruik geneem is. Die uitstaande atleet in hierdie dekade was ongetwyfeld Willie Nel, wat prestasies gelewer het wat vir lank nie geëwenaar sou word nie.

In die annale is die volgende tye agter Nel se naam opgeteken: 100 treë – 9.5 sek, 220-treë – 21.5 sek, verspring – 24 vt 5 ¾ dm en driesprong 48 vt 3 dm.

Só het atletiek algaande op die PUK gevestig en sou mans- en vroue-atlete oor dekades heen in die toekoms ywerig deelneem en daarmee die PUK se naam eer aandoen. In die proses is vertonings gelewer wat sommige van daardie deelnemers tot legendes in die annale van die PUK sou verhef. Dit is nie hier die tyd en plek om die geskiedenis en toenemende prestasies van die klub op die spoor te volg nie, of om al die presteerders en legendes te bespreek of selfs net te lys nie. Tog is gevoel om die kollig effens te laat val op seker die grootste sage in die atletiekgeskiedenis van die PUK, naamlik die geleentheid toe vyf Springbokke en ook die kaptein uit die PUK-stal gekom het. Hulle spanmaats – en ook al die wonderlike presteerders wat na hulle sou kom – sal dit verskoon dat kort profielsketse van twee van die vyf, naamlik Wllie Coetzee en Fanie van Zijl, ook hier opgeneem word.

Hierbenewens laat ons die kollig vlugtig val op drie atlete wat vir korter of langer tye in die PUK-atletiekkleure deelgeneem het en wat as Pukke of vroeër/later in hul loopbane wêreldroem verwerf het: Hezekiël Sepeng, Marius Corbett en Hestrie Cloete.

Soos die geval was met die PUK in die algemeen, en steeds is ten opsigte van talle ander fasette van die PUK se funksionering, is dit hoog tyd dat die sage van die "edelste sportsoort" aan die PUK (atletiek) in al sy kleurvolheid te boek gestel word.


# 1.6.2 VYF SPRINGBOKKE ... EN BOONOP DIE KAPTEIN! (1968)

"Die P.U.-atletiekklub het pas vir die grootste sportprestasie in die geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteit gesorg: die klub het vyf van die twintig Springbokke vir die toer na Duitsland opgelewer - en daarby sommer die kaptein ook."

Só het prof. Gert Scholtz dié epogmakende nuus op 7 Mei 1968 na oud-Pukke deurgegee. Inderdaad 'n merkwaardige prestasie, vir een van die kleinere universiteite in die land, maar wat desondanks oor 'n klub beskik het wat op daardie stadium en met meer as honderd aktiewe lede as een van die vyf sterkste klubs in die land gereken is.

Dáár pryk hulle vyf, trots met hul PUK onderhempies, op die foto: Dawid Booysen die gewigstoter, Willie Coetzee die hekkiesman (110 meter), Bea Marais (800 meter), Fanie van Zijl (1500 meter) en Willie van der Westhuizen vir die naellope (100 en 200 meter). Willie Coetzee, wat ook as kaptein van die span aangewys is, Fanie en Dawid het reeds in 1966 hul Springbokkleure verwerf.

*Vyf PUK-Springbokke*




Scholtz het die manne kortliks voorgestel:

**Willie Coetzee**: Huidige kampioen en medehouer van die SA rekord in die 110 m hekkies – en boonop in sy tweede termyn as SR-voorsitter.

**Dawid Booysen:** Huidige kampioen en SA rekordhouer in gewigstoot. Soms lid van die klub se aflosspan!

**Fanie van Zijl:** " ... gewis die belowendste middelafstandhardloper van Suid-Afrika ... die tweede atleet in Suid-Afrika wat die droommyl gehardloop het met 'n Suid-Afrikaanse rekordtyd van 3 minute 59.3 sekondes." Fanie se groot vaart word ook uitgewys en Scholtz voorsien dat, namate hy meer gehardheid kry, Fanie oor die potensiaal beskik "om die grootste middelafstandatleet van Suid-Afrika te word en ook een van die gedugstes ter wêreld". Hierdie voorspelling was in die kol! [**Kyk 1.6.4, hierna**]

**Bea Marais** was aanvanklik 'n uitblinker in hekkies en naellope, maar het later oorgeslaan na die middelafstand (800 meter). Tydens die SA kampioenskappe klop sy die gunsteling, Thea Kitshoff. Gert vertel: "Dis geluk, het ek geglo. Sy sal dit weer doen, het haar afrigter, Jan Barnard gesê." En sy het dit weer gedoen, en só haar plek in die span oopgehardloop.

**Willie van der Westhuizen** het reeds vir die Olimpiese Spele gekwalifiseer en was, naas die sensasionele en wêreldklas-atleet Paul Nash, die vinnigste man in die land.

Hoewel die PUK-atlete enkele goeie prestasies tydens die toer gelewer het, is hulle en hul spanmaats erg gekortwiek deur 'n ernstige griepepidemie in die span se geledere. Willie Coetzee het onder meer sy SA rekord verbeter en, naas een wenslag, teen sterk teenstand telkens onder die eerste drie geëindig.



*Toekenning van Ou Mutual-trofee aan Willie Coetzee.*

Fanie van Zijl was uiters ongelukkig dat hy na drie weke weens griep en nierprobleme moes terugkeer. In sy een wedloop het hy egter skitterend vertoon en met die Tsjeg Jozef Odlozil, silwermedaljewenner by die Olimpiese spele, voormalige wêreldrekordhouer en een van die beste 1500-meter atlete ter wêreld, afgereken.

In die Julie-vakansie 1969 het 'n span van agt PUK-atlete weer 'n toer deur Europa onderneem. Weer is skitterende vertonings behaal, veral deur Van Zijl, Marais en Coetzee, wat almal Suid-Afrikaanse rekords opgestel het. Hierdie prestasies het verder luister verleen aan feesvieringe ter ere van wat destyds (verkeerdelik, natuurlik) gereken is as die honderdjarige bestaan van die PUK.

Die laat sestigerjare kon ongetwyfeld gesien word as die bloeityd van PUK-atletiek. Daarvan getuig ook die feit dat die Ou Mutual-wisseltrofee vir die PUK se Sportman van die Jaar, wat vanaf 1966 toegeken is, vir die eerste drie jaar deur 'n atleet verower is – Willie Coetzee.

**[Vir meer inligting oor PUK se atletiekprestasies tot 1969, raadpleeg die puik publikasie *Atletiek-Gedenkalbum 1869-1969*, saamgestel deur prof. Gert JL Scholtz.]**

AS BURGER

*Ongeveer gelyktydig met die aankondiging van die Springbok-atletiekspan van 1968, met sy vyf Pukke en waarvan Willie Coetzee die kaptein was, word berig dat As Burger, oud-Puk, aangewys is as kaptein van die Springbok-span in moderne vyfkamp, vir 'n toer na Australië.*

*Hierdie item bestaan eintlik uit vyf nommers, naamlik swem, skerm, pistoolskiet, perdry en landloop.*

*Burger, wat in die jare 1955-1957 en weer in 1959 lid was van die PUK se atletiekklub, was onder die eerstes wat landloop as selfstandige sportsoort aan die PUK beoefen het. Vyfkamp as sodanig was egter onbekend aan die PUK en Burger het eers na sy vertrek op die ander items begin konsentreer. Hy het Suid-Afrika in 1960 in Mexico-Stad en 1962 in Bern, Switserland, op die wêreldspele in hierdie nommer verteenwoordig.*



*As Burger as lid van PUK se atletiekspan 1957.*

# 1.6.3 WILLIE COETZEE ... LAAG OOR HOË HEKKIES

In April 1966 bars vierdejaar Regte-student aan die PUK, Willie Coetzee, deur 'n simboliese "klankgrens" (14 sekondes) toe hy, in sy eerste optrede as Springbok, die tienjaaroue Suid-Afrikaanse rekord vir die 120 treë hekkies met 0.3 sekondes na 13.8 verbeter het. Slegs 0.6 sekondes buite die wêreldrekord! En daarmee verwerf hy die 15de plek op die wêreldranglys – wat nie slegs was nie, vir destyds.

Vir etlike jare lank sou hy hierdie topprestasies volhou en het die onderskeiding hom ook te beurt geval om in 1968 as kaptein van die Springbok-atletiekspan aangewys te word. Internasionale boikotte van destyds het hom en etlike ander mede-Pukke van groter roem weerhou. Wyle prof. Gert Scholtz het Willie in 1969 beskryf as "die grootste atleet wat die Universiteit nog opgelewer het".

In September 1966 is Willie ook verkies tot SR-voorsitter en sou hy dié gesogte maar veeleisende en verantwoordelike amp in die studentelewe vir twee termyne beklee. Sy verklaarde oogmerk, by die aanvang van sy tweede termyn as studenteleier, was dat die Studenteraad as skakel tussen die PUK-student en "die wye wêreld hierbuite" sou optree: "Ons wil die PUK-studentegemeenskap bekendstel aan die wêreld, maar ons wil self ook leer en put uit dit wat buite ons kampusgrense plaasvind." So reg in die gees van die uitwaartse beleid van die destydse Suid-Afrikaanse premier, BJ (John) Vorster.

Met sy eie prestasies op die atletiekbaan het Willie self die voorbeeld gestel, gesorg dat na buite deeglik kennis geneem is van die PUK. Hy het in 1966 vir die eerste keer, in 'n toets teen Wes-Duitsland, Springbokkleure verwerf en het dit gevier deur 'n nuwe Suid-Afrikaanse en Afrika-rekord op te stel.

Sommer vroeg in 1968 word hy die vierde PUK-student, naas Willie van der Westhuizen, Dawid Booysen en Fanie van Zijl, wat vir die Olimpiese Spele in Mexico later dié jaar kwalifiseer. Vyf weke later word dit uitbasuin: "VYF SPRINGBOKKE VIR DIE PUK!": Willie, bogenoemde drie en Bea Marais – met Willie boonop die kaptein!

Maar, soos reeds genoem, sou internasionale boikotte die Olimpiese droom van Willie, Fanie en hul maats verydel.

Tydens wat beskou is as die PUK se eeufeesjaar, het die PUK Atletiekklub in 1969 'n toer na Europa onderneem en was Willie weer eens 'n uitblinker, deur onder meer die 110-meter hekkies tydens die Britse kampioenskappe in 14.0 sek te wen. Hy het hierdie tyd in drie ander wedlope behaal en was een van 'n paar Pukke wat deur bestuurder prof. Gert Scholtz as van wêreldgehalte bestempel is.

Tydens hierdie toer het Willie en sy maats 'n ligte voorsmakie gehad van wat oud-Puk Johan van der Schyff kort hierna saam met die Springbok rugbytoerspan deur die Britse eilande sou ervaar, toe twee byeenkomste in Duitsland afgestel moes word weens weiering van Ethiopië se span om saam met die Pukke deel te neem. In Switserland en Engeland moes die beswaarmakers, weer Ethiopië en ook Ghana, maar verlief neem en is die Pukke op die baan verwelkom.

In 'n huldigingsartikel in PU-Kaner in 1990 is daarop gewys dat atletiek vir Willie Coetzee gestaal het vir 'n suksesvolle lewe, om al die struikelblokke langs die pad aan te durf; van verby hardloop is daar nie sprake nie.

Dis presies wat Willie Coetzee gedoen het.


Na sy studenteloopbaan het Willie sy atletiekskoene weggepak en hom toegespits op die hoë hekkies van 'n beroepsloopbaan. Vir 'n tyd lank werksaam as senior lektor in Regsgeleerdheid aan sy Alma Mater, was hy ook vir 'n rukkie regsoffisier in die Lugmag en toe professor in Handels- en Arbeidsreg aan die Universiteit van Pretoria. Daarna het hy

Groepsbestuurder Arbeidsbetrekkinge van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (later Transnet) geword en uiteindelik gevorder tot hoofbestuurder van hierdie massiewe diensorganisasie.

Vanaf 1998 is Willie weer terug by die PUK, as direkteur en professor by die Potchefstroomse Besigheidskool.

### HUISGENOOT-FOTO BESORG WILLIE SY VROU


*In 1967 het 'n volbladfoto van Willie Coetzee in Die Huisgenoot verskyn. Annemarie (van der Walt) onthou: "Ek was daardie jaar in matriek, en het dadelik Willie se foto opgemerk. Vir my pa het ek dadelik gesê dis darem 'n aantreklike ou, en die verrassing was dat hy 'die outjie' se pa geken het."*




*Hierna het sy heeltemal van die gesprek tussen haar en haar pa vergeet. Die volgende jaar het sy ingeskryf by die PUK. En vir die eerstejaars se verwelkomingsdinee het die man van die foto haar tussen al die ander meisies gekies as sy meisie vir die aand. Wat meer is, Willie was daardie jaar SR-voorsitter. "Dit was 'n opwindende gedagte maar ook 'n half benoude gevoel om te weet jy moet die aand tussen die Rektor en die Studenteraadsvooorsitter aan tafel sit, maar op die einde het dit goed gegaan", sê Annemarie.*

*Willie en die "oulike aster" het eers in haar tweede jaar vas begin sleep. Maar die spreekwoordelike koeël was reeds deur die kerk …*

# 1.6.4 FANIE VAN ZIJL … KARAKTER EN WIL OM TE PRESTEER




*Fanie van Zyl toe hy in 1968 Springbokkleure vir die Europese toer verwerf het.*



*Fanie van Zyl saam met sy afrigter, Jan Barnard.*



*Foto van Van Zijl, Broberg en Malan*

"Die PUK-Alumni Oorkonde is toegeken aan 'n man met karakter en die wil om te presteer." Só lui die inskripsie op die sertifikaat wat einde 1990 deur die Bond van Oud-Pukke aan Fanie van Zijl toegeken is. En ja, inderdaad: 'n man met karakter, en 'n wil om te presteer!

As kind het Fanie baie probleme met sy bene gehad en moes hy met loopysters voortsukkel. En sy ma is vroeg dood. Aan die begin van sy hoërskoolloopbaan is die ysters verwyder en het Fanie sommer gou op die atletiekbaan begin uitblink. Nog as junior behaal hy byna die onmoontlike, toe hy naamlik in Desember 1967 in Port Elizabeth deur die figuurlike klankgrens bars en die droommyl (onder vier minute) aflê - slegs die tweede Suid-Afrikaner, na De Villiers Lamprecht wat dit kon regkry.

Fanie van Zijl se koms na die PUK was 'n direkte uitvloeisel van die totstandkoming van die PUK-Sportburo in 1965, en die gepaardgaande aanstelling van mnr. Piet Malan as eerste direkteur. Dis hy wat die jong en belowende atleet Fanie van Zijl aan die begin van 1968 PUK-toe gebring het.

Sommer met sy intrapslag by die PUK het Fanie van Zijl die hoofopskrifte gehaal en in Februarie 1968, in sy eerste verskyning in die PUK-frokkie, die SA rekord vir die 3000-meter wedloop agter sy naam laat inskryf. Met 'n vooruitsig van moontlike hertoetrede van Suid-Afrika tot die Olimpiese Spele in Mexico later die jaar (wat nie gebeur het nie), het Fanie die een na die ander rekord voor hom begin wegvee en sonder moeite oor en oor gekwalifiseer vir dié grootse skouspel. Hy haal, saam met vier ander lede van die PUK se sterk atletiekklub, die Springbok-span wat later die jaar in Europa gaan toer.

In die volgende paar jaar gaan Fanie steeds van krag tot krag, wen hy feitlik al sy wedlope en verbeter hy die een na die ander Suid-Afrikaanse rekord. Die tweestryd tussen hom en die Matie-sterre Dicky Broberg en Danie Malan, het die verbeelding van die Suid-Afrikaanse atletiekpubliek aangegryp.

Ten spyte van die feit dat Olimpiese deelname in sy tyd vir Suid-Afrikaanse atlete taboe was, as gevolg van die destydse regering se apartheidsbeleid, het Fanie ongestoord tydens byeenkoms na byeenkoms die rekordboeke herskryf. Hy het Suid-Afrikaanse rekords oor die 800, 1000 en 1500 meter asook die een myl, die 1500 en die 3000 meter opgestel en was vir ongeveer 'n dekade lank die onbetwiste nommer een op die wêreldranglys in middel afstande. En oor die seisoene heen het hy meer as twintig nasionale baantitels en vyf Suid-Afrikaanse landlooptitels ingepalm.

Hy het talle eerbewyse vir sy prestasies ontvang - onder meer die Staatspresidents-medalje, die Joe Turner Gedenk-trofee in Brittanje en verskeie ander toekennings in die VSA. Hy was drie keer die PUK se Sportman van die Jaar en is in 1972 ook gehuldig as een van Suid-Afrika se vyf sportsterre van die jaar.

Fanie van Zijl was 'n gunsteling in plaaslike atletiekkringe en sy besluit teen die einde van 1972 om na sy tuisdorp, Randfontein, te verhuis is as 'n groot verlies vir PUK en Potchefstroom aangeteken.

Met die toekenning van die oorkonde aan Fanie in 1990 deur die Bond van Oud-Pukke is getoon dat die PUK nie hierdie goue seun van hom vergeet het nie …



# Fanie Nou Onder Wêreld Se Bestes

## — Sê Hy Dank Dicky Broberg Vir Fantastiese S.A. Rekord

(Deur AMANDA BOTHA)

"EK kon die S.A.-rekor[d] alleen oortref omda[t] Dicky Broberg my enduit gejaag het. Eintlik is dit sy wedloop want sonder hom sou ek nie alles kon uithaal nie."

Die man aan die woord is Wes-Transvaalse Springbok Fanie van Zijl wat vir die eerste S.A. rekord op vanjaar se S.A. kampioenskappe gesorg het toe hy in 'n fan-

# Fanie sê nee vir duisende rand

Deur JOHAN VOSLOO

FANIE VAN ZIJL het 'n aanbod met 'n eindelike „omkoopsom" van 100 000 dollar (ongeveer R75 000) om beroepsatleet te word van die hand gewys. Die aanbod is gedoen deur 'n Amerikaanse sindikaat wat homself International Track Association noem.

... het gister aan RAP... sê dat hy per brief ... sekere mnr. Michael ... nader is. In sy brief ... O'Hara dat 'n onder... die lig gebring het dat ... yp' is vir beroepsatle...

...'Hara het reeds met ... die gebiede van be... is, -hokkie en -Ameri... rfbal beweeg. Sy plan ... r om die vyf beste at... ke nommer in die ... nder kontrak te kry. ... het reeds laat blyk ... elangstel. Daar word ... ister dat Kip Keino, ... tson en Bob Wottle be...

### ... 000 dollar

... e die aanbod aanvaar, ... delik 15 000 dollar en ... 00 000 dollar. Volgens ... sal hy ook vir elke ... en die plek wat hy ... etaal word. Die hoof... is Kalifornië.

... l nie belang nie. Dit ... nders as 'n sirkus wees

VAN ZIJL . . . nee vir duisende

8 DIE WAPAD, VRYDAG 24 MAART 1972

# FANIE BEHAAL WÊRELDTYE

**FANIE VAN ZYL se nuwe S.A. rekord van 3:37,9 oor die 1 500 m, wat hy op Saterdag 11 Maart op Potchefstroom opgestel het, is die beste vertoning in Suid-Afrikaanse atletiek sedert Dicky Broberg en Danie Malan se 1:44,7 en 1:45,1 oor die 800 meter verlede jaar op Stellenbosch.**

Die tyd is die derde beste wat op 'n hoogte van meer as 1 259 m. bo seevlak opgestel is. Potchefstroom lê op 'n hoogte van 1 359 m.

Die nuwe rekord is 2,9 sek. vinniger as die van De Villiers Lambrecht se amptelike S.A. rekord van 3:40,8 wat aan die kus opgestel is.

Hoe ver hy gewen het, blyk uit die tye van Ernie Worth en Bernard Rose wat tweede en

Behalwe die 2 000 meter is hy ook die Nasionale houer oor die 1 000 meter (2 min. 21,3 sek), 1 500 meter (3 min. 40 sek.) (wag egter nog op erkenning) en die 3 000 meter (8 min 0,2 sek.). Verder het hy vroeër die seisoen ook met Fiasconaro in die 800 meter afgereken (1:47,9).

Oor die naderende S.A. Kampioenskappe wil Fanie nie veel sê nie en tog het dit geblyk dat hy hom reg maak vir groot dinge en kan ons seker wees dat hy met pragvertonings voor die dag gaan kom.

Fanie van Zyl.

## 1.6.5 HEZEKIËL SEPENG … WÊRELDGEHALTE EN WÊRELDROEM

Nog 'n atleet wie se naam met goue letters in die annale van die PUK se sportgeskiedenis geskryf kan word is die lenige seningrige Hezekiël Sepeng. Saam met mede-atlete soos Marius Corbett en Hestrie Cloete het Sepeng die afgelope klompie jare skittervertonings van wêreldgehalte gelewer; hul verbintenisse met die PUK, hoewel nie altyd en oral pertinent uitgebasuin nie, het tog steeds gunstig op hierdie universiteit gereflekteer, as kweek- en ontwikkelingsplek vir wenners in wêreldklasse.

Nadat hy as skoolseun aan die Potchefstroom High School for Boys reeds die wêreld aan die brand gehardloop het, was Sepeng vir twee jaar, 1994 en 1995, lid van die PUK se atletiekklub. Waar hy ookal deelgeneem het, veral as 800 meteratleet, het hy die skares op hul voete, die wenlint teen sy bors en die rekords in sy sak gehad en boonop die een na die ander toekenning verower. Hy palm Wes-Transvaalse en Suid-Afrikaanse titels in, kry 'n vierde plek in 'n Welwillendheidspele in Rusland, verower 'n tweede plek tydens die Statebondspele in Kanada, verteenwoordig Suid-Afrika in verskeie toetse en neem deel aan die Afrika Spele en tydens wêreldkampioenskappe in Swede.

PUK en Potchefstroom en die breë publiek is trots op Sepeng en oorlaai hom met toekennings: PUK se belowendste sportman, PUK se atleet en sportman van die jaar, NSC se sportman van die jaar, die stadsraad se senior sportman van die jaar, die SAUK se "Victor"- toekenning vir die belowendste junior in Suid-Afrika.

Na sy PUK-dae het Sepeng saam met sy afrigter, JP van der Merwe na Johannesburg verhuis, vanwaar hy verdere roem op atletiekbane dwarsoor die wêreld verwerf het. In die jare 1996 tot 1999 verbeter hy die SA rekord drie keer. Hy verwesenlik ook die hoogste ideaal van enige atleet om twee keer aan die Olimpiese Spele deel te neem: in 1996 te Atlanta, Amerika (2de plek) en in 2000 te Sydney, Australië (4de plek). In 1998 behaal hy 'n 2de plek tydens die Statebondspele te Kuala Lumpur, Maleisië en tydens drie wêreldkampioenskappe in 1997, 1999 en 2001 gee hy goed rekenskap, deur onderskeidelik die semi-finaal te haal en 'n 8ste en 2de plek te verower.

Vanaf 2001 het Sepeng weer onder die vaandel van die Mr Price PUK-Atletiekklub op die baan verskyn en steeds die prestasies ingeryg. Ten tye van die skrywe hiervan was Sepeng 'n moontlike kandidaat vir deelname aan die 2004 Olimpiese Spele in Athene. As hy die span haal, sal alle PUK-duime styf vasgehou word …

# 1.6.6 MARIUS CORBETT ... BOERSEUN MET DIE SPIES


PU-Kaner
Nuusflitse
NUUSBRIEF VAN DIE BOND VAN OUD-PUKKE
JAARGANG 2 3/97
SPESIALE UITGAWE

Marius gooi *goud*

Puk-student verstom sterre met kragtige gooie om eerste wêreld-goud vir Suid-Afrika in die spiesgooi te behaal.

MARIUS CORBETT, die Puk se nuwe wêreldkampioen in spiesgooi.

Die 21-jarige Pukstudent Marius Corbett het wêreldatletiek by die Wêreldbyeenkoms in Athene, Griekeland geskud met 'n wengooi en nuwe Afrika-rekord van 88,40 meter in die spiesgooi.

As jongste deelnemer op die veld het hierdie vierdejaar Menslike Bewegingskundestudent sy vorige persoonlike beste van 83,90 meter met vyf meter verbeter.

Drie van Marius se pogings het oor die 84 meter merk getrek - gooie wat die huidige wêreldrekordhouer, Jan Zelezny van die Tsjeggiese Republiek en ander [illegible] ver buite die prentjie gelaat het. Zelezny het die Olimpiese titel verlede jaar met 'n gooi van 88,16 meter gewen en [illegible] vroeër vanjaar 94,02 meter by 'n skolebyeenkoms op Stellenbosch behaal.

Met sy eerste gooi het Marius 'n bietjie gesukkel met sy aanloop en kon hy net 76,58 meter behaal. Die Rus, Sergey Makarov, was na die eerste rondte die voorloper met 84,65 meter, gevolg deur die Brit, Michael Hill, met 84,48 meter.

Die kompetisie het daarna 'n dramatiese wending geneem met Marius se gooi waarmee hy 1,14 meter verbeter het op Tom Petranoff se Suid-Afrikaanse en Afrika-rekord. Die Griek, Kostas Gatziodis, het met 'n gooi van 86,64 meter opgeskuif tot in die tweede plek. Die Brit, Steve Backley, het met sy laaste poging verbeter tot 86,80 meter, maar dit was net goed genoeg vir die tweede plek met Gatziodis derde.

Marius was verheug oor sy vertoning en het gesê alles het vir hom reg geloop. "My lewe sal nou verander as wêreldkampioen, maar ek wil eers nog verder studeer voordat ek heeltyds aan atletiek deelneem."

Euforie heers op die Pukkampus, aangesien Marius se goue prestasie ook sy Puk-afrigter, Terseus Liebenberg, as van die beste spiesgooi-breiers uitsonder.

Marius, 'n produk van die Marlow Landbouskool in Cradock en inwoner van die manskoshuis Veritas, se atletiekloopbaan sluit verskeie hoogtepunte, soos die Wêreld Junior Kampioen in 1994, in.

Na twee jaar waarin beserings hom gepla het, span hierdie medalje egter die kroon op die man met die goue arm se seges.

*"Marius gooi goud."*

Asof uit die bloute het 'n jong reus tonge wêreldwyd aan die gons gehad toe hy in 1994 die spies so allemintig ver gegooi het dat hy daarmee nie net die eerste plek nie, maar ook die wêreldtitel in dié nommer verower het. En boonop nog met die eer weggestap het dat hy die eerste Suid-Afrikaner was wat, ná die terugkeer tot internasionale atletiek, as wêreldkampioen gekroon kon word.

Marius Corbett – 'n boerseun daar uit Queenstown se omgewing, in die Oos-Kaap.

Reeds op skool 'n baie talentvolle atleet, het Marius op die PUK en onder die bekwame afrigting van daardie kweker van kampioene, Tertius Liebenberg, ten volle gedy.

As junior, maar veral as senior atleet het Corbett oor 'n periode van tien jaar 'n kas vol goue medaljes tydens Suid-Afrikaans kampioenskappe bymekaar gemaak. Nog meer so, in internasionale kompetisies, en pryk etlike prestasies van die hoogste orde in sy atletiek CV:


- 1994: wenner goue medalje op Junior Wêreldkampioenskappe in Lissabon, Portugal;
- 1997: wenner goue medalje tydens Wêreldkampioenskappe in Athene, Griekeland asook goue medalje tydens Wêreld Studentespele in Catania, Italië;
- 1998: wenner goue medalje op Statebondspele in Kuala Lumpur, Maleisië; wenner goue medalje Afrika-kampioenskappe in Dakar, Senegal en vierde in Wêreldbyeenkoms te Johannesburg. In 'n toets tussen Suid-Afrika en Rusland gooi hy ook weer die spies die verste.
- 1999: tydens die Wêreldkampioenskappe in Seville, Spanje, is hy van stryk af en haal nie die eindronde nie, maar vergoed deur die eerste plek tydens die Afrika-Spele in Johannesburg in te palm.
- Oor jare heen het Marius altesaam vyf goue medaljes as senior en drie goues as junior tydens SA Kampioenskappe ingepalm.

Marius het dikwels in sy atletiekloopbaan met beserings gesukkel, wat hom ongetwyfeld van verdere roem ontneem het. Op sy hoogtepunt gedurende die laat-negentigerjare, het hy in 1997 die 6de en in 1998 die 4de plek op die wêreldranglys beklee. Op die lys van die bestes vir alle tye staan Marius Corbett se naam teenoor nommer 11 ingeskryf.

In Oktober 1998 het Marius, as een van vyf persone, 'n Presidentstoekenning in Goue Klas van Staatspresident Nelson Mandela ontvang – die hoogste lof vir 'n Suid-Afrikaanse sportpersoonlikheid.

As skoolseun het Marius ook groot potensiaal in rugby getoon en vir Oostelike Provinsie se skolespan uitgedraf. Hy het in 2001, met sy atletiekloopbaan as gevolg van beserings kortgeknip, weer die spel met die ovaalbal opgeneem en by geleenthede ook vir die Luiperds (vroeër die Mielieboere oftewel Wes-Transvaal) uitgedraf.

*"Die PUK se wêreldkampioen!"*




**Die Puk se wêreldkampioen!**

**Geluk Marius Corbett**

met SA se eerste goue medalje ooit by die Wêreld Atletiekkampioenskap

*Gelukwense van Staatspresident Mandela!*



*President* — OFFICE OF THE PRESIDENT — *Republic of South Africa*

13 August 1997

Attention: Marius Corbett
Hotel Intercontinental
Zurich
Switzerland

Dear Marius,

Now that the pressure of work has eased somewhat, and I am able to reflect on some of our country's achievements, I felt I should drop you a note to say how excited I am about your feat at the World Athletics Championships in Athens.

We all watched with pride as you set out to outdo your own very best and to outstrip the most accomplished of world athletes. The gold that you earned us when the flight of your javelin seemed to continue without end, is a welcome and grand addition to the vaults of our nation's pride, and to the rich stores of our nation's confidence in the future.

With youth like you, South Africa will forever assert her niche in the court of excellence. You have done us proud.

I wish you and your team-mates all the best at the European Grand Prix and in all your future endeavours. The sky is the limit.

My warm greetings and congratulations to the team, your coaches and the South African Athletics Union.

Best regards,

NMandela

Nelson Mandela

# 1.6.7 HESTRIE CLOETE ... "PRINSES VAN COLIGNY"



*Hestrie ontvang 'n trofee van prof. Albert Viljoen, viserektor van die PUK.*

Hierdie skooldogter van Lichtenburg se wêreld, met Coligny haar eintlike heimat, het nie net figuurlik nie, maar ook letterlik groot hoogtes in haar atletiekloopbaan bereik, en al was haar verbintenis met die PUK nou nie juis akademies van aard nie, moet darem genoem word dat haar afrigter, Martin Marx, 'n oud-PUK in murg en been is en kan Hestrie se puik vertonings oor die dwarslat minstens gedeeltelik via Martin vir die PUK-annale opgeteken word. Só kan alle oud-Pukke trots wees op en deel in die uitmuntende prestasies van 'n wonderatleet, by die skryf hiervan die beste ter wêreld.

Reeds as 14-jarige skooldogter het Hestrie Cloete die aandag getrek as 'n talentvolle atleet, deur in 1993 die 800 meter in 2 min 12.8 sek af te draf en 1.75m hoog oor die dwarslat te seil. Hierna het sy op hoogspring gekonsentreer en lees haar verdere loopbaan, statisties gesproke, soos 'n sprokie uit 'n ander wêreld.

Maar statistieke is koue letters en syfers en vertel nie altyd van al die drama en inspanning en deursettingsvermoë wat in die bereiking van prestasies soos hierdie aan die dag gelê is nie.

Soos die aand in 1999, tydens die Goue Liga-byeenkoms in Monaco, toe sy haar hoogste hoogte en die hoogtepunt van haar loopbaan bereik het. Op 1.98m was sy die enigste oorblywende deelnemer. Die lat is toe geskuif na 2.02, vir 'n nuwe SA rekord. Met haar eerste sprong is sy oor, en nou is die hoogte 2.04. Weer seil sy, met haar eerste sprong, sierlik oor die dwarslat! Nog twee sentimeters, vir 'n hoogte van 2.06, was egter op die aand bo vermoë. Maar wat 'n onvergeetlike vertoning!

Hestrie behaal in die loop van 1999 'n paar goeie oorwinning in oorsese kompetisies, maar maak 'n oordeelsfout om eers terug te kom vir 'n kort breek voor die wêreldkampioenskappe in Seville. Soos baie ander Suid-Afrikaners, stel sy teleur deur nie eens die eindronde te haal nie. Maar sy veg terug en beklee aan die einde van die seisoen die eerste plek op die wêreldranglys.

Aan die einde van 2001 was Hestrie die nommer een hoogspringer in die wêreld, maar moes dié posisie vir 'n kort tydjie afstaan aan Bergqvist. Maar sy het teruggeveg en haarself gevestig as mededinger sonder weerga ("competitor par excellence") deur die een na die ander oorwinning te behaal.

Die Wêreldbeker-byeenkoms in Madrid, die laaste en belangrikste byeenkoms van 2002 het Hestrie op haar beste in aksie gesien. Op 1.98m was sy nog in die derde posisie, nadat sy die lat 'n paar keer afgespring het. Met 'n uiterste poging slaag sy haar eerste sprong op 2m, terwyl haar twee mededingers albei meerdere spronge nodig het om dieselfde te doen. Op 2.02 meter is dit weer dieselfde storie - Hestrie oor met nommer een, terwyl haar Russiese opponent en Swede se wondervrou, Kajsa Bergqvist, eers weer die lat laat val voordat hulle sukses het. Nou skuif die dwarslat op na 2.04 – maar hierdie keer is dit te hoog vir sowel Hestrie as haar twee opponente.


En so stap Hestrie, vanweë haar eerste suksesse met die laaste twee hoogtes, met die louere weg!

In 2003 het Hestrie die kroon op haar loopbaan tot dusver gespan deur as die wêreld se beste vroue-atleet gekroon te word. En is haar oog nou gevestig op die verwesenliking van haar grootste droom, naamlik 'n Olimpiese goue medalje te Athene later vanjaar!

*Hestrie Cloete in aksie oor die dwarslat.*


Sportreda
Hestrie 'vlieg' in Londen
BLADSY 4

*Hestrie verwerf roem as beste vroue-atleet ter wêreld, 2003!*


Goue dr
wink vir

Minstens drie Statebondstitels vi
Afrikaanse atletiek sal nogal nie 'n
getuigskrif wees vir 'n sport wat
beserings soos 'n slagveld lyk nie
Hestrie Cloete (hoogspring),
Robberts (gewigstoot) en Frantz
(diskus) is op die oomblik loshand
mer 1's op die lys van deelnemers
Statebondspele in Manchester.
driekuns vir hulle sal SA atletiek
ná die onttrekkings van beseer
atlete soos Llewellyn Herb
wyn Myburgh en Suri
braio (almal 400-h
Jacques Freitag
spring), Hendri
ganyetsi (40
en Drienk
Wyk
stoot).
**Hestr**
**Cloete**
weer
regte
blik
top-
met

naby
trum-materia
(18.17) is va
as 18-jarig
• Die h
baie vert

s by
9.79 sek
(SA 1999)
19.32 sek
(SA 1996)

**SA hoop . . .**
**Sarah Poewe in die borsslag – in haar laaste verskyning vir Suid-Afrika – kan dalk 'n plek op die rostrum kry.**
Foto: TOUCHLINE

ie twee
nans het
net Ooster-
Pakistan –
maar wys ons
nans net so-
eel durf soos
y hul laaste
ans op 'n Spele
die Olimpiese Spe-
e in '96 in Atlanta),
an hulle verras.
**SA rolbal** bring tradisio-
eel 'n klompie medaljes huis
oe vanaf 'n Spele soos hierdie.
Neil Burkett-hulle lyk nie swakker
s hul voorgangers van '98, wat twee
oues ingepalm het, nie.
Willem Putter, bestuurder van ons
wee **stoeiers** Shaun Willemse en Ben-